# DIE
# INTERNE ORGANISASIE
# VAN DIE
# SUID-AFRIKAANSE VERBETERINGSKOOL

'n Verhandeling ingelewer vir die

graad

Magister Educationis

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

deur

I.Z.ENGELBRECHT, B.A., B.Ed.

Potchefstroom.

Desember, 1952.

## 'N PAAR VOORAFGAANDE OPMERKINGS.

Van die vroegste tye af het ons strafstelsel dwarsdeur die wêreld een doel voor oë gehad, nl. die handhawing van wet en orde. Deur die toepassing van verskillende metodes, tegnieke en middele is diegene wat die wet en orde versteur het, gestraf.

Een van die vernaamste strafmetodes was vergelding. Op een of ander wyse moes die dader die onreg vergeld. 'n Ander belangrike metode was afskrikking. Deur die toepassing van die wreedste strawwe moes die dader sowel as die ander persone afgeskrik word. Beide metodes het egter nie die doel van straf verwesenlik nie, en daar is besef dat hervorming nodig is. Veral met die ontwikkeling van wetenskappe soos die Opvoedkunde, Sielkunde, Sosiologie, Ekonomie, Kriminologie en ander aanverwante wetenskappe het dit duidelik geword dat die metodes van strafoplegging en toepassing buite verhouding met die menslike natuur staan.

Dit is nie die doel van straf wat met die hervorming verander is nie, maar die metodes, tegnieke en middele wat toegepas word om die doel te bereik. Die toepassing van hierdie nuwe metodes het teweeggebring dat die hele organisasie van klassifikasie en behandeling verander het. Die misdadiger is volgens oortreding, rypheid, gehardheid, aanpasbaarheid, e.s.m. geklassifiseer; wat behandeling aangaan is dit so opvoedkundig moontlik gemaak. Massa-behandeling moes plek maak vir meer indiwiduele behandeling met die drieledige doel nl. (a) die beskerming van die samelewing, (b) die voorkoming van misdaad en (c) die hervorming van die misdadiger.

Om die verskil tussen staatsdepartemente en departemente van die verbeteringskool duidelik te onderskei het ek eersgenoemde deurgaans met 'n hoofletter geskryf.

---oOo---

Hierdie nuwe metodes van behandeling het meegebring dat die interne organisasie van die verbeteringskool noukeurige beplanning vereis het, want sonder deeglike en effektiewe organisasie sal die beste metodes nie ten uitvoer gebring kan word nie.

Daar moet egter altyd gewaak word teen oororganisasie, dit moet so eenvoudig en doeltreffend as moontlik gehou word, anders kan dit so gekompliseerd raak dat die organisasie desorganisasie teweegbring. Aan die anderkant kan daar soveel aandag aan die organisasie gegee word dat die leerling totaal op die agtergrond raak en die verbeteringskool sy eintlike doel dus verbyloop. My doel met die ondersoek is dan ook om aan die lig te bring hoe die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool georganiseer is om die doel, nl. opvoeding en hervorming van die jeugmisdadiger na te streef.

Die aspek van organisasie is in die behandeling van jeugmisdaad nog altyd net terloops aangeraak en gevolglik kan die buitestander nie maklik 'n begrip kry van wat werklik in ons verbeteringskole plaasvind nie. Baie is nog onder die indruk dat dit min of meer nog op die ou tronkstelsel funksioneer. Om die nodige informasie te bekom het ek die ontstaan en ontwikkeling van die verbeteringskool noukeurig nagegaan deur verskillende jaarverslae van die Direkteur van Gevangenisse, asook diè van die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, te bestudeer. Verder het ek die jaarverslae van die prinsipale van die verskillende verbeteringskole in ons land geraadpleeg, asook Kommissieverslae, proefskrifte en gesaghebbende werke in diè verband.

## INHOUDSOPGAWE.

### AFDELING A.


Strafhervorming, en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool tot 'n Opvoedkundige Inrigting - Bladsy 1 - 39

-

### Hoofstuk I.

Inleiding Bladsy 1 - 5

### Hoofstuk II.

Strafhervorming in die Algemeen Bladsy 6 - 15

-

1. Verskillende Teorieë omtrent misdaad Bladsy 6 - 10
2. Veranderinge wat plaasgevind het Bladsy 10 - 15

### Hoofstuk III.

'n Beknopte oorsig van die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool Bladsy 16 - 39

-

1. Die Ontstaan en Ontwikkeling Bladsy 16 - 29
2. Die Doel Bladsy 29 - 30
3. Die Wese Bladsy 31 - 33
4. Die Plek in ons Opvoedingstelsel Bladsy 33 - 36
5. Die Verbeteringskool en die verskillende ras- en kleurgroepe in Suid-Afrika Bladsy 36 - 39.

### AFDELING B.

Die Interne Organisasie van die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool Bladsy 40 - 186

-

### Hoofstuk IV.

1. Organisasie en die Verskillende Aspekte daarvan Bladsy 40 - 41
2. Die Begrip, „Interne Organisasie" Bladsy 42 - 43
3. Wat die Interne Organisasie behels Bladsy 43 - 46

## Hoofstuk V.

Wie met die Interne Organisasie gemoeid is. Bladsy 47 - 88

1. Inspekteurs van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap. Bladsy 47 - 50
2. Die Raad van Beheer Bladsy 50 - 57
3. Die Prinsipaal en sy Personeel Bladsy 57 - 88


## Hoofstuk VI.

Die Verskillende Departemente van die Verbeteringskool, en hoe hulle beheer en funksioneer en gekoördineer word Bladsy 89 - 152

1. Gronde waarop indeling berus Bladsy 89 - 90
2. Algemene Departemente of Afdelings Bladsy 90 - 91
3. Spesifieke Departemente Bladsy 91 - 94
4. Die Beheer van die Departemente Bladsy 94 - 103
5. Die Funksie van elke Departement en hoe hulle gekoördineer is Bladsy 104 - 152
   - A. Die Toelating-aanpassingsfase Bladsy 104 - 108
   - B. Die Behandelingsfase Bladsy 108 - 141
   - C. Voorbereidingsfase vir Vrylating Bladsy 141 - 148
   - D. Nasorg Bladsy 148 - 150
   - E. Inrigtingskomitees, Afdelingsvergaderings en Stafvergaderings Bladsy 150 - 151
   - F. Nuusbriewe Bladsy 151 - 152


## Hoofstuk VII.

Die Probleem van Vryheid, Weglopery en Leerlingbestuur op die Verbeteringskool Bladsy 153 - 167

1. Vryheid Bladsy 153 - 158
2. Weglopery Bladsy 158 - 162
3. Leerlingbestuur Bladsy 162 - 167

## Hoofstuk VIII.

Die Probleem van Tug op die Verbeteringskool Bladsy 168 - 177

-

1. Wat is Tug? Bladsy 168 - 169
2. Onderskeiding tussen Uitwendige en Inwendige Tug Bladsy 169 - 169
3. Soorte van Tugmiddele Bladsy 169 - 170
4. Tugmiddele in gebruik op die Verbeteringskool Bladsy 171 - 177

## Hoofstuk IX.

Slot Opmerkings Bladsy 178 - 182

-

Verslagkaart van Diepkloof-verbeteringskool Bladsy 183 - 186

Bibliografie Bladsy (i) - (v)

---oOo---

# AFDELING - A.

## STRAFHERVORMING, EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERBETERINGSKOOL TOT 'N OPVOEDKUNDIGE INRIGTING.

## HOOFSTUK I.

### 1. INLEIDING:

Die Suid-Afrikaanse Verbeteringskole is net soos alle ander verbeteringskole in die verskillende lande dwarsdeur die wêreld, inrigtings waar jeugdige misdadigers behandeling ontvang.

Onder behandeling verstaan ons die verskillende en menigvuldige metodes wat toegepas word in die pogings om die jeugdige misdadiger te hervorm, sodat hy in 'n normale persoonlikheid kan ontwikkel wat in staat sal wees om hom by die vereistes van die samelewing te kan aanpas. Hy moet 'n bate vir sy land en volk word i.p.v. 'n las, 'n verlies of selfs 'n gevaar te wees.

Die Verbeteringskool se ontstaan is te danke aan die verandering in die algemene opvatting oor misdaad en die wyse waarop dit behandel of gehanteer is. Hierdie verandering word veral gekenmerk deur die opkoms en bestendiging van wetenskappe soos die psigologie, die sosiologie, die etiek, die kriminologie en die opvoedkunde.

By die bestudering van misdaad en die geskiedenis daarvan is dit dan ook baie duidelik dat die opvattings van die verlede hemelsbreed verskil van die wat ons vandag op die probloem nahou. Verder is dit ook opmerklik dat dwarsdeur die geskiedenis van kriminologie daar geen kerngedagte gehandhaaf is nie. Die begrip, „misdaad," het nie slegs van tyd tot tyd verskil nie, maar ook van gemeenskap tot gemeenskap.

In die middeleeue is uitsluitlik op die dader

gekonsentreer as die persoon wat innerlik verrot en van die duiwel besete was. Die intensiteit van die straf is op so 'n wyse in verhouding met die misdaad gebring, dat dit die voordele wat die misdadiger uit die misdaad behaal het, ver moes oortref. Die doel was om die misdadiger sowel as sy medemens af te skrik. Dit was deur-en-deur 'n saak van afskrikking en vergelding. Elkeen wat 'n misdaad begaan het, is deeglik gestraf, afgesien van faktore soos die psigiese toestand, geestelike rypheid, fisiese ontwikkeling of enige ander toestande en omstandighede wat die persoonlikheid kon beinvloed. Almal is volgens vaste formules gestraf. (1)

Afgesien van die besonder swaar strawwe wat vir die geringste misdaad opgelê is, is soms selfs die onskuldigste gedrag as misdadig bestempel. C.F.Albertyn beweer bv. die volgende: „In 1833 is 'n seuntjie van 9 jaar ter dood veroordeel, omdat hy 'n bietjie verf ter waarde van 2d. gesteel het. Die vonnis is nie voltrek nie, maar die beginsel is dieselfde. 'n Ander seuntjie is ter dood veroordeel omdat hy 'n pakhuis aan die brand gesteek het. Nie 'n geslag gelede nie, is 'n meisie na die gevangenis gestuur omdat sy 'n kinderwaentjie op die voetpaadjie van 'n Londense straat gestoot het. In 1797 is Magareth Catchpole, 'n jong meisie in Londen, tot die dood veroordeel, omdat sy haar baas se perd gesteel het om binne 8½ uur van Ipswich na Londen te ry, om haar geliefde te ontmoet. Alleen deur die tussenkoms van die baas is

---

(1) W.G. le Roux - „Die Persoonlike Benadering in die Bestudering van Misdaad." - Artikel in „Werk" - Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Vakskoolvereniging - Sept. 1951 - p.12.

die vonnis nie voltrek nie." (ii)

Selfs in ons sonnige Suid-Afrika was toestande gedurende die 17e eeu nie veel beter nie. Jan van Riebeeck wat die volksplanting aan die Kaap begin het, het sy onderdane met die swaarste strawwe en strengste wette beheer. So is bv. die vier persone wat van die Fort gedros het, besonder swaar gestraf, nadat hulle, „op hoop on barmhartigheid on genade in Gods naam," teruggekeer het. „Hulle word veroordeel om twee jaar, aen de gemene en vuile werken te arbeiden; maar Jan Blancq wat tevore reeds ‚over stoute moedwilligheid' 'n pak slae opgeloop het, kry boonop 150 slae en word gekielhaal - 'n straf wat die sewentiendeeeuse matroos dikwels die lewe gekos het." (iii)

Hierdie gebeurtenis het Jan van Riebeeck, die tug wat juis so besonder streng was, nog strenger laat maak en toepas. Persone wat nie Sondae die godsdiens-oefeninge bygewoon het nie is selfs gestraf. As 'n persoon die eerste keer in gebreke gebly het om die verrigtinge by te woon, het hy 'n week sy wynrantsoen verbeur. 'n Tweede oortreding het hom sy wynrantsoen asook sy maand se loon gekos. 'n Derde oortreding het meegebring dat hy 'n jaar se loon verbeur het en is dan ook nog boonop vir dieselfde tydperk in kettings gesit om vuil of „gemeene wercken," te doen. (iv)

---

(ii) Dr. C.F. Albertyn - Jeugmisdaad : 'n Sosiologiese Studie met Spesiale Ondersoek na die Verskynsel in die Skiereiland - Proefskrif vir die graad Ph. D. - toegereken Junie 1935 deur die Universiteit van Stellenbosch. Nas. Pers, Bpk., Kaapstad 1938 - p.91.

(iii) Drie Eeue - Deel I : Die verhaal van ons Vaderland. Saamgestel deur drs. A.J. Boeseken, D.W. Kruger en A.Kieser - Nas. Boekhandel, Kaapstad 1952 - p. 26.

(iv) Ibid - p. 26 - 27.

Omstreeks 1705 het die Goewerneur, Willem Adriaan van der Stel, 'n oud-burgerraad, Jan Rotterdam na Batavia verban omdat hy nie vir hom in die kerk wou opstaan nie. (v) Dieselfde Goewerneur het selfs so ver gegaan om 'n sewentigjarige Hugenoot, Jacob van Savoye, onder in die „donkergat," die onderaardse gevangenis in die Kasteel, (natuurlik ook die eerste tronk in S.A.) te laat opsluit.

Die destydse sekunde, Elsevier, het selfs die voorstel aan Willem van der Stel gemaak om twee van sy teenstanders, nl. Adam Tas en Van der Heiden, se regterhande te laat afkap en hulle dáarna te laat ophang. (vi)

'n Soortgelyke vonnis is in werklikheid op 12 November 1739 op 'n rebel Estienne Barbier, voltrek. Hy is egter nie opgehang nie, maar onthoof. (vii)

Hierdie paar insidente in ons eie geskiedenis gee ons 'n idee van die moontlike oortredings, asook watter soort van straf opgelê is.

Behalwe dat die strawwe onredelik en buite verhouding met die oortreder se persoon, karakter en selfs die oortreding gestaan het, was die gevangenisse dwarsdeur die wêreld eenvoudig in die allertreurigste toestande. L.W.Fox sê bv. die volgende van die gevangenisse in Engeland: „It is unnecessary to dwell into detail on the conditions which existed throughout the eighteenth century, and often well into the nineteenth, in the reeking bestiality of these filthy dens, where felons and debtors, convicted and untried, young

---

(v) Drie Eeue - Deel I : Die verhaal van ons Vaderland. Saamgestel deur drs. A.J. Boëseken, D.W. Kruger en A. Kieser - Nas. Boekhandel, Kaapstad 1952 - p.138 - 139.

(vi) Ibid. - p.144.

(vii) Ibid - p.159.

and old, with no distinction of age, condition, or sex than they could afford to from the gaoler were together, chained, starving, and half naked, in the most pestilential conditions of disease, debauchery, lechery, brutality, and extortion. One can only wonder how any at all resisted the gaol-fever by which one quarter of the prisoners, it was computed, annually swept away." (viii)

Die toestande het baie stadig verbeter, want selfs nog in 1889 is seuntjies in Chicago saam met volwassenes opgesluit en na die John Worthy-skool gestuur om teen 50 cent per dag vir boetes te werk. Gesamentlike opsluiting van jeugdige en volwasse misdadigers het in Holland in 1905, in Engeland in 1908 en in Suid-Afrika in 1913 nog voorgekom. (ix)

-

---

(viii) Fox, L.W. - The Modern English Prison. London George Routledge & Sons. Ltd., - 1934. P. 14.

(ix) Dr. C.F. Albertyn - Jeugmisdaad - p.91.

# HOOFSTUK II

## STRAFHERVORMING IN DIE ALGEMEEN.

### 1. VERSKILLENDE TEORIEË OMTRENT MISDAAD.

A. Ekologiese Skool: Die eerste wetenskaplike benadering van die misdadiger het ongeveer teen 1830 'n aanvang geneem, toe die indiwidu as studie-eenheid moes plek maak vir die breëre sosiale milieu waarin die misdaad begaan is. Dit is besef dat sekere maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande tot die probleem bygedra het, m.a.w. misdaad is nou as 'n algemene sosiale verskynsel bestudeer. Dit was meer die omstandighede waarin en waaronder die indiwidu moes lewe, as die inherente swakheid of boosheid wat in die indiwidu was, wat vir misdaad verantwoordelik was. Dit het meegebring dat die probleem nie in verhouding tot die dader bestudeer is nie, maar as 'n algemeen ekonomies-geografiese verskynsel. Hierdie skool staan dan ook bekend as die geografiese of kartografiese skool, of soos nou bekend, die ekologiese skool. (x)

B. Antropologiese Skool: Omstreeks 1850 het die Italianer Lombroso op die voorgrond getree en deur sy wetenskaplike studies bewys dat daar groot verskille tussen sekere misdadigertipes en die normale mens is. Hierdie ontdekking het gelei tot sy teorie van atavisme, nl. dat die misdadigheid van elke persoon 'n herverskyning van sy primitiewe eienskappe is wat sy voorouers, of selfs die aap-mens, gehad het. Sy teorie was dus gegrond op die ewolusie-teorie wat in

---

(x) W.G. le Roux - "Die Persoonlike Benadering in die Bestudering van Misdaad," -"Werk"- p.12.

sigself 'n valse teorie is. Later het hy dan ook ontdek dat baie van die abnormaliteite wat by misdadigers aanwesig is glad nie by die aap-mens of barbaar ontdek kan word nie. Dit het meegebring dat hy sy teorie van atavisme gedeeltelik verwerp het vir sy teorie van degenerasie. Die misdadiger is dan volgens hom gebore, m.a.w. dit is 'n saak van oorerwing.

Lombroso het dus die nadruk verskuiwe van misdaad as 'n algemene verskynsel na misdaad as 'n indiwiduele verskynsel.

Soos ons weet, word Lombroso se teorie lankal nie meer aanvaar nie, maar tog het dit die voordeel gehad dat hy die aandag op die misdadiger as 'n entiteit apart van die misdaad gevestig het.

'n Volgeling van Lombroso, nl. Enrico Ferri, het weer nadruk gelê op die oorsake van misdadigheid in die omgewing van die misdadiger. Verder het hy baie noukeurig op die behandeling van die misdadiger ingegaan. Hy het die probleem dus sosiologies-sielkundig benader, wat aanleiding daartoe gegee het dat verskillende persone wat die verskynsel benader het, tot die slotsom geraak het, dat die een misdadiger verskillend van 'n ander behandel moet word. Hy het dan ook die misdadigers in verskillende tipes geklassifiseer, nl. in kriminele kranksinniges, gebore misdadigers, misdadigers deur aangekweekte gewoontes, okkasionele misdadigers en misdadigers van passie.

Ferri was egter nog nie baie simpatiek teenoor die misdadiger nie, sy doel met die strafstelsel was hoofsaaklik om die samelewing te beskerm.

C. Sosiologiese en Biologiese Skole: Hoewel daar reeds baie vroeg die skerpste kritiek teenoor die teorieë van Cesare Lombroso en sy twee volgelinge, Enrico Ferri en Raffaele Garofalo, uitgespreek is, het hulle teorieë en leerstellings belangstelling in verskeie lande gaande gemaak. Onder leiding van Lacassagne en G. Tarde het in Frankryk die Sosiologiese Skool van Penologie, en in Duitsland onder leiding van Nöcke, Baer en Aschaffenburg, die Biologiese Skool ontstaan. Laasgenoemde skool was 'n teenhanger van die Italiaanse of Antropologiese Skool van Lombroso en sy volgelinge.

D. Psigologiese Skool: As gevolg van Binet se ondersoeke in verband met intelligensie en die meting daarvan, het die sogenoemde Psigologiese Skool tot stand gekom.

E. Hoe die Teorieë omtrent Straf gewysig is:

Die verskillende skole dui daarop dat die indiwidu wat die misdaad gepleeg het al meer-en-meer wyer belangstelling begin geniet het as die misdaad self. Gepaard hiermee word die oorsaak van misdaad ook in die wantoestande in die samelewing self gesoek; m.a.w. die studie van misdaad het nie net die indiwidu as sodanig beklemtoon nie, maar die indiwidu in sy sosiale verband. Die algemene beskouing oor misdaad en die misdadiger het meer humaan geword. Dit het vanselfsprekend meegebring dat die teorieë omtrent straf gewysig is. Die vergeldingsteorie, nl. „'n oog om 'n oog en 'n tand om 'n tand," moes plek maak vir die herstellingsteorie. Die misdadiger moes vergoed

ooreenkomstig die skade wat hy berokken het; die straf moet in verhouding met die misdaad wees. Hy is nou nie meer so maklik met die bloedwraak, soos duidelik in die Ou Testamentiese verhale weergegee, gestraf nie. Bloedwraak het egter nog gevolg indien die oortreder in gebreke bly om die vergoeding te betaal.

Later, gedurende die 16$^{e}$, 17$^{e}$ en die helfte van die 18$^{e}$ eeu, was strafoplegging uitsluitlik op afskrikking gemik. Dit het 'n tweeledige doel gehad, nl. om die dader sowel as die ander persone af te skrik.

Die herstellingsteorie het gelei tot die oprigting van gevangenisse waarin die misdadiger kon aangehou word. Hierdie gevangenisse was natuurlik niks anders as martelplekke wat bestaan het uit putte, kelders, donkergate, ens. nie.

F. <u>Die idee van Hervorming</u>:

Uit hierdie haglike toestande is egter die idee omtrent hervorming gebore, 'n idee wat reeds baie sterk in die Nuwe Testament beklemtoon word.

Rousseau se beskouing, nl. dat die mens goed gebore is, en dat hervorming nodig is om hom van die slegte invloed van die samelewing te laat herstel, het baie daartoe bygedra dat die idee van hervorming, veral gedurende die 18$^{e}$ eeu wat byna oorwegend naturalisties was, sterk begin pos vat het.

Gesteun deur verskillende lewens- en wêreld-beskouinge, speel hervorming 'n belangrike rol in ons moderne strafstelsel.

Die idee van hervorming het veral 'n groot invloed op ons strafmetodes uitgeoefen. Die doel is vandag om die gevangene te hervorm en nie om hom te straf nie.

Met hervorming as doel het ons ook besef dat ons moet afsien van straf en afskrikking, want nie een van die twee is met hervorming te versoen nie. Baie treffend en juis wys die volgende aanhaling van Brockway daarop: "A moment's thought shows the stupidity of the attempt to combine punishment, deterrence, and reform. 'If you are to punish a man retributively, you must,' Mr. Bernard Shaw points out, 'injure him. If you are to reform him, you must improve him. And men are not improved by injuries." (xi) Verder wys hy daarop dat ons slegs twee faktore in elke geval in aanmerking behoort te neem, nl. wat is die beste vir die betrokke indiwidu en vir die samelewing. (xii)

2. VERANDERINGE WAT PLAASGEVIND HET.

Hervorming het nie slegs 'n verandering in die metode van benadering van die probleem meegebring nie, maar ook 'n omwenteling in die hele wese van die gevangenisstelsel, insluitende die howe.

Sover dit die howe betref, is die regstelsel sowel as die prosedure gewysig. Daar is ook selfs verskil gemaak tussen die howe wat vir die verhoor van volwassenes gebruik is, en die wat vir kinders en jeugdiges gebruik moet word.

Die nuwe metodes van behandeling het meegebring dat doeltreffender, meer higiëniese en beter toegeruste geboue nodig geword het. Verder is die tronke voorsien

---

(xi) A.F. Brockway - A New Way with Crime - Whitefriars Press, Ltd., London & Tonbridge 1928 - p. 22.

(xii) Ibid - p. 23.

van ambagswinkels, ontspanningslokale, leeskamers, e.d.m. Ook is meer doeltreffende middele en apparate in gebruik gebring, en van meer opgeleide en onderlegde personeel is gebruik gemaak.

Die allerbelangrikste verandering is dat die volwasse- en jeugmisdadiger geskei is, en dat daar ook 'n verskil in behandeling, sover dit die verskillende grade van misdadigers betref, gemaak is. Die eerste-oortreder word bv. geskei van die gewoonte- of geharde misdadiger.

Al hierdie veranderings het baie tydsaam plaasgevind, want in die eerste plek moes die nuwe idees aan die praktiese toepassing daarvan getoets word, en tweedens het hierdie veranderinge onmiddellike finansiële uitgawes geverg wat aansienlike bedrae beloop het. Dit is dan ook grotendeels om laasgenoemde rede dat daar vandag nog in verskillende lande sulke ondoeltreffende geboue, primitiewe leermiddels en ontoereikende uitrusting aangetref word, wat die uitvoering van opvoedkundige doelstellinge baie dwarsboom.

Nie slegs het die gevangenisstelsel verbeter nie, maar uit die gevangenis het verskillende inrigtings ontstaan vir die behandeling van jeugdige misdadigers en verwaarloosde kinders. Om maar 'n paar van die belangrikstes te noem: verbeteringskole, staats-nywerheidskole, gesertifiseerde inrigtings, ens. Graag wil ons egter meld dat hierdie inrigtings meestal hulle ontstaan te danke gehad het aan die inisiatief en ondernemingsgees van privaat persone of organisasies, en dan eers later deur die staat oorgeneem is. Hulle was dus in die werklike sin van die woord meer teenhangers

van die tronkstelsel as wat hulle daaruit voortgespruit het. Aan die ander kant egter, het die gevangenisse die motief tot hulle ontstaan daargestel, en daarom het ons die reg om te beweer dat hulle uit die gevangenisse voorgespruit het.

Selfs so vroeg soos 1704 het Biskop Clement XI 'n lokaal in die St. Michael-hospitaal afgesonder as 'n verbeteringsinrigting vir 50 jeugdige oortreders. Op die deur van die inrigting het hy met die volgende woorde die doel daarvan te kenne gegee; "Vir die verbetering en onderrigting van losbandige jeug, wat in hulle ledigheid skadelik was, en met onderwys tot nut van die staat mag word." (xiii)

In 1813 het Johannes Falk te Weimar 'n inrigting opgerig wat in die ambagsopleiding van bandiete moes voorsien. Dit het aanleiding gegee tot die oprigting van soortgelyke inrigtings in ander Duitse stede.

In Engeland is in 1788 'n plaas in Redhill afgesonder vir die behuising en versorging van kinders van bandiete. (xiv) In 1837 is te Parkhurst 'n tronk opgerig waar oortreders onder die ouderdom van 18 jaar behandel is. Hulle is opgelei in landbou en daar is selfs ook voorsiening vir ambagsopleiding gemaak. Op sekere dae het hulle ook skoolonderrig ontvang. (xv)

In 1854 is die wet op verbeteringskole, wat op Engeland sowel as op Skotland, van toepassing was, op aandrang van Lord Palmerston gepasseer.

In 1901 is 'n wet genaamd die "Youthful Offenders Act," gepasseer, wat ingesluit is in die Kinderwet van

---

(xiii) J.A. Grobler - Juvenile Delinquency in South Africa - p. 178.

(xiv) Ibid - p. 78 - 79.

(xv) Ibid - p. 79.

1908, wat o.a. bepaal het dat geen kind onder 14 jaar na 'n gevangenis gestuur mag word nie, en dat kinders tussen 14 en 16 jaar slegs na 'n gevangenis gestuur kan word indien hulle so onbeheerbaar geraak het dat hulle met ander behandeling nie in toom gehou kan word nie. Hierdie wet het ook die oprigting van die Kinderhof behels.

Die „Prevention of Crimes Act" van 1908 het betrekking op die Borstalstelsel, wat met gevangesetting ten doel gehad het die hervorming en opvoeding van die jeugdige misdadiger, en nie hoe hy gestraf moet word nie. Op hierdie wetgewing is verder verbeter deur die „Children and Young Persons Act" van 1933. (xvi)

In Amerika is die eerste aparte inrigting vir jeugdige misdadigers eers in 1825 deur die „Society of Friends," opgerig. Hierdie inrigting het eers ses jaar later 'n staatsinrigting geword. Verskeie soortgelyke inrigtings het hierop gevolg, maar die toestande in die inrigtings was betreurenswaardig. Hulle was alles behalwe opvoedkundig.

Die eerste stappe tot verbetering is geneem na in 1868 'n wet in Massachusetts gepasseer is wat bepaal het dat die besoekende beampte alles in sy vermoë moes doen om die welsyn van die jeugdige oortreder in die inrigting te bevorder.

In 1899 is die eerste Kinderhof in Chicago opgerig, en teen 1920 was daar in al die state behalwe drie dergelike howe. (xvii)

Vandag is daar verskeie organisasies en inrigtings

---

(xvi) J.A. Grobler - Juvenile Delinquency in South Africa - p. 80 - 81.

(xvii) Ibid p. 81 - 82.

om jeugmisdaad te voorkom en te behandel. In sekere state word selfs die gewone skool tot die uiterste toe ingespan - ons dink hier veral aan die Possaic-kinderburo soos beskryf deur Kvaraceus in sy boek, „Juvenile Delinquency and the School." Hostels en verbeteringskole of „training school," en „Approved schools," soos die verbeteringskole in Amerika en Engeland genoem word, is op verskeie plekke opgerig. Ook is die verbeteringskole van goedopgeleide opvoedkundiges voorsien wat die hele probleem uit 'n psigiese, sosiologiese en opvoedkundige oogpunt benader. Daar is verder gesorg vir 'n deeglike koördinasie tussen die ouers, die polisie, die hof, die inrigting, die volkswelsynbeampte en die nasorgbeampte; wat beteken dat die jeugdige misdadiger op byna alle stadia die nodige hulp ontvang om sy heraanpassing te vergemaklik.

Van die meganiese gevangenisstelsel wat so duidelik in die volgende woorde van Brockway weergegee word, is afgesien: „The supreme stupidity of the Prison System lies in the fact that it takes criminals of every type and treats them in the same way. It matters not whether a man is a thief, a drunkard, a child assaulter, a political offender, a debtor, a forger, a bigamist or is guilty of manslaughter. In all essentials they are dealt with alike; they are locked up in their cells for sixteen hours a day, make to fullfil a regulation labour task, and denied social intercourse. The Governor and his staff are not in charge of a human institution. They are in charge of a machine." (xviii)

In die plek van die meganiese groepsbehandeling is indiwiduele opvoedkundige behandeling gestel, waarby

---

(xviii) A.F. Brockway - A New Way with Crime - Whitefriars Press, Ltd., London & Tonbridge 1928 - p.113.

die hoofvereiste klassifikasie is. Die jeugdige misdadiger word nie slegs van die volwassene geskei nie, maar beide groepe word in verskillende tipes onderverdeel en dienooreenkomstig in afsonderlike inrigtings behandel, waar op die verskeie aspekte van elke indiwiduele probleem ingegaan word.

Hierdie veranderinge wat in die benadering en behandeling van die probleem ingetree het, het meegebring dat die eenvoudige metodes en organisasie van die ou gevangenisstelsel vervang is deur opvoedkundige metodes, met 'n organisasie meer omvattend, koördinerend, korrelatief, dinamies, en gevolglik meer ingewikkeld.

## HOOFSTUK. III.

## 'N BEKNOPTE OORSIG VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERBETERINGSKOOL.

### 1. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERBETERINGSKOOL:

Net soos in Europa en Amerika is in Suid-Afrika tot selfs aan die einde van die 19$^{e}$ eeu gepoog om misdaad deur vergelding, onderdrukking en afskrikking te bekamp. Met verskillende onbeskaafde en barbaarse naturelle-stamme om en tussen hulle, wat van roof en plunder gelewe het, en wat die witman en sy beskawing nie begryp het nie, het die blanke Suid-Afrikaner 'n baie ingewikkelder en ernstiger misdaad-probleem gehad om op te los as enige van die Westerse lande.

In die vroegste jare was die probleem nie slegs dat daar nie aparte inrigtings vir die twee geslagte was nie, maar daar was ook nie aparte inrigtings vir die verskillende kleure en rasse nie. Blank en nie-blank is in dieselfde gevangenisse aangehou.

Verder is daar ook geen verskil tussen volwassenes en jeugdiges gemaak nie. In sy proefskrif skrywe J.A. Grobler die volgende: „Juvenile offenders were convicted as in other countries, on the same principle and to the same gaols as adult offenders." (xix)

Sover vasgestel kan word, het die owerheid geensins gepoog om enige veranderinge in die toestand teweeg te bring nie. Eers nadat William Porter, 'n oud-prokureur-generaal van die Kaapprovinsie, 'n nalatenskap van £20,000 vir die oprigting van 'n verbeteringsgestig vir jeugdige misdadigers daargestel het, is in die rigting begin dink.

---

(xix) J.A. Grobler - Juvenile Delinquency in South Africa - A thesis for the Degree of Ph.D - submitted to the University of Cape Town - 23.10.1941 - p. 82.

William Porter het 'n grondige kennis van gevangenistoestande gehad en hy het dit betreur dat daar nie 'n afsonderlike plek vir die behandeling van jeugdige misdadigers was nie. Hy het dit baie deeglik besef dat die jeugdige misdadiger, saam met die geharde volwasse misdadiger in dieselfde gevangenis, aan allerhande demoraliserende invloede blootgestel is.

Die owerheid het die saak gunstig oorweeg en op 11 September 1879 is die „Reformatory Institution Act," gepromulgeer. Na 'n verdere ondersoek deur 'n kommissie het die destydse goewerneur aan die Kaap, Hercules Robinson, 'n proklamasie uitgevaardig dat 'n verbeteringsgestig te Valkenburg opgerig moet word, en terselfdertyd is 'n Raad van Beheer saamgestel om die inrigting te bestuur.

Dit is ook interessant om te verneem dat daar selfs pogings aangewend is om die leerlinge in die verbeteringsgestig in sekere ambagte op te lei.

Die inrigting te Valkenburg is egter nie baie lank vir 'n verbeteringsgestig gebruik nie. Na herhaalde vertoë deur 'n sekere mnr Roper, Inspekteur van Gevangenisse, het die owerheid besluit om die geboue te gebruik vir 'n kranksinnige gestig, aangesien die huisvesting van kranksinniges in 'n gevangenis, wat tot dusver die gebruik was, as uiters onwenslik beskou is.

Nieteenstaande hewige teenstand van die Raad van Beheer is die verbeteringsgestig na Tokai verskuif. Dit het meegebring dat die Raad van Beheer se funksies beëindig is, en die inrigting is onder volkome staatsbeheer geplaas. Die owerheid het nou lewende belang in hierdie nuwe proefneming gestel. Daar is selfs 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel hoe sake vorder.

Daar moet egter pertinent op gewys word, dat die metode van behandeling nie verskil het van die in die tronke nie. Die idee van hervorming was nog met die grootste skeptisisme bejeen; straf was nog die hoofdoel. Dr. Grobler wys dan ook duidelik daarop watter standpunt die destydse gevangenisowerheid gehandhaaf het. „The Annual Report of Prisons and Convicts for 1898 demanded that, ‚the attention of magistrates be drawn to the fact that the Reformatory, as it is constituted now, is a penal institution, and that no boy ought to be sent there on a first conviction or because he is destitute.'" (xx)

'n Jaar later wys die gevangenisowerheid egter daarop dat die verbeteringsgestig prakties heeltemal verskil van 'n strafinrigting. (xxi)

Dit is 'n bewys dat die idee van hervorming al meer die aandag begin geniet het. Buitelandse invloed het natuurlik baie hiertoe bygedra, want gedurende 1902 is die Borstalstelsel in Engeland in werking gestel, waarvolgens die jeugdige misdadiger vir praktiese doeleindes van die volwasse misdadiger moes afgesonder word.

Die totstandkoming van verbeteringsgestigte in Suid-Afrika het egter baie langsaam plaasgevind. Tot die einde van die 19e eeu was Tokai nog die enigste inrigting van dié soort, en dit het slegs voorsiening gemaak vir blanke en gekleurde misdadigerseuns onder die ouderdom van 16 jaar.

Gedurende 1903 het die Transvaal, Oranje-Vrystaat en Rhodesië aansoek gedoen om jeugdige misdadigers na

---

(xx) J.A. Grobler - Juvenile Delinquency in South Africa - A thesis for the Degree of Ph. D. - submitted to the University of Cape Town - 23.10.1941 - p. 88

(xxi) Ibid - p. 88.

Tokai te stuur tot tyd en wyl hulle soortgelyke inrigtings opgerig het. Hulle is die vergunning toegestaan vir verskillende tydperke, nl., Transvaal tot die einde van 1904, die Vrystaat tot die einde van 1907 en Rhodesië vir 'n onbepaalde tydperk. (Miskien een van die redes waarom Rhodesië vandag nog nie 'n verbeteringskool het nie).

Omstandighede het Transvaal egter gedwing om self voorsiening te maak vir die behandeling van sy jeugmisdadigers. Uitlanders het na die goudvelde gestroom, met die gevolg dat ongewenste invloede ook nie uitgebly het nie. Ook het die sosio-ekonomiese struktuur so verander dat misdaad ernstige afmetings begin aanneem het.

In 1906 word daar deur Ordonnasie 6, die Ordonnansie op Gevangenisse en Verbeteringsgestigte, voorsiening gemaak vir die oprigting van verbeteringskole. Kort hierna is die eerste verbeteringsgestig te Emmesdal, dist. Heidelberg, Transvaal opgerig. Hierdie verbeteringsgestig was uitsluitlik net vir blanke jeugdige misdadigers bedoel. Die nie-blankes is na Diepkloof-tronk gestuur.

In die Vrystaat en Natal is daar voor 1910 (Unifikasie) geen verbeteringsgestigte opgerig nie. In die Vrystaat was dit nie hoognodig nie, en in Natal het die owerheid so gesloer dat die onskepping van Fort Durnford te Estcourt, met unifikasie nog nie deurgevoer was nie.

Kort na unifikasie, 31 Mei 1910, is Wet No. 13 van 1911, die sogenaamde wet op gevangenisse en verbeteringsgestigte, gepasseer. Die gevangenisse sowel as die verbeteringsgestigte het onder die Departement van Justisie geressorteer. Die verbeteringsgestig was 'n onderafdeling van die gevangenis.

Wat ons veral tref, is dat daar in Artikel 3 van die wet voorsiening gemaak word vir die oprigting van soveel verskillende inrigtings. Dit is natuurlik 'n bewys dat die owerheid besef het dat daar verskillende metodes van behandeling toegepas moet word, en dat klassifikasie dan noodsaaklik is. Die volgende was die inrigtings wat onder die wetsbepaling opgerig kon word:

(i) verbeteringsgestigte tot redding en verbetering van jeugdige persone wat reeds deur een of ander oortreding veroordeel is;

(ii) verbeteringsgestigte tot die redding van jong volwassenes wat reeds veroordeel is.

'n Jeugdige is volgens Wet 13 van 1911, (a) iemand wat by veroordeling vir enige misdaad onder die ouderdom van 16 jaar is, en (b) iemand wat by die veroordeling van enige misdaad onder die ouderdom van 18 jaar is, en wie se aanhouding in 'n verbeteringskool uitdruklik deur die Minister bepaal is. As die Minister dit nie bepaal nie, kan so 'n persoon dus na 'n tronk gestuur word, wat natuurlik ook baie duidelik uitkom onder die bepaling van 'n jong volwassene.

'n Jong volwassene (juvenile adult) is (a) iemand wat by veroordeling vir een of ander oortreding tussen die ouderdom van 16 en 21 jaar is; en wat na 'n verbeteringsgestig of tronk verwys word; en (b) iemand wat by veroordeling vir enige misdaad tussen 21 en 25 jaar is, en wie se klassifikasie as 'n jong volwassene deur die Direkteur as sodanig bepaal is.

Verder is dit interessant om te weet dat benewens die bepalings, soos uiteengesit in Hoofstuk VII van Wet No. 13 van 1911, i.v.m. die oprigting van verbeteringsgestigte vir jong volwassenes, daar ook

voorsiening gemaak is om 'n deel van 'n tronk of van 'n verbeteringsgestig vir jeugdiges vir die doel te gebruik.

Ander inrigtings wat ook nog volgens die bepaling opgerig kon word, is (i) wegkampe. (Road Camps). Hierdie kampe was bestem, „om personen, die wegens kleine overtredingen tot gevangenis veroordeeld zyn, tegen verslechting door omgang met verharde misdadigers te vrijwaren." (xxii) (ii) plaaslike tronke, (iii) bandiettronke, (iv) kroniese sieke- of hospitaal-tronke, (v) tronke vir die behandeling van gewoonte-misdadigers en (vi) „inrichtengen, genaamd boerdery-kolonies, werkkolonies, toevluchten of reddingshuizen, bestemd om bandieten de overgang van de strenge gevangenistucht naar volkomen vrijheid by hun ontslag gemakkelik te maken of om landlopers tot arbeid te dwingen, of om behandeling en tucht te verzekeren zonder behulp van de gevangenis." (xxiii)

Daar is dus nie net aan die behandeling en klassifikasie gedink nie maar ook aan die heraanpassing en behandeling sonder hulp van 'n gevangenis. Die uitgangspunt het dus al meer-en-meer opvoedkundig geword en al minder vergeldend en strafbepalend. Hierdie wet het dan ook alle vorige wetsbepalinge in die vier provinsies, wat oor jeugdige oortreders gehandel het, vervang.

Soos duidelik uit die voorafgaande blyk, was daar met unifikasie net twee verbeteringsgestigte, nl. die Porter-verbeteringsgestig met 'n leerlingtal van 135,

---

(xxii) Wet No. 13 van 1911 - Hoofstuk 1 - Artikel 3(2)(d) - p.219. Hersiene Wette van Die Unie van Suid-Afrika. Deel I 1910-1912. Uitgegee op las van die Departement van Justisie met medewerking van: A. Hertzog, R. Reitz, A. Landsdown en A. MacIntosh.

(xxiii) Wet No. 13 van 1911 - Art. 3(2)(i) - Hoofstuk I - p.240

13 blanke en 122 gekleurde jeugdiges, en Emmasdal met 49 blanke jeugdiges. Hulle was almal manlik. Vir vroulike jeugdiges, en jong volwassenes van alle rasse was daar tot dusver nog geen aparte voorsiening gemaak nie, en selfs ook nie vir naturelle jeugdige of jong volwasse misdadigers nie.

Dit sou blyk dat daar geen wet was wat bepaal het dat blankes en kleurlinge afgesonder moes wees nie, want art. 52, Wet No. 13 van 1911 bepaal in sub-artikel (2) dat, „in ieder verbetergesticht zullen blanken van kleurlingen worden afgezonderd en zover doenlik mannen van vrouwen." (xxiv)

Omdat jeugmisdaad onder die vroulike geslag so seldsaam voorgekom het, was dit altyd moeilik om afsonderlike akkommodasie te verskaf en gevolglik is daar altyd by die vroue-afdeling van die tronk, wanneer nodig, afsonderlik 'n plek ingeruim. Gedurende 1914 is egter besluit om 'n verbeteringsgestig vir meisies, jeugdiges en jong volwassenes, te Fort Durnford, Estcourt op te rig. Hierdie gestig was vir blankes sowel as gekleurdes. Weens ongunstige omstandighede is die verbeteringsgestig te Estcourt gesluit en op 9.5.1927 oorgeplaas na Eshowe, Natal.

Die Departement van Unie-Onderwys het na die oorname van verbeteringsgestigte in 1935, besluit om die blanke leerlinge wat saam met gekleurdes in Eshowe gehuisves was, almal na gesertifiseerde hostels oor te plaas. Dit het egter baie gou geblyk dat hulle ander metodes van behandeling en beheer nodig gehad het, om in toom gehou te kan word. Die gevolg was dat die Luckhoff-inrigting te Durbanville, wat oorspronklik vir geestelik-abnormale meisies gebruik was, in 'n

---

(xxiv) Wet No. 13 van 1911 - Art. 52(2) - p.277. (Hoofstuk 7) Hersiene Wette van Die Unie van Suid-Afrika. Deel I 1910-1912.

verbeteringsgestig vir meisies verander is.

Tot dusver is nog nie gemeld watter stappe daar in verband met naturelle jeugdige en jong volwasse misdadigers gedoen is nie. Op 10.11.1911 is 'n deel van die Diepkloof-tronk verander in 'n verbeteringskool vir naturelle.

Tot 1911 was daar slegs 'n gedeeltelike segregasie sover dit blanke en nie-blanke verpleegdes betref het. (Die veroordeeldes wat in 'n verbeteringsgestig aangehou is, is destyds verpleegdes genoem). Dit is daarom dat in Wet No. 13 van 1911 baie duidelik bepaal is dat blankes en nie-blankes afgesonder moet word. Dit het tot gevolg gehad dat die blanke jong volwassenes na Breekwater gestuur is, en dat die Emmasdal-verbeteringsgestig op 24 Januarie 1912 na Houtpoort oorgeplaas is. Die blanke jeugdige misdadigers te Tokai, is ook na Houtpoort oorgeplaas.

Om die naturelle en kleurlinge te skei, is daar gedurende 1917 te Fort Glamorgan 'n verbeteringsgestig vir naturelle-jeugdige en jong volwasse misdadigers opgerig.

Klassifikasie sover dit geslag en kleur betref, is taamlik goed deurgevoer, maar wat ouderdom, gedrag, vorige veroordelings, en aard van misdaad betref, is daar tot op die huidige tydstip plek vir veel verbetering. Dit moet egter ook in aanmerking geneem word dat verbeteringskole die staat jaarliks etlike duisende ponde kos, en om aan al die vereistes van klassifikasie te voldoen sal nog heelwat meer verg.

Dit is heel duidelik dat Wet No. 13 van 1911 verandering in die behandeling van jeugmisdadigers te weeg gebring het, maar dit is die meer omvattende Wet No. 25 van 1913, wat ook bekend staan as die Kinder-

beskermingswet, wat die opvoedkundige beginsels beklemtoon. Daarom is ook al die beginsels van hierdie wet in ons meer moderne wet, Wet No. 31 van 1937, die sogenoemde Kinderwet, opgeneem.

Tot die begin 1934 het alle verbeteringsgestigte nog onder die Departement van Gevangeniswese geressorteer. Om dit ware opvoedkundige inrigtings te maak, het die owerheid besef dat dit beter sal wees om die verbeteringsgestigte onder 'n aparte departement te plaas. Die geskikste departement was dan ook Unie-onderwys. „As gevolg van die wysigingswet op verbeteringshuise, (die benaming verbeteringsgestig is later verander na verbeteringshuis) Wet No. 2 van 1934, is alle verbeteringshuise en gesertifiseerde tehuise op 1 Julie 1934 na hierdie Departement oorgeplaas, terwyl op 1 April 1935, as gevolg van 'n ooreenkoms tussen genoemde twee departemente, (Gevangeniswese en Unie-onderwys) ook die proefbeamptediens na die Unie-onderwysdepartement oorgedra is."(xxv)

Daar is vyf verbeteringskole oorgedra; twee in Kaapstad, te Tokai, twee in Transvaal, nl. Houtpoort en Diepkloof, en die een in Natal, nl. Eshowe. Die leerlinge te Fort Glamorgan is in die begin van 1934, voor die oordrag plaasgevind het, na Diepkloof oorgeplaas.

Volgens Wet No. 34 van 1935 is selfs die diensvoorwaardes van die personeel van 'n verbeteringshuis verander ooreenkomstig die bepalings van die

---

(xxv) Verslag van die Unie-Onderwysdepartement vir die Kalenderjare 1933 en 1934 - Uitgegee op Gesag - Gedruk deur die Staatsdrukker, Pretoria. 1935 - p.14. U.G. 46. 1935.

Onderwyswet, Wet No. 29 van 1928, op beroepsonderwys en spesiale skole.

Die toesighouers oor die leerlinge, (die benaming verpleegdes is nou deur leerlinge vervang) word nou ook voortaan opsigters genoem en nie meer bewaarders soos in die gevangenisse nie.

In die Verslag gaan die Sekretaris van die Unie-onderwysdepartement verder en verduidelik: „Die beamptes werksaam aan die Verbeteringshuis is na die Departement Gevangenis oorgeplaas en hulle is vervang deur amptenare wat die opvoedkundige gesigspunt sal begryp en waardeer; 'n noodsaaklike vereiste as die inrigtings nie vir strafinstellinge nie, maar opvoedkundig gebruik wil word." (xxvi)

Daar is nie net getrag om die verbeteringshuis 'n opvoedkundige inrigting te maak nie, maar selfs is gepoog om die opleiding van die afgewykte kind sonder afsondering, in die maatskappy te laat plaasvind. Met hierdie doel voor oë is verskillende gesertifiseerde hostels en industriële skole opgerig. (Die naam Industriële skool is nou vervang deur Nywerheidskool). Hiermee wil ons nie te kenne gee dat onder die Gevangeniswese se beheer daar geen hostels of nywerheid-skole bestaan het nie. Die eerste nywerheidskool in Transvaal is reeds 1.10.1909 volgens die bepalings van Wet No. 38 van 1909 opgerig. Gedurende die einde van 1917 is hierdie skole na die Departement van Unie-onderwys oorgedra, en volgens die Wysigingswet op Gevangenisse en Verbeteringskole, Wet No. 46 van 1920, word daar voorsiening gemaak vir die oprigting

(xxvi) Verslag van die Unie-Onderwysdepartement vir die Kalenderjare 1933 en 1934 - p. 14.

van gesertifiseerde hostels. Met die oordrag van verbeteringshuise aan Unie-onderwys 1934, was daar 7 sulke hostels, 4 vir blanke seuns, 2 vir blanke meisies en een vir kleurlingseuns. Die Unie-onderwysdepartement het egter vinnig op hierdie hostels uitgebrei, want voor die einde van 1936 was daar alreeds 14 sulke gesertifiseerde hostels vir die opleiding van jeugdige misdadigers.

Die probleem van jeugmisdaad is nie slegs teoreties uit 'n opvoedkundige oogpunt benader nie, maar daar is prakties getrag om die oorsake te bestry. Die doel is dus nie net die toepassing van versagtende metodes by die behandeling nie, maar daar word gepoog om die faktore wat aanleiding gee tot misdaad, permanent uit die weg te ruim. Indirekte en direkte middele word toegepas. Onder die indrekte middele verstaan ons die sorg, beskerming en hulp wat die kind ontvang voordat dit so ver afgewyk het dat dit nodig is om hom in 'n inrigting te behandel.

Inrigtingsbehandeling kan beskou word as die toepassing van direkte middele; die kind of jeugdige het sover afgedwaal dat dit nodig geword het om strenger, harder en ook selfs minder aangename metodes toe te pas om hom te beheer en na die regte pad terug te bring.

Vir hierdie doel het ons verskillende inrigtings soos hostels, gesertifiseerde tehuise, nywerheidskole en verbeteringskole, wat in beginsel dieselfde is, maar gradueel in dié opsig verskil dat die dissipline strenger is, die toesig meer direk, die vryheid van die leerling meer ingeperk, en sy heraanpassing in die buitelewe meer geleidelik en langsaam.

Van genoemde inrigtings is die Verbeteringskool die strengste, en natuurlik ook die laaste poging wat aangewend word om die jeugdige misdadiger na die regte pad terug te bring. Om die rede word daar volgens Wet No. 31 van 1937, die sogenoemde Kinderwet, ook voorsiening gemaak om leerlinge van die een na die ander inrigting oor te plaas namate hy minder of makliker beheerbaar is.

Nieteenstaande die Verbeteringskool strenger, harder, onaangenamer en meer opsetlike tugmiddele moet toepas as enige ander skool of inrigting waar kinders of jeugdiges opgelei en behandel word, het dit nietemin tot 'n opvoedkundige inrigting ontwikkel waar die mees moderne opvoedkundige metodes en tegnieke toegepas word. Die personeel aan elke inrigting is oor die algemeen bekwaam en deeglik toegerus vir die werk. Die prinsipaal wat aan die hoof van so 'n inrigting staan, word bygestaan deur sy Vise-prinsipale, Onderwyser-sielkundiges, Onderwyser-nasorgbeamptes, klasonderwysers en vakonderwysers - om maar net 'n paar van die belangrikste poste te noem.

Die uitrusting oor die algemeen is bevredigend, en die hulpmiddels in gebruik by onderrig is uitstekend.

Die geboue by sommige verbeteringskole laat nog veel te wens oor, veral waar nog gebruik gemaak word van die ou gevangenisgeboue. Hierdie geboue dra ook baie daartoe by om die werk van die personeel te dwarsboom en die organisasie in die algemeen te bemoeilik.

Behalwe dat die geboue heeltemal ondoeltreffend is vir 'n opvoedkundige inrigting, bied hulle nie

genoegsame akkommodasie nie, met die gevolg dat hulle oorbewoon is, en klassifikasie van leerlinge byna onmoontlik maak. In die verslag van die kommissie op straf- en gevangenishervorming, word hierdie swakheid in ons hele verbeteringstelsel pertinent aangetoon. (xxvii) Deur omstandighede is sedert hierdie verslag by party skole nog baie min gedoen om die posisie te verbeter. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap staan baie simpatiek teenoor die hele kwessie en dit is te verwagte dat die posisie mettertyd sal verbeter. Ons moet egter in gedagte hou dat sulke beplannings geweldige finansiële uitgawes verg, wat nie altyd so maklik bekostig kan word nie.

Afgesien van die beplanning van ons verbeteringskole, vergelyk die geboue baie swak met oorsese verbeteringskole wat betref akkommodasie en gehalte.

A.S.Paton, vroeër prinsipaal van Diepkloof wat verskeie inrigtings oorsee besoek het, maak b.v. die volgende opmerking in sy rapport aan die Departement van Unie-onderwys: „Indeed I was overwhelmed by the accommodation provided." (xxviii)

Nietemin vergelyk ons verbeteringskole in ander opsigte baie gunstig, en is in sekere opsigte, veral opvoedkundig, verder gevorder. In dieselfde rapport beweer Paton die volgende: „But I would emphasise that it is useless to compare the organisation of any wholly coloured school with that of the Diepkloof Reformatory, because firstly the Diepkloof Reformatory

---

(xxvii) Verslag van die Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming - 1947 - p.27 Gedruk deur die Staatsdrukker, Pretoria. U.G.47 - 1947.

(xxviii) A.S.Paton - Report to the Secretary for Union Education - 3.4.47 p.42

is much more advanced than any coloured school I saw, and is much more advanced than the great majority of coloured schools reported upon by the Osborne Association and other bodies." (xxix)

## 2. DIE DOEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERBETERINGSKOOL.

Met die oorname van die verbeteringskool van die Departement van Gevangeniswese in 1934, het die Departement van Unie-onderwys die verantwoordelikheid aanvaar om alle oortreders wat na verbeteringskole verwys word, ooreenkomstig die bepalings van die Kinderbeskermingswet te versorg en op te lei.

Hierdie wet beliggaam die behandeling van die jeugdige misdadiger, wat omvattenderwys uitgewerk is in die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937. Die behandeling moet nie volgens die strafreg geskied nie, maar moet as doel hê die rehabilitasie en heropvoeding deur die toepassing van sielkundige en opvoedkundige metodes. Daar moet gepoog word om die faktore wat aanleiding tot misdaad gee, permanent te verwyder.

Verder word dit beklemtoon dat die behandeling ook indiwidueel moet wees, want weens die verskeidenheid van indiwiduele aanleg het die ontwikkelingsproses by elke indiwidu 'n verskillende verloop. In sy verslag vir 1933 en 1934 beklemtoon die sekretaris van Unie-onderwys dit baie uitdruklik in die volgende woorde: „Misdadigheid moet as 'n ontwikkelingsproses

---

(xxix) A.S.Paton - Report to the Secretary for Education, Union of South Africa, on the Practice in England, Sweden, Ontario, and some of the States of the U.S.A., of Penal and Correctional Institutions, dealing entirely or in part with offenders convicted on or before the last day of their twentieth year. 3.4.1947 - p.15.

opgevat word, wat weens die verskeidenheid van indiwiduele aanleg, vir elke indiwidu 'n verskillende verloop het. Dit is dus noodsaaklik om elke geval van misdaad indiwidueel te benader." (xxx)

(3) Die behandeling sluit ook in, beroepsopleiding, en opleiding in die regte besteding en gebruikmaking van vryheid.

Die doel van die S.A. verbeteringskool is dus, om die jeugdige oortreder wat al so ver afgewyk het, en gevolglik so onbeheerbaar geword het, dat sy opleiding en rehabilitasie in die maatskappy onmoontlik geword het; her op te voed, in een of ander gepaste beroep op te lei, en dan te laat heraanpas as 'n nuttige lid van die samelewing.

Om hierdie doel te bereik, word die jeugmisdadiger van die vryheid waarvan hy in die maatskappy misbruik gemaak het, ontneem. Hy word intensief waargeneem en bestudeer om te kan bepaal wat aanleiding gegee het tot sy afwykende gedrag, en watter middele toegepas behoort te word om sy handelwyses na normaal terug te bring. Om sy aanpassing nog verder te vergemaklik, word hy ooreenkomstig sy aanleg in die regte beroep opgelei. Namate hy meer aanpasbaarheid toon, word hy groter vryheid toegestaan en trapsgewyse die buitewêreld ingeskuif, waar hy 'n bestaan moet maak en 'n lewe moet lei, soos van 'n verantwoordelike en wetsgehoorsame lid van die samelewing verwag word.

Die eindoel is nooit om hom net 'n getroue en waardige verbeteringskool-leerling te maak nie, maar 'n eervolle lid van die samelewing, waar hy 'n las en moontlik 'n gevaar was.

---

(xxx) Verslag van die Unie-onderwysdepartement 1933 en 1934. Uitgegee op gesag - gedrük deur Staatsdrukker, Pretoria, 1935. U.[illegible] 46.1935-p.15.

3. <u>DIE WESE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERBETERINGSKOOL:</u>

In wese verskil die verbeteringskool in baie opsigte van ons gewone skool. Op die keper beskou, is die taak van die gewone skool die onderrig van die leerling. Die ouer stuur die kind na die skool, nie so groot om opgevoed te word nie, maar om in sekere vakke onderrig te word wat essensieel is vir sy algemene ontwikkeling, m.a.w. die vernaamste doel is om die kind te laat kennis opdoen. Die opvoeding as sodanig is die ouer se taak, of behoort altans sy taak te wees. Hiermee wil ek egter nie te kenne gee dat die onderwyser as plaasvervangende ouer geen opvoedingswerk doen nie, want onderrig sonder opvoeding is nie moontlik nie; dan sal daar uit die aard van die saak ook geen ware onderwys kan plaasvind nie. Wat hier egter bedoel word, is dat die vernaamste plig van die onderwyser op die gewone skool die bybringing van kennis is en nie opvoeding nie. Sy taak is om die kind te leer.

Die kinders op die gewone skool se aanpassing is, of behoort sodanig te wees, dat hulle nie jeugdige oortreders is nie. M.a.w. hulle is nog nie deur 'n geregshof vir een of ander oortreding gevonnis nie.

So ver dit die verbeteringskool aangaan, is daar ook onderwys en opvoeding, maar die hoofdoel hier is opvoeding. Die kind is heeltemal weggeneem uit die sorg van die ouer, en in die sorg van die staat geplaas, waar die hoof, of prinsipaal soos die amptelike benaming is, van die verbeteringskool as direkte voog optree.

Die leerlinge van 'n verbeteringskool is kinders wat in so 'n mate afgewyk het, dat hulle voor 'n geregshof verskyn het, wat hulle vir behandeling uit

die samelewing verwyder het. Dit bring mee dat die verbeteringskool 'n tweede belangrike funksie het, nl. die versorging van die kind, d.w.s. sy huisvesting, kleding, voeding en mediese behandeling. Die pligte van die gewone skool sowel as die van die ouer is oorgeneem. In wese is die verbeteringskool dus 'n gekombineerde huis-skool substituut.

Omdat die leerlinge almal gedragafwykendes is, is die dissipline strenger, die beheer en toesig meer direk, die vryheid meer beperk, en die tugmiddele harder, onaangenamer en meer opsetlik.

Die behandeling is nie dieselfde as wat die normale kind ontvang nie, en daarom word 'n verbeteringskool dan ook geklassifiseer onder die afdeling - Spesiale Skole.

Die verbeteringskool verskil van die gewone skool ook in dié opsig dat alle toelatings deur middel van die geregshowe geskied en dat daar geen vasgestelde tyd vir opname is nie. Daar is soms selfs daagliks toelatings. Dit bemoeilik klassikale behandeling in 'n hoë mate. Streng gesproke, is byna elke leerling in 'n verbeteringskool in 'n verskillende stadium. Dit is een van die redes waarom meer toegespits word op indiwiduele behandeling. Dit wil egter nie sê dat daar nie klassikale onderwys, spanwerk, massa-opvoeding, gesamentlike ontspanning, e.s.m., is nie. Dit moet daar wees om die leerling as 'n sosiale wese te leer om aan te pas, en in te voeg by 'n gemeenskap wat uit verskillende indiwidue bestaan.

In wese is die verbeteringskool 'n opvoedkundige inrigting wat hom ten doel stel die opvoeding, onderwys en versorging van kinders wat in hulle gedrag sodanige abnormale afwykings toon dat

rehabilitasie en heropvoeding nodig is om hulle weer op die regte pad te kry. Die metodes, tegnieke, tugmiddele, toesig en dissipline aan so 'n skool verskil in dié sin van die normale skool, dat dit meer op die kind se karakter en persoonlikheid toegespits is as op sy verstand. Verstandelike ontwikkeling of bybringing van kennis, neem hier 'n tweede plek in; morele opheffing en heraanpassing is die hoofdoel. Om laasgenoemde te vergemaklik is beroepsopleiding en nasorg twee onmisbare faktore.

4. <u>DIE PLEK VAN DIE VERBETERINGSKOOL IN ONS OPVOEDINGSTELSEL</u>:

Die verbeteringskool as opvoedkundige inrigting word geklassifiseer onder die afdeling - Spesiale Skole. Spesiale skole is opgerig vir persone of leerlinge wat deur een of ander fisiese, geestelike of verstandelike gebrek nie veel baat by die gewone of normale onderwys vind nie. As gevolg van hulle gebreke word spesiale metodes, tegnieke en hulpmiddels toegepas om te probeer vergoed daarvoor.

Een van die spesiale skole in gebruik, is die verbeteringskool. Hier word kinders en jeugdiges behandel wat 'n buitengewone afwyking in gedrag toon. Die afwyking of afwykings is van so 'n aard dat dit sieklike of patalogiese verskynsels soos misdaad in enige vorm, teweegbring.

Die leerling self is oor die algemeen ongebalanseerd, inkonsekwent en temperamenteel. In baie gevalle lei die leerling aan een of ander neurose of psigose. Met die loop van die tyd het by sommige selfs sekere gewoontes, sentimente en komplekse ontwikkel, wat van hom 'n totale verwronge

wese gemaak het wat hom eenvoudig nie kan inpas in die samelewing nie. Ook sal hy dit nie kan doen, alvorens hierdie ongerymdhede of struikelblokke uit die weg geruim, of op een of ander wyse gesublimeer is nie.

Die verbeteringskool, as spesiale skool, verskil dus in dié opsig van die meeste spesiale skole, soos bv. dié vir blindes, dowes en swaksinniges, om maar 'n paar te noem, dat laasgenoemde nie so groot poog om die gebrek of defek te verwyder nie, maar trag om die indiwidu met sy gebrek, deur die toepassing van sekere metodes en tegnieke selfonderhoudend en tot nut van die samelewing te laat wees; terwyl die verbeteringskool deur mediese, sosiologiese, sielkundige en opvoedkundige metodes probeer om die aanleidende oorsake tot gedragsafwyking te verwyder. Dit is dus hier 'n kwessie van afbreking en heropbouing of heropvoeding.

Waar die gewone skool as kunsmatige instelling, voortvloeiende uit die menslike samelewing, aanvullend teenoor die huis, as natuurlike instelling staan, vervang die verbeteringskool daarenteen die huis in 'n sekere mate. Die ouer, as voog, word vervang deur die prinsipaal, hoof van die verbeteringskool, as voog.

As gevolg van afwesigheid van enige huislike opvoeding, of as gevolg van verkeerdelike of gebrekkige huislike opvoeding, het die kind ontwikkel tot 'n skadelike i.p.v. 'n bruikbare of goeie lid van die gemeenskapslewe. Die staat as organisasie van mag en gesag in die gemeenskapslewe, vereis dat goeie burgers opgevoed moet word, en daarom gryp dit in in die opvoeding van die kind, en gebruik die verbeteringskool as een van sy organe vir opvoedingswerk om die taak te verrig.

Natuurlikerwyse neem die huis die eerste plek in ons opvoedingstelsel in, en die skool as aanvullend van die huis, die tweede plek. In geval van die verbeteringskool het die staat geregtelike stappe ten opsigte van die verwaarlosing van die kind se opvoeding gedoen, en self die verantwoordelikheid van die kind se versorging, opleiding en opvoeding aanvaar. Die verbeteringskool is dus 'n huis-skool substituut; 'n aanduiding van die belangrike plek wat dit in ons opvoeding inneem.

Dit is egter ook terselfdertyd 'n aanduiding waarom daar soveel nadele en gebreke aan verbeteringskoolbehandeling is. Die beste inrigting is kunsmatig, en kan met die beste metodes, leermiddele, organisasie, e.d.m. nie die huis as natuurlike instelling vervang nie. Die kind is nooit een van 'n gesin nie, maar een van 'n massa. Dit gebeur dat hy in groot inrigtings selfs heeltemal verlore raak. Sy begeertes, sy keuses, sy doen en late - ja, in 'n groot mate sy hele gedrag en persoonlikheid - dra die stempel van inrigtingsroetine. Daar word vir hom te veel gedink, gedoen en georganiseer. Sy privaat inisiatief, verantwoordelikheidsin en selfdissipline word baie aan bande gelê. Hy geniet nie die erkenning, simpatie en liefde van die huis nie.

Dit alles bring mee dat die persoonlikheid nie natuurlikerwyse ontplooi nie, maar volgens resep afgerond word. Om hierdie rede word die verwydering van 'n kind van sy ouerhuis alleenlik onder uiters noodsaaklike omstandighede gedoen, en aan die anderkant doen elke verbeteringskool in ons land sy uiterste bes om die leemtes sover moontlik

aan te vul. Hierop word later pertinent gewys as die interne organisasie meer spesifiek bespreek word.

In vergelyking met die laerskool, of volkskool, wat as aanvulling van die huis die belangrikste plek in die onderwys inneem, is die verbeteringskool slegs een van die uitgebreide aanvullings, maar ook 'n aanvulling waarsonder ons moderne opvoeding nie kan klaarkom nie.

Die verbeteringskool neem dus 'n uitgebreide aanvullingsplek in, maar terselfdertyd ook 'n spesifieke en belangrike plek in ons opvoeding; aangesien gedragsafwyking een van die grootste probleme is waarmee die opvoedkunde, die sielkunde, die sosiologie, die kriminologie - met een woord die hele menslike bestaan te kampe het.

5. DIE VERBETERINGSKOOL EN DIE VERSKILLENDE RAS- EN KLEURGROEPE IN SUID-AFRIKA:

Die Suid-Afrikaanse bevolking is moontlik die mees heterogene ter wêreld. Dit is saamgestel uit verskillende groepe en rasse, elk met 'n verskillende tradisie en kultuuragtergrond. Wat die probleem nog ingewikkelder maak is dat die variasie strek van die onontwikkelde en in baie opsigte barbaarse naturelle-bevolking tot die hoogsontwikkelde westerse beskawing. Tussen hierdie uiterste moet daar 'n basis gevind word wat dit moontlik maak vir alle groepe om in vrede en tot beswil van die land saam te lewe sonder dat dit vir een van hulle nodig is om dit wat eie in hom is, prys te gee en verswelg te laat word deur een van die ander groepe.

Om dit moontlik te maak, is dit nodig om elke kind volgens die tradisies en gewoontes van sy ras op

te voed, in soverre dit nie die samewerking en peil van die bevolking as 'n geheel skade aan doen nie.

Hierdie opvoeding is selfs ook nodig in die verbeteringskool waar gepoog word om die gedragsafwykende kind her op te voed. Die opvoeding moet geskied ooreenkomstig sy nasionaliteit en volkstradisie. Sonder daardie nasie-bewustheid en nasietrots sal daar ook nooit selfbewustheid, eietrots en selfrespek by hom aangekweek word nie; en daarsonder kan hy nooit 'n nuttige burger vir sy volk of land wees nie.

Hierdie kardinale beginsel is om verskillende redes, soos gebrek aan akkommodasie, opvoedkundige insig en ervaring nie gehandhaaf nie.

Wat die geslag betref, was daar altyd in die Suid-Afrikaanse verbeteringskool afsonderlike inrigtings vir manlike en vroulike jeugdige oortreders. Wat ras en kleur betref was daar tot 1911, nieteenstaande herhaaldelike vertoë, waarin die onwenslikheid van die gesamentlike huisvesting van blanke en nie-blanke jeugdige misdadigers pertinent beklemtoon is, geen volledige segregasie nie.

Dit is eers met die uitvaardiging van Wet No.13 van 1911 dat van owerheidsweë bepaal is dat blank en gekleurd afgesonder moet word. Art. 52 van die wet lui bv. as volg: „In ieder verbetergesticht zullen blanken van kleurlingen worden afgezonderd..." (xxxi) Wat die tronke betref, word die bepaling van afsondering nog verder deurgevoer. In Art. 91 van dieselfde wet,

---

(xxxi) Wet No. 13 van 1911 - Art. 52(2).

wat handel oor die klassifikasie en afsondering van bandiete en gevangenes, word in paragraaf (b) die volgende bepaal: „In een bandietetronk of tronk - worden blanke bandieten en gevangenen, zover doenlik, afgezonderd en buiten het gezicht van gekleurde bandieten en gevangenen gehouden. Waar enigszins mogelik, worden kleurlingen van verschillende rassen van elkander gescheiden." (xxxii)

Bogenoemde wetgewing het meegebring dat blankes en gekleurdes van mekaar geskei is. (Onder gekleurdes word ook naturelle bedoel.)

Later is kleurlinge en naturelle ook geskei en word nou in afsonderlike inrigtings behandel. Die Indiërs is gedurende 1946 van die naturelle geskei en na die inrigting vir kleurlinge oorgeplaas, omdat die Indiër meer met die kleurling as met die naturel ingemeen het. Dit het meegebring dat ons in Suid-Afrika, alhoewel nie tot in die fynste besonderhede nie, min of meer die rasse en kleure so geklassifiseer het dat elkeen na eie aard in 'n afsonderlike verbeteringskool behandel word. Die metodes, tegnieke en organisasie in elke verbeteringskool is dan ook dienooreenkomstig verskillend, hoewel die eintlike doel gemeenskaplik is, nl. die beskerming van die land teen die jeugdige misdadiger, die versorging van die jeugmisdadiger en die opvoeding van die jeugmisdadiger.

Hierdie segregasie-beleid het teweeggebring dat die organisasie en administrasie van elke verbeteringskool meer eenvormig en vereenvoudig geword het.

---

(xxxii) Wet No. 13 van 1911 - Art. 91(1)b.

Elke ras of groep geniet nou ook die aandag waarop dit geregtig is, dit is nie meer 'n kwessie dat die minderheid net 'n aanhangsel van die meerderheidsgroep is nie, en gevolglik net as 'n bykomende verantwoordelikheid beskou word nie. Ook word die meer gevorderde blanke nie verneder deur gemeenskaplike huisvesting en onderwys met rasse wat op 'n laer peil van beskawing staan nie. Dit gebeur ook nie dat die minder gevorderde rasse deur die blanke uitgebuit en onderdruk word nie. Nie een van die groepe se selfrespek, status of kultuur word deur die ander ondermyn of benadeel nie.

Met reg kan ons dan ook beweer, dat die oprigting van afsonderlike verbeteringskole vir heterogene rasgroepe een van die grootste stappe vorentoe was in die rigting om van die Suid-Afrikaanse verbeteringskool 'n egte opvoedkundige inrigting te maak.

-

# AFDELING - B.

## DIE INTERNE ORGANISASIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERBETERINGSKOOL

## HOOFSTUK IV.

### 1. ORGANISASIE EN DIE VERSKILLENDE ASPEKTE DAARVAN:

Om te organiseer, is om te sistematiseer, met ander woorde om sodanige reëlings te tref dat die onderling - afhanklike dele van die geheel op so 'n wyse funksioneer dat die werking van die een nie die van die ander benadeel, dwarsboom of verhinder nie, maar bevorderend vir die algehele integrasie van alle dele tot die vorming van die geheel is.

Woordverklaarders soos Kruyskamp en Tollenaere stel die saak soos volg: „Organiseren:- Zodanig regelen dat verschillende onderdelen van iets een systematish geheel vormen; goed samenwerken." (xxxiii)

In Websters - New International Dictionary kry ons die volgende verklaring: „Organization is the act or process of organizing whether as a living structure or as any systematic whole. 'What is organization but the connecting of parts in and for a whole, so that each part is, at once, end and means?' Coleridge."

En om te organiseer, „Is to arrange or constitute in interdependent parts, each having a special function, act, office or relation with respect to the whole; to systematize; to get into

---

(xxxiii) Van Dale Nieuw Grootwoordenboek der Nederlandse Taal. Bewerkt door drr. C. Kruyskamp en F. de Tollenaere - 7de druk - 's - Gravenhage. Martinus Nyhoff 1950 - p.1290

working order." (xxxiv)

Sonder deeglike organisasie, sal ons nieteenstaande die beste metodes, tegnieke, hulpmiddele, e.d.m., nie ons doelstellinge en ideale kan verwesentlik nie. Na ons 'n definitiewe doelstelling voor opgestel het, moet dit deur stelselmatige beplanning, metodiese benadering en geordende werksaamheid tot praktiese uitvoering gebring word voordat dit verwesentlik is.

Dit is juis om hierdie rede dat die eerste en belangrikste vraagstuk vir die praktiese onderwysman dan ook die administrasie en organisasie van die skoolopvoeding is. Hy besef dat om sy doel te bereik, dit nodig is om sy teoretiese kennis en idees in die daad om te sit, en dit vereis 'n stelsel of organisasie.

Enige uitgebreide organisasie het verskillende aspekte wat elk in hulle self omvattende vraagstukke is. Ons kan bv. die volgende aspekte onderskei: die grondbeginsels en norme, administratiewe organisasie, struktuele, funksionele, ekonomiese en interne of inwendige organisasie.

Hierdie aspekte is egter op so 'n wyse geïntegreer dat die een nie onafhanklik van die ander benader kan word nie; maar omdat ons meer spesifiek op die interne organisasie van die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool wil ingaan, moet ons meer in die besonder bepaal wat hierdie aspek behels.

---

(xxxiv) Websters - New International Dictionary - Vol. 2 M-Z 2nd Ed. Unabridged. 1934. London. G. Bell & Sons, Ltd.; Springfield, Mass.: G. & C. Merriman & Co.

## 2. DIE BEGRIP „INTERNE ORGANISASIE."

Onder interne organisasie verstaan ons die inwendige beheer, funksionering, koordinasie en korrelasie van die verskillende dele wat die geheel uitmaak. So 'n organisasie is dan ook die taak van 'n bepaalde persoon wat die bestuurder, hoof of organiseerder genoem word.

In die onderwys, waar dit betrekking het op skole of inrigtings is die benaming gewoonlik hoof, behalwe in die geval van verbetering- en nywerheidskole, word dit deur die wet bepaal dat die benaming, prinsipaal, moet wees.

Net soos die bestuurders van besighede en ander organisasies die bevele van die direkteure of van ampsdraers wat groter gesag as hulle het, moet gehoorsaam, is die skoolhoof of prinsipaal ook nie selfstandig in sy taak nie. Hy moet die bevele van die sekretaris en die inspekteurs gehoorsaam, wat persoonlik buite die organisasie staan maar tog verantwoordelik is vir die teorie daarvan.

Die interne organisasie is dan min of meer die masjinerie wat daargestel word om 'n plan of taak, wat deur 'n persoon of liggaam opgestel is wat buite die organisasie staan, uit te voer. So 'n persoon of liggaam maak die uitwendige organisasie uit en is slegs besig met die breë beraming of teoretiese aspek, maar is ook verantwoordelik vir die personeel, finansiële ondersteuning, geboue, terreine en middele wat by die interne organisasie nodig is.

Ons onderwysstelsel dien as 'n tipiese voorbeeld van so 'n organisasie. Die owerheid as staande buite die interne skoolorganisasie hou elke hoof van 'n

skool verantwoordelik vir alles wat in verband staan met die skool, maar moet ook in die behoeftes voorsien.

3. WAT DIE INTERNE ORGANISASIE VAN DIE VERBETERINGSKOOL BEHELS. Soos reeds daarop gewys, is daar ook baie nadele aan die behandeling in 'n verbeteringskool verbonde. Die feit bly egter staan dat ons sonder die verbeteringskool nie kan klaarkom nie. Dit wil egter voorkom dat ons met die toenemende industrialisasie van ons land, die ontstaan van stede, ontstamming van naturelle en die onkeerbare en vermeerderde toevloei van die plattelandse bevolking na die oorbewoonde stede, in die toekoms baie meer sulke inrigtings sal nodig hê. (Op die oomblik is daar 'n groot gebrek aan akkommodasie)

Die enigste weg oop, is dat die verbeteringskool metodes en tegnieke moet toepas wat die nadele sover moontlik uitskakel.

Onder invloed van strafhervorming word alle pogings dan ook aangewend om hierdie swakhede wat in die verlede so algemeen en afbrekend was, te oorkom. Dit het egter ook meegebring dat die eenvoudige en byna onbuigbare organisasie van die verlede in 'n komplekse en dinamiese struktuur ontwikkel het.

Die verbeteringskool wat tegelyk die taak van huis en skool vervul, moet natuurlikerwys so na as moontlik aan die gemeenskap staan en daarom is die vereiste dan ook dat die moderne verbeteringskool se interne organisasie so ingerig moet wees dat, alhoewel dit die samelewing teen die jeugmisdadiger moet beskerm, dit nogtans moet aansluit by die normale lewe.

In vergelyking met die interne organisasie van die gewone primêre skool is dit baie meer omvangrik

en gedifferensieerd. Die gewone skoolonderrig is slegs een van die aspekte van die organisasie van die verbeteringskool as geheel. Daar moet verder voorsiening gemaak word vir die opleiding in verskeie ambagte en ander beroepe; daar moet omgesien word na die leerling se huislike versorging, en later selfs na sy versorging in die gemeenskap. Sonder laasgenoemde bly 'n groot gedeelte van die verbeteringskool se werk ongedaan. Tereg merk dr. J.A.Grobler dan ook die volgende op: „A system which pushes its pupils into life without careful guidance and sympathetic assistance is only meeting its duties half-way. The subjection of children to a routine of orders and their deprivation for a long time of personal development and initiative, without due after-care, account for a large percentage of failures of institutional treatment." (xxxv) Die interne organisasie het dus nie net betrekking op die leerling se versorging in die inrigting nie, maar ook op sy nasorg, d.w.s. na hy die inrigting reeds verlaat het.

So 'n organisasie en administrasie vereis in die eerste opsig 'n baie uitgebreide personeel, wat op sigself baie verantwoordelikheid en aandag verg. Hulle pligte en verantwoordelikhede en selfs dienswoorwaardes is so verskillend en selfs uiteenlopend dat die toesig en beheer nie 'n alte gemaklike taak is nie.

Die leerlinge verskil van die gewone kind daarin dat hulle oor die algemeen gedragsafwykend is.

---

(xxxv) J.A. Grobler - Juvenile Delinquency in South Africa - A thesis for the Degree of Ph. D. - submitted to the University of Cape Town - 23.10.41 - p.127.

Dit bring mee dat die klassifisering, dissiplinering en tugtiging baie ernstiger probleme is as op die gewone skool. Die klassifikasie word nog verder bemoeilik as gevolg van die aanhoudende stroom van toelatings. Dit gebeur algemeen dat daar daagliks toelatings is, wat natuurlik baie nadelig op die leerplan inwerk. Elke klas of afdeling is 'n heterogene groep met die gevolg dat daar 'n gedurige stryd om aanpassing is, wat die samestelling van die roosters van werksaamhede en die metodes en tegnieke van onderrig baie bemoeilik. Daar vind dan ook gedurig 'n plasing en oorplasing van leerlinge plaas.

Wat die leermiddele betref, word daar 'n groot verskeidenheid vereis, want daar is nie slegs 'n groot verskeidenheid sover dit die opleiding in verskillende beroepe betref nie, maar die leerlinge self as 'n abnormale groep toon 'n groot verskeidenheid onderling wat gedrag, aanleg, ouderdom, intelligensie en temperament betref. Dan het 'n skool soos Diepkloof nog te kampe met buitengewone taalmoeilikhede ook. Hier word soms nie minder as in ses tale onderrig gegee nie, nl die twee amptelike tale en dan nog vier naturelle-tale.

Dan is daar natuurlik 'n baie uitgebreide stelsel van registers, rekords en verslae. Om te kan bepaal of die leerling enige vordering gemaak het, is dit absoluut noodsaaklik om 'n baie noukeurige verslag van elke indiwidu te hou. 'n Voorbeeld van die verslagkaart in gebruik aan die Diepkloof-verbeteringskool word op bladsye 183-186 gegee.

Wat die versorging en reiniging van die geboue en die beheer oor die skoolterrein e.s.m. betref,

wil ek net meld dat dit spesiale aandag vereis. As gevolg van gebrek aan enige huislike opvoeding, is baie leerlinge uiters vernielsugtig en slordig. Afgesien van die groot aantal geboue op die terrein is daar sommige soos die uitplasingshostels wat weg van die terrein af is, en gevolglik nie onder die direkte toesig van die prinsipaal is nie. Waar daar in sulke gevalle nie bekwame hostelmeesters of matrones is nie, kan daar altyd moeilikhede i.v.m. die skoonhou en oppas verwag word.

Die interne organisasie van 'n groot verbeteringskool vereis soveel aandag dat daar altyd die moontlikheid bestaan dat die leerling vergeet mag raak en die inrigting al die aandag geniet. In hierdie verband merk dr. J.A. Grobler die volgende op: „Everybody admires a tidy, smooth-running institution, where everything shines and makes an appeal to feelings of order and discipline. But this is not what an institution should stand for. The test of success lies with the child who is being re-educated, and the system is a failure if he is converted into a machine. Education is something from within, not something from without." (xxxvi)

-

(xxxvi) Dr. J.A. Grobler - Juvenile Delinquency in South Africa. - p.125-126.

# HOOFSTUK - V.

## WIE MET DIE INTERNE ORGANISASIE GEMOEID IS.

### 1. INSPEKTEURS VAN DIE DEPARTEMENT ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

Omdat die staat die organisasie van mag en gesag in die gemeenskapslewe is, het dit die reg om te eis dat die kind tot 'n goeie burger opgevoed moet word. As die burger-ouer van die kind nie sy verpligtinge in hierdie opsig nakom nie, of as die kind in 'n onbeheerbare en verwaarloosde toestand raak, kan die staat as gevolg van sy regsprekende en -handhawende funksie onmiddellik ingryp om te verhoed dat die kind as toekomstige burger staatskadend of sedebederwend opgroei. Dit gryp selfs in so 'n mate in dat dit die kind in die sorg neem of onder sorg en toesig plaas waar dit volgens staatsvereistes opgevoed kan word.

Waar die kind in staatsorg geneem word, word dit na een of ander inrigting verwys. Die staat dra dan ook die koste verbonde aan die kind se opvoeding, behalwe in gevalle waar die hof 'n kontribusieorder uitvaardig teen die verweerder, vir die onderhoud van die kind. (xxxvii)

'n Verbeteringskool is een van die inrigtings wat onder volle staatsbeheer staan. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap oefen dan ook direkte beheer daaroor uit deur middel van die Sekretaris en sy ondergeskikte amptenare, die inspekteurs.

Die inspekteur vorm die skakel tussen die

---

(xxxvii) Wet No. 31 van 1934 - Artikel 60(1)(b) - (Hoofstuk VI).

uitwendige organisasie van die verbeteringskool. Hy is daar om te let dat die reëls en regulasies soos van toepassing op die skool, uitgevoer word.

Sy tweede funksie is om gereeld die skool te inspekteer en skriftelike verslae op te stel en voor die Sekretaris te lê.

Hy het dan ook die reg om enige tyd die skool te besoek om hom te vergewis of die skoolorganisasie en administrasie in orde is; of die metodes, peil en inhoud van die onderwys volgens verwagting is; of die leerlinge die nodige vordering en vooruitgang maak, en of die staatseiendom soos geboue, leermiddele, apparate, toerusting en so meer die nodige sorg en aandag geniet.

Bogenoemde is slegs 'n baie klein onderafdelinkie van sy pligte wat in werklikheid nog grotendeels volgens neergelegde regulasies van hom verwag word, en daarom kan ons sê dat hy tot dusver nog buite die interne organisasie staan.

Hy is egter nie net daar om die interne organisasie te inspekteer en te kritiseer nie, maar ook om die prinsipaal met woord en daad by te staan. Hy moet hom help om die skool se probleme op te los, raad en leiding te gee, en as verteenwoordiger van die owerheid alle aangeleenthede betreffende die skool in die regte lig aan hulle voor te lê. Waar nodig moet hy selfs voorspraak vir die skool wees; veral waar dit sekere behoeftes soos 'n tekort aan personeel, ondoeltreffende geboue, hulpmiddels en ander fasiliteite betref.

Wat die interne organisasie betref, kan daar 'n baie lang lys van sy pligte opgestel word, pligte

wat byna soortgelyk aan die van die prinsipaal is. Tereg merk prof. Ben Taute in hierdie opsig dan ook die volgende op: „Inderdaad daar is 'n groot mate van ooreenkoms in die aard van die skoolinspekteur en die skoolhoof se pligte; maar terwyl laasgenoemde slegs vir 'n enkele skool verantwoording aan die onderwysdepartement moet kan doen, moet eersgenoemde gereeld verslag oor al die skole van sy rondgang lewer." (xxxviii)

Net soos die prinsipaal stel die inspekteur nie net in die skool in die algemeen belang nie, maar ook in die personeellede en waar nodig gee hy selfs aandag aan die leerlinge.

Die inspekteur is met een woord, in soverre met die interne organisasie gemoeid, dat hy as verteenwoordiger van die hoof van die Departement namens die staat toesig hou oor die skool se werk. Om dit te kan doen is die allerbelangrikste vereiste dat hy op hoogte moet wees met die interne organisasie en administrasie van die verbeteringskool.

Behalwe sy funksie as toesighoudende amptenaar, moet hy ook die prinsipaal en sy staf besiel en inspireer. Sonder om afbreek te doen aan hulle inisiatief moet hy hulle lei en steun. Hy is in gesag bo die prinsipaal die skool se leier, vriend, raadgewer en helper, maar omdat hy meer as een skool verteenwoordig, raak die interne organisasie hom meer indirek, terwyl die prinsipaal en sy personeel direk daarby betrokke is. Nietemin verg dit sy algemene, en meer dikwels sy besondere aandag.

---

(xxxviii) Ben Taute - Skoolhoof, Assistent en Professie - Unie-Volkpers, Bpk., Kaapstad - 1940 - p.82.

Besonders treffend stel prof. Taute dit in die volgende woorde: „Let op, deur sake te stel soos hier gedoen word, is die alles-insluitende funksie van die inspekteur om die hoof van die onderwys-departement te verteenwoordig; een van sy deel-funksies is om hom te vergewis van toestande, en dan eers kom, indien nodig, om 'n wakende oog op swakkelinge te hou ten einde die leerlinge en die samelewing teen hom te beskerm." (xxxix)

Opsommend kan dus beweer word, dat die inspekteur in die sin met die interne organisasie gemoeid is dat hy namens die staat toesig moet hou daaroor, en hulp moet verskaf in verband daarmee.

2. DIE RAAD VAN BEHEER.

Artikel 31 (sub. art.3) van Wet 31 van 1937 bepaal dat die Minister 'n raad van toesig vir elke nywerheid- en verbeteringskool moet aanstel, wat uit nie minder as drie en meer as nege lede moet bestaan nie.

In subartikel 4 word bepaal dat die Raad die bevoegdhede en werksaamhede het en werksaamhede moet verrig wat hierdie Wet (Wet No. 31 van 1937) of die uit kragte daarvan uitgevaardigde regulasies aan hom verleen of opdra.

Die instelling van 'n Raad van toesig is oorgeërf uit die Britse strafstelsel. Hulle het gewoonlik vir elke inrigting vir verwaarloosdes of krimineles 'n sogenoemde „Board of Visitors," gehad wat moes toesig hou oor die inrigting en aanbevelings vir vrylating van gevangenes op goeie gedrag moes doen.

---

(xxxix) Ben Taute - Skoolhoof, Assistent en Professie - p.85

Hierdie Raad word gewoonlik gekies uit vooraanstaande persone wat verskillende beroepe beoefen in die buitelewe en wat belangstel in die werksaamhede van die inrigting.

Die voorsitter is gewoonlik die Kommissaris van Kindersorg van die distrik, d.w.s. 'n persoon wat op hoogte van sake met die Kinderwet en die bepalings omtrent die behandeling, tug en so meer van kinders onder staatssorg is.

Die lede van die Raad ontvang, behalwe reiskoste, geen vergoeding vir hulle dienste nie. Hulle vergader gewoonlik een keer per maand. By hierdie geleentheid lê die prinsipaal sy maandelikse verslag oor die skool voor hulle vir bespreking. Sake rakende leerlinge, soos weglopery, toelatings, vrylatings, ontslag, oorplasings en so meer, word bespreek en oor besluite geneem vir goedkeuring deur die Departement.

Die prinsipaal woon ook die vergadering by om die sake van die skool voor te dra, suggesties te maak omtrent die geboue, meublement, nuwe uitbreiding, ondernemings, opvoedkundige eksperimente en so meer. Hy het egter geen stem as daar oor een of ander saak besluit moet word nie. Daarom sal die prinsipaal by die opstelling van die raadsnotule ook melding maak dat sy Raad dit of dat aanbeveel en besluit het, en nie dat ons dit gedoen het nie.

Die Raad se aanbevelings en besluite is egter nie bindend of gebiedend nie, want dit moet eers voor die Departement gelê word vir goedkeuring, en die Departement op sy beurt nader eers die prinsipaal vir sy aanbeveling.

Oppervlakkig beskou neem die Raad dus so 'n eienaardige posisie in dat dit lyk of hulle oorbodig is. Aan die ander kant het hulle as toesighoudende liggaam gesag en mag wat nie verontagsaam kan word nie, want die departement vereis, veral sake rakende die leerling se ontslag van die bepalings van die Kinderwet, sy oorplasing na 'n ander skool en sy vrylating met vergunning, dat die Raad hulle toestemming moet gee.

Dit is juis teen hierdie mag en gesag van die Raad wat baie prinsipale beswaar maak. Hulle stel die vraag of die Raad van Toesig wel die regverdigheid of bekwaamheid het om sulke gewigtige besluite te kan neem. Dr. J.A. Grobler maak bv. die volgende opmerking in hierdie verband: „Waarom die verouderde idee van 'n Raad as middelman tussen die inrigting en die Departement? Dis die plig van opvoedkundig- en sielkundiggeskooldes en die persone wat die leerlinge oor 'n betreklike lang tydperk baie intiem leer ken en bestudeer het om te bepaal wanneer hulle die inrigtings kan verlaat." (xl)

Heeltemal tereg, maar ons moet onthou dat die eintlike aanbevelings juis van genoemde persone kom, en dit sal uiters onverstandig van die Raad wees om te probeer op eie houtjie handel. Die Departement sal dit natuurlik ook nie goedkeur nie; want dit sal meen dat daar 'n inbreuk op die interne organisasie van die skool gemaak word wat kan lei tot desorganisasie.

---

(xl) 'n Artikel - „Die idee van 'n Raad van Toesig aan ons Verbeteringshuise en Industrieskole" in „Werk" - Kwartaalblad van die S.A.V.V. - Uitgawe Des. 1940 - p.34.

Logies geredeneer, moet ons erken dat dit nogtans lyk of die Raad in die opsig 'n oorbodige aanplaksel is. Aan die ander kant egter word daar 'n verantwoordelikheid op hulle geplaas wat hulle verplig om belang te stel in die skool.

Die vraag kom dan ook op of hulle die verantwoordelikheid kan dra, want hulle bekwaamheid en doelmatigheid hang af van die buurt waar hulle gekies is. Soms is die skool so geleë dat die omgewing nie die geskikte persone kan oplewer nie. Sulke persone kan dan eerder tot nadeel van die skool en sy organisasie wees, i.p.v. dit te vergemaklik en aan te help. In hierdie opsig is dit dan die verantwoordelikheid van die prinsipaal en die voorsitter, wat 'n magistraat is, om sonder aanstoot meer leiding te gee en indirek groter beheer oor te neem. Die Departement verwag ook van die prinsipaal om 'n goeie verhouding met die Raad te handhaaf. Hy moet dit natuurlik op so 'n wyse doen sonder om enige van sy regte en beheer prys te gee.

Sodra die Raad egter oorgaan om op direkte wyse in te meng met die interne organisasie van die skool, sal dit verwarring teweegbring. Die prinsipaal kan onmoontlik nie instruksies van twee liggame ontvang nie, nl. van die departement en die Beheerraad nie. Dit is dan ook duidelik dat die Raad nieteenstaande hulle gesag slegs die prinsipaal kan adviseer en nie beveel nie. As hy volgens hulle mening sy pligte verwaarloos of verkeerdelik optree, moet hulle hom aan die Departement rapporteer, wat dan sy inspekteurs sal gelas om die saak te ondersoek.

In gevalle waar dit voorkom dat Raadslede hulle gesag misbruik, het die Minister volgens Artikel 37

(sub. art.3) van die Kinderwet die mag om te eniger tyd die aanstelling van so 'n lid in te trek.

Die vraag doen hom egter nog voor waarom al hierdie omslagtigheid. Tot dusver lyk dit werklik of die Raad van Beheer geen konstruktiewe doel dien nie, en dat hulle eerder die interne organisasie onnodiglik bemoeilik.

Ons moet egter onthou dat die verbeteringskole nie 'n afgeslote gemeenskap kan vorm nie. Dit is 'n instelling deur die gemeenskap wat in baie opsigte van die gemeenskap geskei is maar nie totaal afgeskei is nie. Dit is daar om gedragsafwykende kinders te rehabiliteer, en na rehabilitasie terug te stuur na die gemeenskap waaruit hulle geneem is.

Wat meer is, deur middel van belastingheffing, betaal die gemeenskap vir die onderhoud van die verbeteringskool. Dit is dan ook niks meer as reg dat hulle ook in 'n mate op die bestuur verteenwoordig moet wees nie.

Op ons gewone skole waar die ouers dié belang by die skoolopvoeding het, nl. dat hulle die gees en rigting van die skool bepaal, het hulle in die geval van die verbeteringskool nie daardie reg nie, want daar word nie voorsiening vir skoolkommissies, ouerkomitees, ouerrade, en so meer gemaak nie. Dit natuurlik is te verstane, want die meeste ouers sal nie geskik wees daarvoor nie. In hierdie opsig is dit een van die belangrikste funksies van die Beheerraad, of Raad van Toesig, om daardie leemte aan te vul.

Verder besef ons dat die algemene publieke opinie geneig is om die misdadiger, jeugdig of volwasse, te brandmerk. Sonder hulle steun en

belangstelling sal die werk van die verbeteringskool onvoltooid bly. Hulle is tog die persone wat die gemeenskap uitmaak - dié gemeenskap waarna die oortreder terug moet keer om 'n bestaan te maak, m.a.w. die gemeenskap waarin hy huisvesting sowel as 'n lewensverdienste moet vind.

As lede van die gemeenskap, en as verteenwoordigers van die gemeenskap op die bestuur van die verbeteringskool, is dit die Raad se plig om die steun en belangstelling van die publiek te wek; sou hulle dit nie doen nie, kan hulle openlik beskuldig word van skroomlike pligsversuim.

As verteenwoordigende die gemeenskap, is dit ook niks meer as reg dat die Raad van Beheer ook 'n sê in die vrylating met vergunning, of ontslag van die leerling uit die verbeteringskool moet hê nie. Die leerling het tog immers teen die gemeenskapswette en -orde oortree.

Ook uit die oogpunt van die skool beskou, is dit niks meer as reg nie dat die gemeenskap ook verantwoordelikheid moet dra vir die rehabilitasie van die leerling; want die leerling is 'n produk van die gemeenskap. Daarmee wil ons natuurlik nie te kenne gee dat die prinsipaal en sy personeel hulle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid so moet afwater dat die onus geheel-en-al op die gemeenskap rus nie. Met die beste wil ter wêreld sal hulle dit ook nie regkry nie.

Die inrigting se interne organisasie behels nie net die oppervlakte wat die geboue beslaan nie, of strek nie net so ver as die grense wat die gronde inkamp nie; inteendeel reik dit tot in die gemeenskapslewe, veral waar daar nou op die basis

van strafhervorming allerlei opvoedkundige en sielkundige eksperimente uitgevoer word. Hier word veral gedink aan die toepassing van vryhede wat aan die leerling toegestaan word om hom geleidelik te laat aanpas by die samelewing buite, en om vas te stel in watter mate hy self-dissipline kan beoefen en verantwoordelikheid kan dra.

Met die beste sielkundige en opvoedkundige onderlegdheid en kennis is dit onmoontlik om die gedrag van 'n misdadiger haarfyn te bepaal, met die gevolg dat enige eksperiment waarby die gemeenskap betrokke raak nadelige gevolge vir die gemeenskap kan inhou, en dit juis waar een van die belangrikste doelstellinge van die verbeteringskool is om die gemeenskap te beveilig. As die Raad van Beheer nie 'n aandeel in hierdie eksperimente het nie, kan dit verwag word dat die gemeenskap gewillig sal wees om die verantwoordelikheid te help dra? Dit sal inteendeel die publieke opinie teen die inrigting opwerk wat uiters nadelig kan wees.

In hierdie lig gestel, is dit duidelik dat die Raad van Beheer of Toesig 'n baie belangrike funksie het om te vervul sover dit die interne organisasie van die verbeteringskool betref. Saam met die prinsipaal en sy personeel is hulle in 'n nie-amptelike hoedanigheid verantwoordelik vir die interne bestuur van die verbeteringskool.

Die meoilikhede wat daar in die verlede was, nl. die gedurige botsings tussen die Raad en die prinsipaal, is iets van die verlede. Namate die hele reorganisasie van die verbeteringskool vaste vorm aangeneem het, het daar ook groter samewerking tussen die Raad en die prinsipaal ingetree. Vandag

dien die Raad as 'n adviserende liggaam wat die prinsipaal waar moontlik en nodig hulle volle steun verleen, sonder om die minste op ongeoorloofde wyse met die interne organisasie van die skool in te meng.

As enige Raad van Toesig dit nie doen nie, is die rede nie omdat dit 'n verkeerde of oorbodige instelling is nie, maar omdat die persone wat op die Raad dien hulle pligte nie ken nie, of te onverantwoordelik is om dit na te kom. Sulke persone behoort nie op so 'n Raad te dien nie.

3. DIE PRINSIPAAL EN SY PERSONEEL.

Wat die interne organisasie van die verbeteringskool betref, is die prinsipaal soos die hoof van enige dagskool direk verantwoording verskuldig aan die onderwysdepartement, en in dié geval, aan die Department van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Hy is daar gestel om toe te sien dat die reëls en regulasies soos opgestel deur die Departement, uitgevoer word. Hy neem natuurlik die gesag en regte van die Raad van Toesig in aanmerking en sal dit ten volle erken en eerbiedig, want dit maak deel van die hele stelsel van bestuur uit, maar op voorwaarde dat dit nie indruis teen sy pligte en verantwoordelikhede teenoor die Departement nie.

Verder is dit ook sy plig om die heelhartige samewerking van sy personeel te kry en te sien dat hulle inisiatief nie onderdruk word nie, maar hy is geen verantwoording aan hulle verskuldig nie. Hy het die mag en gesag en dit word van hulle as ondergeskik aan hom verwag om die grootste lojaliteit en gehoorsaamheid te toon. Hy word uitsluitlik deur die Departement aanspreeklik gehou vir alles wat in

verband staan met sy skool. J. Chris. Coetzee som sy pligte in kort as volg op: „Die skoolhoof is verantwoordelik vir die organisasie en administrasie, die regering en dissipline, die leerstof en metode, ja vir alles wat in verband staan met sy skool." (xli)

Wat sy administratiewe pligte betref, kan ons onderskei tussen die ten behoewe van die Departement, en die wat meer direk betrekking het op die skool self. Ten opsigte van die Departement kom sy administratiewe pligte op die volgende neer: (i) verslae omtrent leerlinge; dit sluit in opnames, vrylatings met vergunning, ontslag van toesig, oorplasings na ander inrigtings, sterfgevalle, weglopers, vordering van leerlinge - met een woord alles van belang aangaande die leerling. (ii)Inkomste- en uitgawe-state, begrotings, voorrade, geboue, hulpmiddels - alles in verband met die finansiëring en onderhoud van die inrigting. (iii) Alles i.v.m. sy personeel wat betref hulle pligte en werksaamhede, bevordering, jaarlikse verhogings, verlof, e.s.m.

Wat die skool self betref, moet hy eerstens die nodige organe verskaf, en tweedens moet hy sorgdra dat die organe behoorlik funksioneer en dat die geheel gladweg beweeg. Om dit te kan doen, moet hy die funksie, samestelling en doel van elke afdeling ken. Hy moet gedurig in voeling met een en almal wees. Hy moet bestuur, lei, besiel en beveel. Hier is dit 'n kwessie van regering en dissipline, van personeel en leerlinge.

---

(xli) Prof. dr. J. Chris Coetzee - Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde - Pro-Ecclesia-drukkery, Bpk., Stellenbosch - 1948 - p. 77.

Die prinsipaal se administrasie en organisasie word verder bepaal volgens die aard van sy skool. Die organisasie van 'n klein skooltjie verskil van die van 'n groot skool, van 'n laerskool van die van 'n hoërskool, van 'n verbeteringskool van die van 'n gewone dagskool.

'n Groot verbeteringskool eis baie groter pligte en verantwoordelikhede as enige ander skool. Eerstens is die tipe kinders abnormaal in die sin dat hulle almal gedragsafwykendes is. Opvoeding is dus hier die eerste en belangrikste taak, terwyl beroepsopleiding slegs 'n tweede plek inneem. Tweedens moet daar voorsiening gemaak word vir die opleiding in soveel verskillende rigtings, wat meebring verskeie werkswinkels, tuinery, landbou, ens. Dan is daar die verskillende koshuise, uitplasingshostels, werkverskaffing, hospitaaldienste - om kort te gaan, behalwe die opleiding wat die taak van die gewone skool is, moet daar ook nog gesorg word vir al die pligspleginge en verantwoordelikhede wat die huis moes dra. Dit is dus vanselfsprekend dat die prinsipaal aan 'n groot verbeteringskool se daaglikse program heelwat anders daar uitsien as die van sy kollega aan 'n gewone skool.

Die werksaamhede is sodanig dat heelwat van die pligte op die skouers van die vise-prinsipaal, of vise-prinsipale, (by groot verbeteringskole is twee vise-prinsipale) rus. Die organisasie is so saamgestel dat die vise-prinsipale elk vir verskeie afdelings of departemente aan die prinsipaal verantwoordelik is. Onder sy toesig is hulle in beheer van die departemente min of meer op dieselfde wyse as 'n dekaan aan 'n universiteit in beheer is

van sy fakulteit.

Om egter nie los te staan van die inrigting as geheel nie, word in die eerste plek, elke vise-prinsipaal in beheer geplaas van die afdelings of departemente wat die nouste verband met mekaar het. Tweedens word al die verskillende departemente deur die prinsipaal, as 'n geheel geïntegreer. Deur sy vise-prinsipale bly hy in noue voeling met alle afdelings van sy skool. Van hom gaan die bevele na een van die vise-prinsipale, (dit hang af op watter departement dit betrekking het) wat moet toesien dat dit uitgevoer word.

Die prinsipaal en vise-prinsipale is verantwoordelik vir die gang van sake, en om sake glad te laat verloop, is die kernvereiste dat daar eenstemmigheid onder hulle moet wees. In hierdie opsig word dit dan ook van die vise-prinsipale vereis dat hulle die grootste lojaliteit teenoor die prinsipaal en teenoor mekaar moet betoon.

Waar die prinsipaal en sy vise-prinsipale vir die bestuur van die skool verantwoordelik is, kan ons sê dat hulle meer die beleid behartig. Die praktiese uitvoering daarvan word deur die res van die personeel uitgevoer. Hulle is die masjien van die inrigting, en die belangrikste taak van die bestuur is dat hierdie masjien 'n kragtige en gladbewegende meganisme is.

M.N. Smuts maak byvoorbeeld die volgende opmerking oor hierdie „masjien": „Die masjien van 'n inrigting is sy staf, en sonder 'n kragtige, gladbewegende meganisme is alle beweging haperend en stotterend, as dit hoegenaamd beweeg. Dit mag ook wees dat dit met veel lawaai en 'n hewige gedoente

net bly waar dit is. Maar al loop hierdie masjien ook hoe stil en vlot, dan moet dit erns heen, en die persoon wat vir die rigting verantwoordelik is, is die hoof. Hy is die stuurman aan die wiel." (xlii)

Die personeel van 'n verbeteringskool, kan wat hulle werksaamhede betref, in baie opsigte vergelyk word met die meganisme van 'n groot masjien. Die verskillende onderdele van die masjien het elk sy spesifieke funksie, maar tog is hulle so gekoördineer dat hulle saam verantwoordelik is vir die werking van die hele meganisme. As een van hierdie onderdele nie reg funksioneer nie, kan die masjien nie normaalweg beweeg nie. Dit is 'n kwessie van differensiasie en sentralisasie.

Die differensiasie bestaan hierin dat die personeellede se werksaamhede so verskillend van aard is. Waar die personeel van 'n dagskool almal net onderwysers is, bestaan die personeel van 'n verbeteringskool uit, klerke, magasynmeesters, onderwysers, opsigters, hostelmeesters, matrones, vragmotorbestuurders, verpleërs of verpleegsters, kooksters, e.s.m. Op Diepkloof is die verskeidenheid nog groter waar 'n gedeelte van die staf blankes en die ander gedeelte nie-blankes is.

KLERKE EN MAGASYNMEESTERS.

A. Klerikale Afdeling:

Aan 'n groot verbeteringskool met soveel verskillende departemente, 'n leerlingtal wat wissel tussen 780 en 800 en 'n staf van oor die 100, is baie klerikale werk verbonde.

---

(xlii) Dr. M.N. Smuts - Inrigtingsadministrasie en

Die werksaamhede en verantwoordelikhede is op verskillende verbeteringskole effens verskillend ingedeel, maar oor die algemeen kan die pligte van hierdie afdeling as volg saamgevat word:

(i) <u>Pos</u>. Die klerikale afdeling is eerstens verantwoordelik vir die inkomende en uitgaande pos. Die inkomende pos word deur die inrigtingsklerk in teenwoordigheid van die prinsipaal of een van die vise-prinsipale oopgemaak. Na die prinsipaal die nodige samesprekings met die vise-prinsipale gevoer het, word die pos na die verskillende afdelings wat daarby betrokke is, versprei.

Die uitgaande pos word alles deur die prinsipaal as die aanspreeklike persoon geteken en dan aan die inrigtingsklerk vir afsending oorhandig.

(ii) <u>Gelde</u>. Alle gelde, insluitende tjeks, bankboekies, skatkisorders, ens. moet deur die klerikale afdeling geboekstaaf word, die nodige deposito-vorms, uitbetalingsbewyse, registers, kleinkasrekenings, e.s.m. moet uitgemaak word, deur die prinsipaal nagesien en goedgekeur word. Dit is 'n absolute vereiste dat waar daar met soveel verskillende gelde gewerk word, dat alle verslae juis en op datum moet wees. Om hierdie rede stuur die Departement, sonder waarskuwing, op onbepaalde tye sy ouditeurs uit om die boeke van sy verskillende skole na te gaan.

(iii) <u>Staf</u>.

(a) <u>Diensstaat</u>

'n Personeelregister is nodig om verslag te hou van al die lede op die diensstaat van die skool. Alle veranderings soos; verplasings,

bedankings, verandering van poste, nuwe poste, aanstellings, ens., moet in die register aangeteken word. Dit is natuurlik vanselfsprekend dat die salarisskale, aanpassings en verhogingsdatums van die verskillende staflede ook baie noukeurig in so 'n register aangetoon moet word.

(b) Salarisstate - Amptelike vorm Z.51.

Vir die maandelikse uitbetaling van salarisse is dit nodig dat hierdie vorm voor die 10de van elke maand, behoorlik voltooi, aan die Departement gestuur moet word. Die basiese salarisse, lewenskostetoelae, en alle aftrekkings word op hierdie vorm aangedui. Die Departement stuur hierdie vorm terug, en met uitbetaling moet elke staflid vir sy salaris teken en tegelykertyd enige veranderinge parafeer. Hierna word die staat deur die prinsipaal geteken en teruggestuur aan die Departement. As duplikaat hou die skool 'n losblad-salarisstaat, U.E. 68.

(c) Salarisverhogings.

Salarisverhogings word op vorm Z. 27 aangevra, en sodra dit goedgekeur is in die register aangeteken.

(d) Verlof en Staatsamptenare-konsessies.

Na die prinsipaal 'n staflid se verlof aanbeveel het, word die gebruiklike vorm Z.1, voltooi, en na die Departement gestuur vir goedkeuring.

Aansoek vir staatsamptenare-konsessies word op vorm Z. 2 gedoen.

(e) Reis- en verblyfkoste en motorvervoer.

Volgens departementele regulasies kan persone op departementele diens, weg van die skool, ooreenkomstig vasgestelde tariewe, 'n eis vir

reis- en verblyfkoste instel. Vir hierdie doel word vorm - Z. 42, gebruik.

In gevalle waar privaatvervoer in diens van die Departement gebruik is, word die eienaar van die motor ook ooreenkomstig vasgestelde tariewe vergoed. Aansoek om vergoeding word op vorm - Z. 43 gedoen.

(iv) Leerlinge.

Verskillende vorms en verslae moet van tyd tot tyd i.v.m. die leerlinge voltooi word.

(a) Toelatings.

By toelating moet die begeleides wat die leerling oorhandig, van Ontvangsbewys, U.E. 106, voorsien word. So gou doenlik moet die Departement op vorm - U.E. 55 (in drievoud) van die toelating verwittig word.

(b) Weglopers.

Weglopers moet onmiddellik aan die Departement, die S.A.K.B., die skool se naaste polisie-stasie en die naaste polisie van die area waarvan die leerling oorspronklik opgeneem is, gerapporteer word. Vir hierdie doel word vorm S.A.P. 55 in vyfvoud voltooi en aan die betrokke belanghebbendes gestuur. Bykomstig moet die Departement van vorm - U.E. 55 voorsien word. (Die vorm in gebruik vir die beweging van leerlinge).

(c) Vrylating met vergunning.

Met die vrylating van leerlinge moet verskillende Kinderwetvorms voltooi word. Die eerste vorm van belang is die Vorm - K.W. 52 wat ingevolge Artikel 41(1) van die Kinderwet No. 31 van 1937 opgestel is. Hierdie vorm dien as 'n aansoek by die Minister vir die vrylating met vergunning van 'n leerling wie se aanhouding in die verbeteringskool

minder as twee jaar is.

Die tweede vorm van belang is die Vorm K.W.49, die sogenoemde „vorm van vergunning." Ooreenkomstig Artikel 41 van die Kinderwet, No. 31 van 1937, word die leerling met vergunning vrygelaat in die bewaring van 'n geskikte persoon.

Saam met die K.W. 52 word die vorms K.W. 48 en 53 voorgelê. Die Vorm K.W. 48 is 'n verslag aangaande die geskiktheid van die bewaarder, en die K.W. 53 is 'n verslag van die leerling.

Die volgende vorm van belang is die K.W. 54. Dit is 'n verslag van die leerling aan die persoon wat toesig oor hom moet uitoefen terwyl hy met vergunning vrygelaat is.

Vorms K.W. 49 en 52 word deur die klerikale afdeling voltooi, maar vorms K.W. 53 en 54 word deur die afdelings betrokke by die opleiding van die leerling voltooi. Die klerikale afdeling doen slegs die tikwerk daaraan verbonde.

(d) <u>Intrekking van Vergunning.</u>

As 'n leerling nie die voorwaardes van sy vrylating met vergunning nakom nie, het die bestuur ooreenkomstig Artikel 41(3) van die Kinderwet die mag om die vergunning in te trek. Vorm K.W. 51 wat dien as 'n kennisgewing van die intrekking van die vergunning word aan die persoon wat die leerling in bewaring het gestuur, om hom te gelas om die leerling onmiddellik na genoemde verbeteringskool terug te stuur.

(e) <u>Ontslag van die Bepalings van die Kinderwet.</u>

Die ontslag van 'n leerling van die bepalings van die Kinderwet kan op die volgende gronde

geskied: (i) As hy nie meer baat by verdere inrigtingsbehandeling sal vind nie. (ii) As sy aanpassing as sodanig is dat hy nie meer verdere toesig nodig het nie. (iii) As sy toesigperiode verstreke geraak het. In laasgenoemde geval volg sy ontheffing van die Kinderwet outomaties. Onder (i) en (ii) moet die Minister sy goedkeuring gee vir ontslag en in die geval word volledige verslae oor die leerling verwag.

(v) Raad van Beheer.

Saam met die prinsipaal maak die Raad van Beheer, of Toesig, die bestuur van die inrigting uit. Gewoonweg word daar maandeliks 'n Raadsvergadering gehou. Onder toesig van die prinsipaal moet die inrigtingsklerk die agenda asook die verslae van die vergaderings opstel. Verder moet een van die klerke die raadslede skriftelik in kennis stel van die vergaderings, asook die nodige reëlings tref met die Staatsgarage vir die vervoer van diegene wat nie van eie vervoer gebruik wil maak nie.

Verslae van die vergaderings moet ook gereeld aan die Departement gestuur word.

(vi) Werkorders.

Omdat die klerikale afdeling verantwoordelik gehou word vir alle gelde, is dit noodsaaklik dat alle werkorders deur hierdie afdeling uitgereik moet word. Dit sluit in die werk wat vir die skool self gedoen word, asook die werk en vervaardiging van artikels vir die staf en andere.

'n Uitreikingsbewys U.E. 9 word verstrek vir alle plaasprodukte wat aan die personeel verkoop word. Die bedrae verskuldig, sowel as die gelde wat ontvang word, word in die register vir oplopende

rekenings ingeskryf.

(vii) Opgawes.

Die Departement vereis van tyd tot tyd verskillende opgawes omtrent sekere sake. Hierdie opgawes kan ingedeel word onder, (a) maandelikse (b) kwartaallikse (c) half-jaarlikse en (d) jaarlikse opgawes.

(viii) Verslae.

Volledige verslae word ook vereis van die verlies, beskadiging of afskryf van staatseiendom of voorrade.

Bogenoemde is slegs 'n baie beknopte verslag van die aandeel wat die klerikale afdeling in die interne organisasie van die verbeteringskool het. Namate die organisasie meer omvangrik en gekompliseerd geword het as gevolg van die toepassing van opvoedkundige metodes, het hierdie afdeling se werksaamhede uitgebreider en veeleisender geraak.

Die volgende amptelike regulasies is van toepassing op hierdie afdeling:

(1) Finansiële Regulasies.

(2) Staatsdiensregulasies.

(3) Regulasies en bepalings omtrent pensioene.

(4) Regulasies in verband met Vakskole.

(5) Nuwe regulasies en gewysigde regulasies wat van tyd tot tyd deur die Rekeninge afdeling van die Departement uitgevaardig word.

(6) Regulasies van die Sentrale Magasyn van die Departement.

B. Magasynmeesters.

Die magasynmeesters is verantwoordelik vir die bestel, ontvangs, uitreiking en betaling van voorrade.

Na die skool se jaarlikse begroting goedgekeur is, begin die verskillende afdelings- of departementele hoofde hulle aansoeke by die magasynmeesters indien, wat dan moet reëlings tref vir die aankoop daarvan.

Sekere aankope word van die staatskontrakteurs wat deur Tenderraad benoem is, aangekoop. Artikels in voorraad by die Sentrale Magasyn, word daarvandaan bestel, en alle artikels wat nie van bogenoemde verkry kan word nie, word deur die magasynmeester by een of ander besigheid aangekoop, mits die artikels nie meer as £20 kos nie, en dit tot die beste voordeel is.

As die prys van die betrokke artikels meer as £20 is, maar nie £100 oorskry nie, moet aansoek gedoen word vir informele tenders. Indien die bedrag £100 oorskrei moet Tenderraad genader word vir formele tenders. Na die tenders aangeneem is, word die bestellings geplaas.

Alle aankope word deur die sentrale magasyn van die skool ontvang, en deur die magasynmeester op voorraad geneem. Hulle doen dan die uitreikings aan die verskillende inrigtingsdepartemente wat op hulle beurt die artikels op voorraad neem en natuurlik ook die verantwoordelikheid daarvoor dra.

Maandeliks word die Rekeningstaat U.E. 1, asook die rekenings van die verskillende firmas en besighede by wie die aankope gedoen is na die Departement gestuur, wat op sy beurt alles nagaan. Die Departement stuur dan die verskillende skatkisorders aan die skool vir betaling. Die skool stuur dan deur middel van sy magasynmeester die skatkisorders na die betrokke krediteure.

Net soos in geval van die klerke moet die magasynmeesters ook maandelikse, kwartaallikse, halfjaarlikse en jaarlikse state opstel en aan die Departement stuur. Hierdie state sluit o.a. die volgende in: Maandelikse Rekeningstaat U.E.1, Maandelikse Vervoerstaat - L.B. 2 asook die verskillende logstate, kwartaallikse state vir die aankoop van vrugte en groente wat nie op kontrak was nie, state vir die vervoer van steenkool en hout, halfjaarlikse state vir die oorplasing van inter-inrigting of -departementele voorrade en artikels, en die Jaarlikse Stoortransaksie-staat.

Beide die klerke en die magasynmeesters vul belangrike posisies in die interne organisasie van die verbeteringskool. In die eerste plek verrig hulle die deel van die administratiewe werk wat die inrigting verbind met die uitwendige organisasie. Tweedens word hulle verantwoordelik gehou vir die hele boekhoustelsel, en derdens, vir alle aankope.

As daar swak organisasie en gedurige vertragings in hierdie afdelings is, ly die skool as geheel daaronder. Om hierdie rede het ek miskien meer aandag aan hierdie twee afdelings gegee as wat gewoonweg verwag of gedoen word. Uit ondervinding weet ek egter watter reuse aandeel hulle in die hele verloop van die inrigtingsorganisasie het, en is verbaas dat daar nog altyd so min melding van hulle gemaak is. Die moontlike redes is, omdat die meeste opvoedkundiges meen dat hulle nie so direk met die leerling se opvoeding gemoeid is nie. Dit mag waar wees, maar geen groot organisasie kan hulle dienste ontbeer nie, al is dit ook 'n opvoedkundige organisasie.

ONDERWYSERS.

In hoeverre die onderwyser met die interne organisasie gemoeid is, word duidelik bepaal deur die plek wat hy in die praktiese opvoeding inneem. Hieromtrent sê J. Chris Coetzee, die volgende:

„In enige stelsel van praktiese opvoeding neem die onderwyser 'n sentrale plek in. Die geskiedenis van die onderwys en opvoeding leer ons dat die onderwyser, as die plaasvervangende ouer, nog altyd die middelpunt van die skoolopvoeding was." (xliii)

Op 'n groot verbeteringskool word die onderwysers in drie groepe verdeel: onderwysers wat belas is met gewone skoolonderrig of dagskoolonderwysers, onderwyser-sielkundiges en onderwyser-nasorgbeamptes.

1. Dagskoolonderwysers.

Aan elke groot inrigting is die dagskool een van die verskillende departemente waaruit die inrigting as geheel bestaan. Die leerplan wat gevolg word is van 'n tegniese aard of ooreenkomstig die laerskoolleerplan so van toepassing op die provinsiale skole. Dit hang af van die gemiddelde skolastiese kwalifikasies van die leerlinge en die beroepe wat hulle van plan is om in die buitelewe te volg.

Die skoolafdeling met sy senior onderwyser en assistente ressorteer gewoonlik onder een van die vise-prinsipale.

---

(xliii) Prof. dr. J. Chris. Coetzee - Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde - Pro Ecclesia-drukkery Bpk., Stellenbosch - 1948, p. 61

2. Onderwyser-sielkundiges.

(a) Geestelike rehabilitasie van leerling.

Alhoewel volksonderwys en beroepsvoorbereiding 'n belangrike plek beklee in die opvoedingsprogram van die verbeteringskool, is die behoeftes van die leerlinge sodanig, dat dit nie die hoofdoel van die inrigting kan wees nie.

Die leerlinge aan 'n verbeteringskool se eerste en grootste behoefte is geestelike rehabilitasie, want byna almal van hulle het onder omstandighede opgegroei wat hulle geestelik gekrenk en vervorm het. In hierdie verband merk J.A.le Grange die volgende op: „Wat hierdie kinders nodig het, in die eerste instansie, is nie boekgeleerdheid en ambagsvaardigheid nie, maar geestelike rehabilitasie, die verwerwing van 'n gesonde lewensuitkyk en van 'n normale aanpassing aan die eise van die gemeenskap." (xliv)

Dat die verbeteringskool geestelike rehabilitasie sy hoofdoel maak, is dan ook te verstane, want alhoewel boekkennis en ambagsvaardigheid uiters belangrike faktore in die opvoeding is, is die primêre vereiste dat die kind die vermoë moet ontwikkel om hom aan te pas aan die vereistes van die maatskappy. Sonder aanpassing sal die hoogste akademiese of tegniese sertifikate vir hom van weinig waarde wees.

In die verbeteringskool kry ons dan ook voortdurend met leerling te doen wat psigopatiese simptome

---

(xliv) Dr. A.J. le Grange - Openingsrede by die S.A.V.V.-Kongress op Bloemfontein, op 27 Junie 1938 - „Werk," - Kwartaalblad van die S.A.V.V. - Des. 1938 - p.33.

in een of ander rigting openbaar. Hy is wanaangepas teenoor homself, teenoor sy onmiddellike omgewing en teenoor die breëre samelewing. Hy toon bepaalde karakter- en gedragsafwykings, sy hele lewens- en wêreldbeskouing, (as hy dit het) is verkeerd en verwronge.

Hierdie patalogiese verskynsels het gewoonlik diepliggende grondoorsake, en alvorens hierdie oorsake nie verwyder is nie, sal die kind se lewe nie normaal en ewewigtig word nie.

Om hierdie grondoorsake te verwyder, is dit nodig dat ons in die eerste plek 'n baie intieme kennis van die kind moet hê. Tweedens moet ons gedurig in aanraking met hom bly, om hom met raad en daad by te staan sodra nuwe probleme hulle verskyning maak, of wanneer oues weer van nuutsaf opduik.

(b) Beroepsvoorbereiding.

In ons moderne samelewing van spesialisasie het boekkennis en beroepsvoorbereiding van soveel belang geword dat 'n persoon daarsonder hom ook nie sal kan aanpas nie. Om die rede kan hierdie belangrike aspekte van die opvoeding ewemin verwaarloos word.

Beroepsvoorbereiding vereis kennis van die bepaalde beroep wat gevolg gaan word, en die bedrewenheid om daardie kennis op die beste wyse in die praktiese lewe toe te pas.

Om die opleiding doeltreffend te maak, is dit nodig om vas te stel of die leerling werklik sin in die bepaalde beroep het, en of hy die begaafdheid besit om die kursusse i.v.m. die beroep met sukses te kan voltooi.

In die eerste opsig is dit dan nodig om vas te stel in watter rigtings die leerling se belangstelling strek, en tweedens wat sy verstandelike vermoë of I.K. is.

Wat die belangstelling van die kind betref, is noukeurige waarneming van die uiterste belang, en wat sy begaafdheid betref, moet verskillende intelligensie-toetse toegepas word.

Vir bogenoemde dienste is 'n sielkundig-gekwalifiseerde staflid nodig. Die Departement vereis dan ook dat die minimum kwalifikasies van so 'n persoon 'n B.- graad met sielkunde as hoofvak, plus 'n onderwysersdiploma moet wees. Indien die persoon nie 'n onderwysersdiploma besit nie moet hy minstens 'n M-graad in sielkunde hê.

(c) <u>Belangrikheid van die Departement.</u>

Die dienste van sulke persone is onontbeerlik aan 'n inrigting waar gedragsafwykende kinders opgevoed moet word. Die skool se hele opvoedkundige program is om hierdie departement gesentreer. Heeltemal tereg merk A.J. le Grange dan ook op: „Alles wat in die inrigting gedoen word - in die skool, in die werkswinkel, in die koshuis, op die sportveld - moet gesien word as deel van die groot taak van geestelike rehabilitasie, en is diensbaar aan die een groot doel." (xlv)

In sy rapport aan die departement oor sy oorsese besoek i.v.m. die praktyk in inrigtings aldaar, skryf A.S.Paton, gewese prinsipaal van Diepkloof-verbeteringskool, die volgende omtrent

---

(xlv) Dr. A.J. le Grange - Openingsrede by die S.A.V.V.-kongres op Bloemfontein, op 27 Junie 1938 - „Werk" - Des. 1938 - p.33.

sielkundige dienste aan so 'n inrigting: „It is clear that the service is indispensable if we are to enable the pupil to make the best use of his institutional term, and by some method more sure and swift than trial and error. The modern institutions of Sweden and America all have psychological services." (xlvi)

3. <u>Onderwyser-nasorgbeampte</u>.

Die belangrikheid van nasorg word vandag dwarsdeur die wêreld erken. Dit is feitlik 'n aangenome aksioma in elke land. Na die behandeling in die verbeteringskool waar die leerling gedurig onder toesig was, en hy as 't ware nie toegelaat is om baie foute te begaan nie, word hy by vrylating in 'n gemeenskap geskuif, soms 'n baie vyandelike gemeenskap, om self te beraam, te oordeel en te besluit. Hy is nie toegerus daar voor nie; met die gevolg dat hy baie maklik die pad byster raak en wegdwaal na sy ou gang van misdaad. Om hom te laat aanpas in die buitelewe is deel van die verbeteringskool se pligte - miskien die belangrikste pligte, want hiervolgens word die werk van die skool beoordeel. In verband met die nasorg merk John B. Costello, 'n superintendent van die „Boys Vocational School, Lansing, Michigan,"die volgende op: „The institution releasing a boy has done only part of the job of rehabilitation. Institutions are seldom places where a person can get very much practice in habits that are similar to those of free society. The institution has given the boy a start toward the

---

(xlvi) A.S.Paton - Report to the Secretary of Union Education - 3.4.1947 - p.43.

acceptance of social responsibility. It is in the community that the lesson he has learned are put to test." (xlvii)

Dit is in hierdie toets wat hy die hulp van die onderwyser-nasorgbeampte nodig het, wat iemand moet wees met opleiding, ervaring en persoonlikheid. Met beslistheid en vriendelikheid moet hy lei en help. As daar nie so 'n persoon is nie, gebeur te dikwels wat L. le Mesurier so juis en treffend in die volgende woorde weergee: „If there is no friendly voice and steady hand close beside him, as he makes his first steps in a none too welcoming world, it may well be that in spite of all that has been done for and by and with him, he may slip again and fall.

Such a tragic anti-climax is to be avoided at all cost. It was, we saw, one of many condemnations of prison treatment, that it made no provision of an adequate and authoritative kind for this inevitable danger." (xlviii)

Die nasorgbeampte moet die na-effekte wat deur die gebondenheid van die inrigtingslewe veroorsaak is, deur nasorgtoesig laat neutraliseer. Die vrygelate leerling moet die inrigtingslewe ontgroei en in die breë gemeenskap ingroei.

Hierdie ingroeiing of ontwikkeling kan alleenlik normaal verloop as die regte voorbereidings, soos 'n geskikte verblyfplek, gepaste werk, vrugbare vryetydsbesteding, ens., getref is. Die hele heraanpassings-

---

(xlvii) John B. Costello - Institutions of Juvenile Delinquents - 'n bydrae tot - The Annals of the American Academy of Political and Social Science - Jan. 1949. The American Academy of Political and Social Science - Philidelphia - 1949 - p.177.

(xlviii) L. le Mesurier - Boys in Trouble - Butler & Tanner Ltd., - Frome & London - Great Britain - 1939 - p.249.

proses moet geleidelik volgens 'n definitiewe plan geskied. Namate die leerling meer selfstandig begin word, word die toesig so ongemerk teruggetrek.

4. Vakonderwysers.

Waar die onderwyser op die dagskool meer met die hoof en die hart te doen het, moet die vakonderwyser hom toelê op die hand.

Soos reeds daarop gewys, is beroepsvoorbereiding een van die belangrikste faktore by normale aanpassing. As die leerling een of ander ambag kan beoefen, voel hy veiliger in die ekonomiese wêreld. Verder verhoog dit natuurlik ook sy persoonlike status in diè sin dat hy besef dat hy nou tot 'n bepaalde groep opgeleide persone behoort waar handvaardigheid en kennis 'n vereiste is. Deur aktiewe handeling kan hy nou bevrediging gee aan sy skeppingsdrange.

Leerlinge word egter nie lank genoeg in verbeteringskole aangehou om hulle leerlingskap te voltooi nie. Die opleiding dien grotendeels slegs om die leerling 'n basiese begrip van die ambag te gee. Dit is op die keper beskou, slegs voorvak-leerlingskap-opleiding; soos J.B.Costello dan ook meld: „In a sense, institutional training can be considered preapprentice training." (xlix)

In die verbeteringskool dien vakopleiding hoofsaaklik as 'n therapie. Die leerling kry nie slegs 'n kans om sy handvaardigheid meer besonder te beoefen nie, maar hy het ook die geleentheid vir selfskepping, privaat inisiatief, selfwerksaamheid en aktiwiteit.

---

(xlix) The Annals of the American Academy - p.172.

Daar word dan gevolglik ook grotendeels toegespits op indiwiduele onderrig. Die leerplan-indeling is dan ook meer vertikaal as horisontaal. Op sommige van die verbeteringskole word die Jena-plan in gewysigde vorm toegepas.

Daar word veral op die volgende ambagte toegespits: houtwerk, verfwerk, kleremakery, skoenmakery, bouery, plaat- en metaalwerk en ander ambagte wat nie so hoogsgespesialiseerd is nie.

Dit is dan vanselfsprekend dat die vakonderwyser in die eerste plek 'n persoon moet wees, wat 'n deeglike kennis van die jeugmisdadiger en sy probleme moet hê. Tweedens moet hy sy hart in sy werk hê en goed goed belese in sy vak wees.

Die praktiese waarde van vakopleiding as therapie in die opvoedingsproses aan 'n verbeteringskool is oor die jare positief bevestig. Aan al die moderne verbeteringskole neem dit dan ook beslis 'n vername plek in die opvoedingsprogram in, en word die vakonderwyser van groot belang beskou sover dit die interne organisasie van die skool betref.

Hy is nie slegs verantwoordelik vir die opvoeding en opleiding van die leerling nie, maar vir die organisasie van die werkswinkel en die voorrade. Boonop word van die werkswinkels verwag om die nodige artikels vir inrigtingsgebruik te vervaardig. Baie van hierdie artikels, soos klerasie en skoeisel is absoluut essensieel, en op vasgestelde tye moet sekere voorgeskrewe kwotas gelewer word. Soms moet selfs bestellings van ander skole of Departemente uitgevoer word.

Dit word van die vakonderwyser verwag dat hy sy verpligtinge teenoor die leerling sowel as die skool

stiptelik moet nakom. As daar iets met sy organisasie verkeerd is, soos bv. die vervaardiging van artikels wat deur die skool gebruik word, raak dit die hele interne organisasie direk.

5. Onderwyser van Liggaamlike Opvoeding.

Die belangrikheid van liggaamlike opvoeding word vandag dwarsdeur die wêreld besef. „Elke land ontwaak op die gebied van liggaamlike opvoeding, sy krag en waarde laat geen twyfel meer nie." (1)

Die praktiese ondersoeke van persone soos Schmid-Monnard, Leo Bürgerstein, Koperschoek e.a. het die nut en belangrikheid van liggaamlike opvoeding onteenseglik bewys.

As die liggaamlike opvoedingsprogram aanpas by die behoefte en ontwikkeling van die kind, is dit een van die beste voorbehoedmiddels om fisieke agteruitgang en geestelike degenerasie te voorkom.

Die liggaam en die gees is so onafskeidbaar verbonde dat die gebreke van die een definitiewe nawerking op die funksionering van die ander toon.

Die doel van liggaamlike opvoeding is dan ook om die kind beter toe te rus deur sy liggaam te versterk, sy verstand te verryk en sy siel te verhef. Om hierdie rede neem dit dan ook 'n baie belangrike plek in die opvoedingsproses van die verbeteringskool in, en is die onderwysers ook verantwoordelik dat hierdie departement goed georganiseer is, en op so 'n wyse dat dit 'n integrale deel van die organisasie as geheel vorm.

---

(1) D.J.P. Smith - „Liggaamlike en Gesondheids-opvoeding," - Hoofstuk IX - Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys - Redaksie Prof. dr. Coetzee & dr. J.H.Bingle - p. 257.

Die program moet so opgestel wees dat die leerling hier die kans kan kry om hom spontaan uit te lewe. Daar moet vrylike kompetisie, onderlinge hulpverlening, sosiale omgang, goedige spot, innige belangstelling en respek vir orde en reëls wees. Die leerling lewe hom in die sin uit dat hy ongebonde voel. maar homself in die mate dissiplineer dat hy nie tot aanstoot van sy mede-deelnemers wil wees nie.

Enigiemand wat die wese van die menslike natuur reg begryp, sal geredelik instem dat afwisseling nodig is om normale geestelike ontwikkeling te laat plaasvind. Na spanning moet ontspanning volg om oorspanning te verhoed. Tereg merk Costello in sy artikel, „Institutions for Juvenile Delinquents," die volgende op: „In an institution caring for delinquent boys, there is a definite need for activities which permit opportunities for normal emotional outlets. Institution living, with its necessary restrictions on the individual, must be compensated by wholesome recreational activities that are within the range of interests and abilities of adolescents." (11)

Die onderwyser van liggaamlike opvoeding is nie net verantwoordelik vir sport, spele, atletiek en gimnastiek nie. Hy moet ook gesondheidsopvoeding gee. Om hierdie rede word hy ook verantwoordelik gehou vir Eerste hulp en Higiëne. Op party skole word dit nie gedoen nie, maar op Diepkloof het ons die kombinasie so vanselfsprekend gevind, dat dit by die organisasie van die liggaamlike opvoeding ingesluit is.

Om liggaamlike opvoeding sy juiste plek in die opvoedingsproses te laat inneem, is dit noodsaaklik

---

(11) The Annals of The American Academy of Political and Social Science - Jan. 49 - p. 173.

dat hierdie departement baie goed georganiseer moet wees.

OPSIGTERS.

Een van die beskrywingspunte wat op die Kongres van die Suid-Afrikaanse Vakskoolvereniging gehou te Kimberley, vanaf 6 - 9 Oktober 1951 bespreek is, het as volg gelui: „Aangesien die benaming ‚Opsigter' nie die ware aard, wese en werksaamhede van die amptenare omskrywe nie, en verwar met opsigters van geboue (Engels - caretakers), wens ons aan te dring op 'n gepaster benaming soos bv. ‚instrukteur', veral daar laasgenoemde reeds lankal vervang is deur die term, ‚vakonderwyser'".

Dit is dan ook waar dat hierdie persone se vername pligte nie net die van toesighouers of opsigters is nie. Hulle is net soos die onderwysers belas met die praktiese uitvoering van die skool se werksaamhede. Alhoewel hulle nie professioneel of tegnies gekwalifiseerd is nie, is hulle in dieselfde mate met die opvoeding van die leerling gemoeid as enige van hulle ander kollegas. Hulle werksaamhede is dan ook oor die hele organisasie versprei, behalwe waar gespesialiseerde dienste vereis word. Sommige van hulle tree selfs as vakonderwysers veral in die boubedryf op. Op Diepkloof is die plaas-instrukteur en die tuinier ook opsigters, en hulle beheer, organisasie en instruksie laat niks te wense oor nie.

Die diensreëlings soos naweekdiens, nagdiens, vakansie-dienste, ens., word bv. alles deur die opsigter, spesiale graad, of opsigter graad I gereël.

Verder is dit die taak van die opsigters in bevel van die spanne om die verskillende span- en

inrigtingsdienste te reël. Al die leerlinge werksaam in hierdie afdelings is onder hulle toesig en leiding. Dit is dan ook hulle plig om die leerlinge sowel as die opsigterstaf ooreenkomstig behoefte na die betrokke afdeling te verwys. As daar iets met sy gesondheid verkeerd is, sal hy hom na die hospitaal verwys; as hy een of ander huislike moeilikhede het, sal hy hom na die onderwyser-nasorgbeampte verwys; i.v.m. geldelike sake na die klerikale afdeling; as die leerling enige geestelike steurnisse vertoon, na die sielkundige-afdeling; so doen hulle die distribusie na gelang van omstandighede.

Dan is daar nog die kwessie van toesig hou oor die slaapkamers, die meublement, klerasie, die netheid van die hele gebou, e.s.m. Hulle is dan, om kort te gaan, meer verantwoordelik vir die organisasie van die huishoudelike dienste van die skool.

Die opsigter graad III, (die pos waarin die nuutaangestelde opsigter begin) neem net soos die bewaarder spanne uit vir gewone werk op die plaas of in die tuine. Sy werk verskil egter van die bewaarder s'n in baie opsigte. Hy is nie net 'n toesighouer oor die leerlinge nie, maar ook hulle onderrigter en opvoeder. In samewerking met die sielkundige-afdeling moet hy sy span se belange behartig, hulle probleme oplos, en toesien dat die aanbevelings van die bestuur prakties uitgevoer word.

Alhoewel hierdie leerlinge gewone arbeid verrig, verskil hierdie arbeid van algemene arbeid in die sin dat hulle onderrig ontvang, hulle belangstelling word gewek - hulle neem aktief deel.

Die naturelle-leerling op Diepkloof wat op die tuin- of plaasafdeling werksaam is, weet by vrylating

baie meer van blomme, groente en algemene plaasprodukte as die gewone naturelle-arbeider wat jare in dieselfde afdelings werksaam was. Die onderrig wat die opsigter verskaf is sodanig, dat die leerling mettertyd vertroud raak met die hele tegniek, doel en nut van die werk waarmee hy besig is. In die blomtuin word hy geleer hoe om die saadbeddens voor te berei, die saad te saai, die plantjies te plant en te versorg, die name van die verskillende blomme, hulle aard, ens.

In die plaasafdeling word in elke onderafdeling dieselfde prosedure gevolg. Die resultaat is dat die algemene arbeid wat gewoonlik sielsdodend en afmattend is, nou lewe kry en by die leerling belangstelling, selfwerksaamheid, aktiwiteit en privaat inisiatief wek. Hy sien 'n begin en doel in sy werk en dit is nie meer nodig om hom passief voort te dryf nie.

Die opsigter graad II , van wie nog nie melding gemaak is nie, is of die assistent van die graad I, of hy is belas met dieselfde dienste as die graad III. Die verskil is egter dat daar aan hom die sorg van die moeiliker leerlinge toegesê word. Hulle is die leerlinge wat groter afwykings toon en ook moeiliker beheerbaar is.

Die groot waarde van die opsigter lê hierin dat hy die werk doen wat die opgeleide professionele of tegniese persoon nie wil doen nie. Soos die mens nou eenmaal is, ag hulle dit benede hulle waarde; alhoewel uit 'n organisatoriese of opvoedkundige oogpunt beskou, is dit net so belangrik en onmisbaar as enige van die ander dienste. Die feit dat die Departement 'n tydjie gelede besluit het dat alle nuwe aanstellings in opsigterposte std. VIII as

'n minimum-kwalifikasie vereis, toon watter waarde hulle aan hierdie soort werk heg. Verder sal enige prinsipaal van 'n verbeteringskool kan getuig dat 'n pligsgetroue en verantwoordelike opsigter vir hom net soveel werd is as enige van die ander personeellede, want hy besef dat as die ondergeskikte pligte en verantwoordelikhede nie getrou nagekom word nie, die organisasie nie sal vlot nie.

HUISVADERS EN HUISMOEDERS.

Soos reeds daarop gewys, is die verbeteringskool ook belas met die huislike opvoeding. Volgens Art. 57 van die Kinderwet No. 31 van 1937, word sekere van die ouerlike magte dan ook oorgedra op die raad of bestuur van die verbeteringskool.

Hoe uiters belangrik hierdie taak is, blyk uit die plek wat die huis in die opvoeding inneem. Die huis is die eerste en oorspronklike instelling van die opvoeding. Dit is 'n natuurlike instelling, en volgens Christelike beskouing 'n instelling wat uit die skepping van die mens deur God self daargestel is. Alhoewel die meeste ouers nie pedagoë is nie, gee hulle deur hulle ouerlike warmte en liefde tog die ware opvoeding.

Dit word dan vandag ook algemeen deur sosioloë, sielkundiges en opvoedkundiges erken dat die invloed van die huis rigtinggewend vir die kind se hele toekoms is.

In die familie-situasie word sosiale en opvoedkundige magte gevind wat die beste kunsmatige instelling nie kan verskaf nie. Deur die bloedverwantskap word daar 'n huislike saamhorigheid gevorm, waaruit daar egte liefde, onvervalste offervaardigheid, veilige beskerming en beginselvaste leiding straal.

Die kind, as 'n onrype, afhanklike, vormbare, weerlose, redelose en ondeugvolle wese, wat in 'n huis gebore en opgevoed moet word, waar hierdie natuurlike erfenis hom nie gegun word nie, moet eenvoudig na liggaam en gees verwronge ontwikkel. Dit wat die kern van liggaamlike, geestelike, religieuse, etiese, sosiale, estetiese en verstandelike opvoeding moet vorm, ontbreek - en die resultaat is persoonlikheids- en gedragsafwyking. Sy verhoudinge en gesindheid teenoor God, homself en sy mede-mens berus op verdraaide waardebepalings.

Die grootste persentasie jeugmisdadigers, tussen 80 en 90 persent moes in hulle kleinkinder- en kinderjare die geboortereg van 'n liefdevolle, goedgeorganiseerde en -geöriënteerde ouerhuis verbeur.

Na 'n deeglike bestudering van honderde gevallestudies, het mnr. D.J. Steenkamp, prinsipaal van die verbeteringskool te Constantia, dan ook tot die gevolgtrekking geraak dat sekere tekortkominge in die huislike en maatskaplike agtergrond hoofsaaklik verantwoordelik is vir die verwysing van jeugdiges na verbeteringskole. Op 'n baie kernagtige wyse som hy die toestand as volg op: „Gebrek aan ouerliefde en 'n gevoel van veiligheid; aan samewerking tussen ouers en aan eenvormigheid en ewewigtigheid in optrede; gebrek aan oordeelkundige leiding en fatsoenlike voorbeeld; aan erkenning en geleentheid tot selfhandhawing; met daarteenoor 'n atmosfeer van rusie, twis en tweedrag en die daarmee gepaardgaande voortdurende emosionele spanninge, dronkenskap en swak morele standaarde, gebroke huise en buite-egtelikheid is sommige van die vernaamste faktore

wat jeugdiges in die verbeteringskool laat beland." (111).

Vir die normale vorming van die gedrag is die huis onontbeerlik, en daarom is dit die plig van die verbeteringskool om in sy opvoedingsproses met hierdie faktore rekening te hou.

As substitute vir die vader en moeder, het die verbeteringskool die huisvader en -moeder, en as substituut vir die huis, die hostel of villa (cottage).

Die huisvader en -moeder wat man en vrou is, beklee dus 'n uiters belangrike plek in die interne organisasie van die skool. Hulle is verantwoordelik vir die huislike organisasie en huislike atmosfeer. Hulle pligte is inderdaad die van vader en moeder. Dit word dan ook verwag dat hulle behalwe die verantwoordelikheid vir die kos, klere, slaapplek, e.s.m. die leerlinge hulle sorg, liefde en ware ouerlike belangstelling moet gee. Om hierdie verantwoordelikhede na te kom, word dit van hulle vereis: (i) Dat die verhouding tussen hulle self die van voorbeeldige en waardige ouers moet wees. (ii) Dat die leerlinge wat aan hulle sorg toevertrou is, dit van hulle moet ontvang wat hulle in die ouerhuis ontbeer het.

Die belangrikheid van die „huis" in die hele inrigtingsorganisasie word vandag dwarsdeur die wêreld besef. In verband met die Borstal-inrigtings in Engeland, maak Bonay die volgende opmerking: „Surveys in the Borstal Institutions of England, where general and vocational training of inmates is administered under a system of „housemasters," with

---

(111) D.J. Steenkamp - Jaarrapport 1948/48 - p.1

about 60 boys to a house, reveal that the establishment of a satisfactory relationship of mutual respect and understanding between the boys and housemasters is the most important factor in the training received. Through this relationship, the delinquent is stimulated to a desire to become law-abiding, a conforming and respected member of the community. Before experiencing the bonds of loyalty and trust in that restricted house community, the delinquent has probably known no other group loyalty outside the loyalty of comrades in a street gang." (xliii)

In „Institutional Treatment of Delinquent Boys" waarin die metodes van die volgende vyf inrigtings: (i) W. Littier State School, California, (ii) Boys' Vocational School, Lansing, Michigan, (iii) State Home for Boys, Jamesburg, N.J. (iv) State Agricultural and Industrial School, Industry, New York, (v) Boys Industrial School, Lancaster, Ohio, beskryf word, word ook dan gedurig melding gemaak van die „cottage, ,family' atmosphere", of van die „Colony ,family' atmosphere". (liv)

VRAGMOTORBESTUURDER.

Hulle is verantwoordelik vir die vervoer van die inrigting. Dit sluit alle vervoer in, ook die veilige vervoer van leerlinge. Verder moet hulle omsien na die versorging van die voertuie, die hou van die logstate en die ontvangs en aflewering van bestellings ooreenkomstig die faktures.

---

(liii) Ralph S. Bonay - Youth in Despair - Longmans, Green & Company, Toronto - 1948. p.170-171.

(liv) A.C.Bowler & R.S.Bloodgood - Institutional Treatment of Delinquent Boys. Part I - Treatment programs of Five State Institutions - Bureau Public No. 228 - United States Gov. Printing Office, Washington : 1935 - p.15, 63, 98, 148, 190.

KOOKSTERS OF DIEËTKUNDIGES.

Van die groot inrigtings in ons land het sulke persone op die staf om toe te sien dat die voedsel reg en aantreklik voorberei word en dat daar die nodige afwisseling is.

Die noodsaaklikheid van die regte voeding is vanselfsprekend, en daarom word daar nie verder op hierdie saak ingegaan nie.

Op sommige van die skole is hulle behulpsaam met die opleiding van die leerlinge in die kookkuns en aanverwante huishoudelike pligte.

VERPLEËRS EN VERPLEEGSTERS.

Dit is noodsaaklik dat elke verbeteringskool ook sy mediese dienste moet hê. Behoorlike mediese versorging is een van die eerste vereistes. 'n Sieklike liggaam is nie slegs ondermynend vir die betrokke persoon nie, maar dit kan aansteeklike en besmetlike siektes ronddra wat die hele inrigting aan gevaar blootstel. Om hierdie rede besoek die distriksgeneesheer en sy assistente dan ook gereeld die skool, op enige tyd wanneer hulle dienste nodig is.

By toelating word alle leerlinge eers deeglik ondersoek, dit is ook baie noodsaaklik; veral as in aanmerking geneem word dat hulle van alle oorde en uit enige plekke afkomstig is.

Die verpleërs en verpleegsters is in die eerste plek verantwoordelik vir die netheid en algemene organisasie van die inrigting se hospitaal-afdeling. Die werksaamhede en moeilikhede aan hierdie organisasie verbonde hang af van die aantal ernstige pasiënte of die een of ander epidemie wat skielik 'n verskyning maak.

Net soos enige staflid aan die verbeteringskool is hierdie staflede indirek sowel as direk met die opvoeding en opleiding van die leerling gemoeid.

Indirek, in die sin dat hulle vir sy verpleging verantwoordelik is, en direk dat die leerlinge werksaam in die hospitaal deur hulle as ordonnanse opgelei word. Verder is dit ook hulle taak om die leerlinge wat nie uiters ongesteld is nie, op 'n nuttige wyse besig te hou.

In die verbeteringskool kom elke staflid op een of ander wyse met die leerling in aanraking, en dit word dan ook van elkeen verwag om die regte gesindheid teenoor hom te openbaar, sodoende 'n atmosfeer van hartlikheid, tegemoetkomendheid en eensgesindheid te skep. Onder sulke omstandighede vlot die organisasie, want die pad waarop die masjien beweeg, is stewig, reguit en gelyk.

-

# HOOFSTUK VI.

## DIE VERSKILLENDE DEPARTEMENTE IN DIE VERBETERINGSKOOL EN HOE HULLE FUNKSIONEER EN BEHEER EN GEKOÖRDINEER WORD.

### 1. GRONDE WAAROP INDELINGS BERUS:

Die indeling van die werksaamhede, of sal ons liewer sê, die program van die verbeteringskool, berus op die volgende gronde:

(i) Die grootte van die skool. Hoe groter die skool; hoe meer onderafdelings en personeel sal nodig wees.

(ii) Die grootte van die terrein. Die grootte van die gronde bepaal in watter mate daar opleiding in landbou en tuinery verskaf kan word. As die gronde te klein is, kan daar veral wat eersgenoemde betref geen praktiese onderrig wees nie.

(iii) Seks. Seuns en meisies ontvang nie dieselfde onderrig nie, en gevolglik sal op die skool vir meisies bv. nie slegs 'n ander program gevolg word nie, maar die departemente sal ook heeltemal verskil. Op die een skool sal afdelings wees wat nie op die ander een voorkom nie.

(iv) Ras en Kleur. Die verbeteringskole vir blankes, kleurlinge en naturelle sal ook weer onderling verskil volgens kultuur, arbeidsindeling en sosiale status. Die heropvoeding aan die verbeteringskool moet geskied ooreenkomstig die sosiaal-ekonomiese plek wat die bevolkingsgroep waaraan die leerling behoort, in ons Suid-Afrikaanse struktuur inneem. Om hierdie rede sal ons op Diepkloof nooit probeer om van die leerling 'n blanke

te maak nie, maar 'n goeie naturelle-burger.

Om vir die leerling 'n goeie lewensbestaan te verseker, moet in aanmerking geneem word wat die vereistes en aanvraag van die arbeidsmark is.

(v) Geografiese faktore.

Hier moet bepaal word of die leerlinge in 'n landelike of stedelike omgewing opgegroei het, en watter moontlikhede elk bied.

(vi) Ouderdomsgroepe.

Die verskillende indelings moet ook so wees dat dit die onderskeie ouderdomsgroepe verteenwoordig. Daar moet altyd rekening gehou word met die fisiologiese sowel as die psigologiese rypheid en vermoë van elke kind.

(vii) Die skolastiese agtergrond van leerlinge.

Met die verpligte onderwys vir blankes sal die gemiddelde skolastiese agtergrond van die leerlinge in 'n verbeteringskool vir blankes baie hoër wees as die in 'n verbeteringskool vir kleurlinge of naturelle.

Op kleurlingskole is daar baie ongeletterdes en op naturelle-skole is die grootste persentasie ongeletterdes. In hierdie gevalle is dit nie so maklik nie, of bykans soms onmoontlik om 'n gekombineerde program van beroeps- en skolastiese opleiding te volg, terwyl dit in die geval van blankes nie daardie moeilikheid oplewer nie.

2. ALGEMENE DEPARTEMENTE OF AFDELINGS.

Sekere afdelings is algemeen en sal by enige verbeteringskool voorkom. Hulle is die volgende:

(a) Administratiewe afdeling.

(b) Gesondheidsdienste.

(c) Sielkundige afdeling.

(d) Supervisie-afdeling.

(e) Skool en Ambagte.

(f) Liggaamlike Opvoeding.

(g) Naskoolse Aktiwiteite.

(h) Inrigtingsdienste.

(i) Uitplasing en Werkverskaffing.

(j) Mediese dienste.

By die kleinere skole is hierdie afdelings nie altyd so duidelik herkenbaar nie. Die een is so in die ander ingeweef dat twee of selfs meer afdelings op 'n groot skool by hulle net een vorm.

3. SPESIFIEKE DEPARTEMENTE.

Die skole se interne organisasie verskil in die sin van mekaar dat die een skool by sy algemene program sekere spesifieke departemente ingesluit het wat op die ander skool nie voorkom nie. Die insluiting of weglating van hierdie departemente is onderhewig aan die volgende faktore: grootte van die skool, die gronde, seks, ras of kleur, geografiese faktore en ouderdomsgroepe.

'n Skool vir meisies sal bv. nooit konsentreer op 'n landerye, varkboerdery, melkery, of 'n groot tuinery wat 'n kwekery, boomaanplanting, groot groentetuine en blomtuine insluit nie. So sal 'n skool vir blanke seuns waar skool en vakopleiding hoofsaak is, die opleiding in bogenoemde slegs as bysaak of ontspanning beskou.

Op Diepkloof en Porter, die twee verbeteringskole vir naturelle en kleurlinge onderskeidelik, vorm die boerdery en tuinery afdelings twee belangrike departemente in die opvoedingsprogram en organisasie.

Op Porter word veral gekonsentreer op tuinery en wynbou. Op Diepkloof is beide die landbou - en tuinafdelings baie uitgestrek. Die landbou afdeling

bestaan uit die volgende onderafdelings: melkery en varkboerdery, landerye, groentetuine, vrugteboorde en 'n grofsmidafdeling. Die tuinafdeling bestaan uit: die kwekery, blomtuine, parke en padmakers-afdeling.

In bogenoemde departemente word in die eerste plek opleiding aan die leerlinge wat van die platteland afkomstig is, en in die tweede plek aan diegene wat geen of baie min skolastiese agtergrond het, gegee.

Op die oog af sal dit voorkom of hierdie leerlinge net algemene arbeid verrig. Dit is egter nie die geval nie. Daar word, of dit word altans verwag, dat die leerling in elke afdeling die nodige instruksie en leiding moet kry. Hy moet die doel en die geleidelike vordering tot die resultaat sien. Die instruksies is eenvoudig en prakties, en die leerplan wat voorgeskryf is, is slegs in breë trekke opgestel. Die opsigter in elke span kry hier die geleentheid om sy privaat inisiatief te beoefen, en verder kry hy leiding van die hoof van sy departement en die hoofde van die skool (prinsipaal en vise-prinsipale) wat gereeld hulle rondgang by alle spanne maak.

Om die werk van die opsigter te kontroleer, en om te bepaal watter vordering die leerlinge maak, word daar kwartaalliks van elke leerling 'n vorderingstaat opgeëis, en van tyd tot tyd word hulle mondeling ondervra.

Die algemene kritiek op hierdie twee inrigtingsdepartemente is, dat dit 'n kwessie van algemene arbeid sonder opvoeding is. Waar dit die geval is, is dit te wyte aan swak organisasie of 'n gebrek aan opvoedkundige metodes. Party van ons opvoeders mag hulle plig versuim omdat hulle nog van mening is dat

ware opvoeding slegs deur skolastiese kennis verkry kan word.

As hierdie departemente reg georganiseer is, kan al die beginsels van die moderne opvoeding op een of ander wyse toegepas word.

Die leerling en sy opsigter staan te midde van die praktiese lewe en gevolglik kan die leerling in die eerste opsig meer vryheid en selfstandigheid toegelaat word. Verder kan die werksaamhede so ingedeel word dat elkeen met tye indiwidueel met 'n deel van die werk besig is. Onderwyl hy besig is, ontvang hy hulp en leiding van sy opsigter. Die opsigter kom op 'n praktiese wyse met elke kind se persoonlike probleme in aanraking en verstaan hom dan beter. Juis hier is daar geleentheid om die toestand te skep wat die nuwe opvoeding vir sy leerplan vereis. „In die nuwe opvoeding is daar baie indiwiduele onderrig en werk, baie indiwiduele inisiatief en self-onderneming, baie opvoeding." (1v)

Die kind kry ook die geleentheid om aktief besig te wees. Sy spiere, sy senuwees, en sy verstand - om kort te wees die hele kind kan besig gehou word.

Aktiwiteit wek belangstelling, die spil waarom alles draai. As hy begin belangstel, begin hy self waar te neem, gevolgtrekkings te maak, te oordeel en te ondersoek.

Wat meer is, die kind kry kans om uiting te gee aan wat in hom is - hy kan self skep.

Verder is daar geleentheid om saam te werk. Hulle werk nie teen mekaar nie, maar help mekaar en ondersteun mekaar.

---

(1v) J.Chris Coetzee - Die Moderne Opvoeding - J.L. van Schaik, Pretoria. - 1939 - p.25

Hierdie departemente gaan egter aan een swakheid mank, en dit is dat daar nie die nodige skolastiese onderrig is nie. In 'n wêreld waar boekgeleerheid vandag 'n vereiste is, word dit van elke persoon verwag dat hy kan lees, skryf en reken. Hierdie leemte kan aangevul word deur aandklasse waar 'n spesiale leerplan vir analfabete gevolg behoort te word. Diepkloof het dan ook 'n waardige poging in die rigting aangewend en het heelwat sukses gehad. Ongelukkig moes dit wees gebrek aan fasiliteite weer gestaak word.

Op Porter waar daar beter fasiliteite as op Diepkloof is, word daar voorsiening gemaak vir skoolonderrig van analfabete en vir die leerlinge wat voor toelating dit nie ver gebring het op skool nie, en boonop vir 2, 3 jaar geen skool bygewoon het nie. Hulle word in groepe volgens skolastiese prestasie en kronologiese ouderdom geplaas. (lvi)

Hierdie indeling bemoeilik die organisasie baie. Op 'n groot inrigting kan dit die organisasie so stotterend en onsamehangend maak, dat daar nie slegs baie tyd verspil word nie, maar dat die program so versnipperd raak dat die leerling dit later moeilik sal vind om hom by roetine aan te pas. Omtrent hierdie kwessie 'n paar verdere opmerkings as die funksionering en koördinering van die verskillende inrigtingsdepartemente bespreek word.

4. DIE BEHEER VAN DIE DEPARTEMENTE.

Die hele skool met al sy verskillende afdelings staan direk onder die beheer van die prinsipaal.

---

(lvi) 1951 Jaarrapport van die Porter-verbeteringskool aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap - p.28.

Die prinsipaal het weer sy vise-prinsipale en die hoofde van die verskillende afdelings wat hom in sy beheer bystaan deur toe te sien dat sy beleid uitgevoer word.

A. <u>Die Administratiewe Departement</u>.

Die administratiewe afdeling bestaan uit die prinsipaal, die vise-prinsipale, die klerikale afdeling en die magasynsafdeling. Hulle is almal direk aan die prinsipaal verantwoording verskuldig en aan die vise-prinsipale in so ver hulle die onderbestuurders is. Die klerikale afdeling of kantoorpersoneel is verantwoordelik vir die korrespondensie, alle tikwerk, opgawes, finansiële verpligtinge soos salarisstate, leerlinggelde, kleinkas, ens. Die prinsipaal moet nie slegs van hierdie afdeling gebruik om die administrasie i.v.m. die verbinding van die uitwendige en inwendige organisasie te reël nie, maar gebruik dit ook as een van die vernaamste middele om die belange van die skool in die buitewêreld te behartig.

Soos die klerikale afdeling verantwoordelik is vir die inkomende en uitgaande pos, is die magasynafdeling verantwoordelik vir die inkomende en uitgaande voorrade. Hierdie twee items word as van soveel belang beskou dat dit die prinsipaal se plig is om direkte verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar, en gevolglik is die administratiewe departemente dan ook onder sy direkte beheer.

Direk onder hom is sy inrigtingsklerk en hoofmagasynmeester wat hy onderskeidelik vir die organisasie van die twee afdelings verantwoordelik hou.

B. Ambagte.

Gewoonlik neem die prinsipaal ook hierdie departement onder sy persoonlike beheer, veral waar hy net een vise-prinsipaal het. Dit is wat bv. op Constantia gebeur.

Op Diepkloof is die ambagte onder beheer van die senior vise-prinsipaal, behalwe die bouers. Die hoofbouer met sy assistente staan onder direkte beheer van die prinsipaal, omdat hy direk verantwoordelik vir die reparasie en opsit van geboue is.

Gewoonlik moet die bouprogram ook in samewerking en goedkeuring van 'n ander Departement, die Publieke Werke, beheer en uitgevoer word, en in so 'n geval word dit van die prinsipaal verwag om direk die verantwoordelikheid te dra. Om 'n tussenganger in hierdie opsig te hê, sal baie vertraging meebring, wat die organisasie sal strem en lomp maak.

Die prinsipaal het hier sy hoof en assistent bouinstrukteur wat behulpsaam is met die beplanning, en verantwoordelik is vir die praktiese uitvoering van die werksaamhede.

C. Alle ander Inrigtingsdepartemente.

Verder word die ander departemente, soos die nasorg, sielkunde, skool, tuine, plaas, ens., onder beheer van die vise-prinsipale geplaas, met elke departement 'n senior amptenaar, ondergeskik aan die vise-prinsipale, weer in beheer van die staf in sy afdeling. Hierdie beheer oor sy staf geld net so ver dit die werksaamhede van sy departement aangaan. Die ander belange en dienste van die staf, skakel by die afdelings in wat verantwoordelik is vir die administrasie en diensreëling.

Net soos die metodes en tegnieke van skool tot

skool verskil, so verskil ook die indeling van beheer en organisasie. Die volgende faktore speel 'n belangrike rol in die beheer van 'n skool: (i) die grootte van die skool, (ii) die verskillende rigtings waarin opleiding gegee word, (iii) die grootte van die personeel, (iv) die korrelasie tussen die verskillende afdelings en inrigtingsdepartemente, (v) die klassifikasie van leerlinge en (vi) die tipe van leerling.

Op kleinere skole is die kwessie van beheer, waar elke staflid elke leerling persoonlik ken, en waar die differensiasie sover dit opleiding betref, nie so groot is nie, nooit 'n probleem nie. Op groot skole soos Diepkloof, Porter en Constantia waar die prinsipaal en sy vise-prinsipale onmoontlik alles onder persoonlike bestuur kan hê, moet die kwessie van beheer baie duidelik geformuleer word, om eerstens nie botsings te veroorsaak nie, en tweedens om alle leerlinge sowel as die belange die van skool en staat te kan behartig.

D. <u>Diagramatiese indeling van Beheer</u>.


Om meer lig te werp op die probleem van beheer op die verbeteringskool word 'n diagramatiese voorstelling daarvan soos van toepassing op die drie groot verbeteringskole nl. Constantia, Porter en Diepkloof gegee.

Dit sal dadelik opgemerk word dat die beheer in beginsel dieselfde is maar in wese wel verskil. Hierdie verskil is as gevolg van die verskil in organisasie wat te wyte is aan die verskillende rasse wat in elke inrigting behandel word.

**Diagram No. 1.**

**C O N S T A N T I A.**

**(Diagramatiese Voorstelling van Beheer).**



BESKRYWING VAN DIAGRAM No.1.

Die prinsipaal is in beheer en die verskillende hoofde van die afdelings hou hom op hoogte van die posisie.

In hierdie inrigting speel die skool 'n belangrike rol. Die werksaamhede is gelykstaande aan die van 'n gewone skool, en daarom is dit die vise-prinsipaal se belangrikste plig, en word hy nie met die beheer van ander afdelings belas nie. Hy is egter saam met die prinsipaal medeverantwoordelik vir die bestuur en beleid van die hele inrigting.

Die ander afdelings staan direk onder die prinsipaal. Veral konsentreer hy baie op die vakonderwyser wat vir die kind se vakopleiding verantwoordelik is.

Die administratiewe afdeling en die magasyn val onder die beheer van die inrigtingsklerk wat weer verantwoording moet doen aan die prinsipaal.


Die opsigters staan onder beheer van die opsigter Spesiale Graad. Hy is verantwoordelik vir die reëling van nagdienste, naweekdienste, toesigdienste, ens. Hierdie groep ressorteer ook onder die direkte beheer van die prinsipaal.

Die matrone, onderwyser-sielkundige en nasorg-onderwyser, is respektiewelik verantwoordelik vir die huishoudelike dienste, die sielkundige-afdeling en die nasorgafdeling. Ook hulle is onder die direkte beheer van die prinsipaal.

By die na-uurse aktiwiteite wat sport, studie en aandaktiwiteite insluit, is alle afdelings by een of ander tyd op een of ander wyse betrokke. Die opsigters met toesig, die matrone met etes, die onderwysers met sport of selfs huisvaderpligte. Laasgenoemde diens geld soms selfs vir die klerke en magasynmeesters.

**Diagram No. 2.**

**P O R T E R.**
**(Diagramatiese voorstelling van Beheer).**



BESKRYWING VAN DIAGRAM NO. 2.

Die prinsipaal aan die hoof van die bestuur is direk verantwoordelik vir die administratiewe afdeling, magasynafdeling, bouafdeling, vervoer, diensreëling en die organisasie van die inrigting so ver dit die voeding en verblyf van die leerlinge aangaan. Wat die diensreëling betref word hy bygestaan deur die spesiale graad opsigter en graad I opsigter. Wat die voeding en verblyf van die leerlinge betref hou hy die huishoudkunde-instruktrises of huismoeders verantwoordelik vir die uitvoering van sy bevele.


Die vise-prinsipale is verantwoordelik aan die prinsipaal vir die afdelings soos op die diagram aangetoon word. Elk van die afdelings is weer met die sielkundige-kliniek verbind. Hier ook, vorm die sielkundige-kliniek die sentrale punt waarom die ander afdelings beweeg. Hierdie departement wat verantwoordelik is vir die plasing en in 'n raadgewende hoedanigheid moet ageer i.v.m. alles rakende die leerling se onderwys en opvoeding behoort dan ook by enige verbeteringskool die middelpunt te vorm.

-

**Diagram No. 3.**

**D I E P K L O O F.**

**(Diagramatiese Voorstelling van Beheer)**



BESKRYWING VAN DIAGRAM NO. 3.

Die prinsipaal aan die hoof van die bestuur is direk verantwoordelik vir die administratiewe afdeling, bouafdeling en magasynafdeling. Die afdelings het 'n inrigtingsklerk, 'n hoofbouer en 'n magasynmeester respektiewelik aan die hoof.

Die prinsipaal hou die vise-prinsipale verantwoordelik vir die respektiewe afdelings soos aangetoon op die diagram. Elke afdeling of departement, want hier is die beheer gebaseer op departementele basis, byna op dieselfde wyse as aan 'n universiteit, het weer sy departementele hoof soos in die klein blokkies op die diagram aangetoon word.

Diepkloof het 'n baie uitgebreide aandprogram. Al die staflede neem om die beurt die een of ander afdeling waar, behalwe die klerke en die magasynmeesters. Die junior vise-prinsipaal is verantwoordelik vir die program; omdat twee-derdes van die staf naturelle is vereis die beheer hier groter toesig as op die ander groot skole waar die personeel net uit blankes bestaan. Die gevolg is dat selfs tot dusver die onderwysers ook moes help met die naweekdienste.

Die vise-prinsipale hou die prinsipaal gedurig op hoogte met die werksaamhede en verwikkelinge in hulle departemente. Die prinsipaal self doen gereeld sy inspeksies en bedien sy vise-prinsipale met raad. As daar sake rakende die hele inrigting voortspruit uit enige van die departemente, roep die prinsipaal sy vise-prinsipale bymekaar en die sake word bespreek en besluite word geneem. Sulke besluite word in die weeklikse nuusbriewe gepubliseer of op 'n stafvergadering aangekondig.

## 5. DIE FUNKSIE VAN ELKE INRIGTINGSDEPARTEMENT, EN HOE HULLE GEKOÖRDINEER IS.

Die funksionering en koördinering van enige verbeteringskool se afdelings of departemente moet sodanig wees dat die leerling altyd die middelpunt van belang is. Om die leerling as die brandpunt van behandeling te hou, moet die hele opvoedingsprogram so gekoördineer word dat die een afdeling nie die ander dwarsboom of benadeel nie.

Omtrent die koördinasie merk Costello die volgende op: „In order to keep the boy as the focal point of treatment, all phases of the program must be co-ordinated. Each must make its contribution to the boy, but not to the expense of another. Because of this situation, it is advisable to have a member of the administrative staff as co-ordinator. It is his job to see that the various services of the institution carry out the recommendations of the case conference for assignment and treatment." (lviii)

Om vas te stel of die organisasie aan bogenoemde vereistes voldoen, is dit nodig om die leerling te volg in sy behandeling dwarsdeur die hele program van die inrigting.

Hierdie program kan in vier fases opgedeel word: (i) die toelating-aanpassingsfase, (ii) die behandeling, (iii) die voorbereiding vir vrylating en (iv) nasorg.

(i) Die Toelating-aanpassingsfase.

Hierdie is 'n baie belangrike fase, en kan in menige opsig beskou word as die periode waarin die

---

(lviii) The Annals of the American Academy of Political and Social Science - Jan. 1949 - p. 176.

waarin die grondslag gelê word vir die leerling se rehabilitasie.

Na die leerling deur die hof na die verbeteringskool verwys is, of van 'n ander inrigting daarheen oorgeplaas is, word hy onder begeleide soheentoe geneem. By oorhandiging ontvang die begeleide 'n oorhandigingsbewys en die leerling word tot die skool toegelaat.

(a) Die Administratiewe Departement.

Die toelating en registrasie word deur die klerikale afdeling van die administratiewe departement gedoen, wat onmiddellik daarna die staflid verantwoordelik vir die inrigting se rol in kennis stel.

(b) Gesondheidsdepartement.

Na toelating word die leerling na die hospitaal-afdeling gestuur waar hy saam met ander toelatings deur die distriksgeneesheer ondersoek word.

Hierdie ondersoek is nie net om vas te stel of die leerling fisies geskik is vir die werk soos deur die skool bepaal mag word nie, maar ook of die leerling nie aan enige aansteeklike of besmetlike siektes ly nie. Sou hy enige fisiese gebreke hê, of aan een of ander siekte ly, geniet hy dadelik die nodige mediese aandag.

(c) Eerste onderhoud deur vise-prinsipaal.

Sodra die leerling die hospitaal verlaat, word hy voor die senior vise-prinsipaal gebring wat dan die eerste onderhoud met hom het.

Hierdie onderhoud sluit die volgende in: (i) Waarvoor hy na die verbeteringskool verwys is. (ii) Die doel waarom hy daarheen verwys is. (iii) Iets omtrent die basiese reëls en regulasies van die

skool. (iv) Watter voorregte hy kan geniet as sy gedrag dit regverdig. (v) Die vasgestelde tydperk van aanhouding as sy gedrag bevredigend is. (vi) Na wie hy met sy klagtes en griewe kan gaan.

(d) Sielkunde-Departement.

Na die vise-prinsipaal sy onderhoud met die leerling gehad het, word hy in die groep vir nuwelinge geplaas.

(i) Aanpassing van leerling:

Hierdie groep is onder bevel van 'n baie ervare en verantwoordelike staflid wat onder die sielkunde-departement van die inrigting ressorteer. Sy taak is om die leerlinge tuis te maak en hulle deeglik op hoogte te bring met die routine van die inrigting.

In medewerking met hierdie staflid wat gewoonlik 'n opsigter graad II is, begin die sielkundiges met hulle werk. Elke sielkundige het sy leerlinge vir wie hy verantwoordelik is. Hy help sy leerlinge om hulle aan te pas en te oriënteer by die inrigtingsituasie.

(ii) Voorgeskiedenis en Sielkundige Toetse:

Intussen stel hy ook die leerling se voorgeskiedenis op deur informasie wat hy uit sy lêer, van sy opsigter en van die leerling self kry.

Sodra die leerling bekend is met die nuwe omgewing waarin hy hom nou bevind, begin die sielkundige met die toepassing van verskillende sielkundige en skolastiese toetse. Ek mag hier net meld dat sommige skole die fout begaan om toetsing toe te pas alvorens die leerling bekend is met sy nuwe omgewing. Dit is natuurlik 'n fatale flater. Die

nuwe leerling wat vir die eerste keer by 'n verbeteringskool land, verkeer oor die algemeen in 'n versteurde toestand. Behalwe dat die omgewing vreemd is, is hy antagonisties en agterdogtig. Soos statistieke oor weglopery dan ook bewys, is die meeste van hulle net met een idee behep en dit is om van die skool so gou moontlik weg te kom. Sy samewerking is passief en negatief; wat natuurlik 'n abnormale toetssituasie skep. Dit is noodsaaklik dat hy moet begin tuis voel in sy omgewing en dat hy die sielkundige sowel as die toetspersone in sy vertroue begin neem.

(iii) Plasing.

Na die toepassing van die beskikbare toetse, die voltooiing van die leerling se voorgeskiedenis, 'n beknopte verslag van sy vordering en aanpassing, asook van merkbare gedragsafwykings of persoonlikheidseienaardighede word die kwessie van plasing deur die komitee van die sielkunde-departement oorweeg.

Met die gegewens tot hulle beskikking moet hulle besluit in watter departement en in watter afdeling van daardie departement die leerling die beste aangepas sal wees en die bes moontlike vordering sal maak.

By die plasing word die leerling aan die hoof van die departement saam met die verslag oorhandig. Hy op sy beurt oorhandig die leerling aan die persoon in bevel van die afdeling en verskaf aan hom ook die nodige inligting.

Omtrent die plasing moet ek egter dit byvoeg, dat die sielkundiges nie net die leerling in aanmerking neem nie, maar ook die staflid onder wie se

sorg die leerling geplaas word. Dit sal baie onwys wees om 'n leerling in 'n staflid se sorg te plaas waar daar voortdurend botsings tussen die twee sal voorkom. Dit is tog 'n grondwaarheid, dat party persoonlikhede met enige ander persoonlikheid sal stryk, en dan is daar weer persoonlikhede wat net met sekere persoonlikhede oor die weg kan kom.

Met plasing het die leerling nou die toelating-aanpassingsfase voltooi. Hierna tree hy nou die behandelingsfase binne.

(B) Die Behandelingsfase.

Die leerling is nou permanent of moontlik net voorlopig op die plek waar hy onderwys en opvoeding gaan ontvang. Voorlopig, omdat verdere verwikkelinge en ontplooiings kan aandui dat dit tot groter heil vir hom sal wees indien hy na 'n ander afdeling oorgeplaas word.

Tot dusver het die sielkundiges as 't ware nog net 'n prent van die leerling se agtergrond en maar slegs 'n gedeeltelike prentjie van sy persoonlikheids- en gedragsprobleme. Op hierdie gegewens is 'n diagnose gemaak, waarop die plasing en behandeling gebaseer is.

Om 'n volledige kliniese beeld van die leerling te kry, is dit nodig om 'n intensiewe kennis van sy karakter sowel as van sy persoonlikheid op te doen. Om hierdie kennis op te doen, het die sielkundiges gereelde onderhoude met hom, informasie van die departemente en afdelings wat met die leerling kontak het, word deur middel van rapporte en besprekings ingewin, en die vordering en aanpassing word van tyd tot tyd bepaal.

Op die wyse raak die sielkunde-departement bekend

met die probleme van die leerling en is dan meer definitief in staat om te bepaal watter behandeling en aandag hy moet ontvang en of sy plasing gewysig behoort te word. Op grond hiervan klassifiseer elke sielkundige dan sy gevalle volgens aard van moeilikhede.

Die eerste vereiste van 'n goeie interne organisasie is dan ook dat die sielkunde-departement baie deeglik deur middel van die leerling met al die ander departemente gekoördineer is. Die leerling self het vry toegang tot hierdie departement. Die sielkundige staan hom by in sy vordering en as hy probleme het of van nuuts af begin afdwaal is hy in samewerking met die staflid in wie se sorg hy is, besig om terapeutiese behandeling toe te pas.

Hierdie departement, is die middelpunt waarom die ander departemente gesentreer is. Dit word dan ook op al die inrigtingskomitees wat besluite oor die leerling neem, verteenwoordig.

Op kleinere skole waar daar nie so 'n departement is nie word die werk deur die vise-prinsipaal verrig.

Hierdie departement skakel dwarsdeur al die fases van die skool se program, en gevolglik sal dit by die behandeling van die ander twee fase verder bespreek word.

(a) Die Skool.

Van die ander departemente vorm die skool 'n baie belangrike verbindingskakel, op party verbeteringskole die belangrikste skakel.

Watter rol die skool in die opvoedingsprogram speel hang af van die grootte van die verbeteringskool, die nodige fasiliteite en die verspreiding van

die skolastiese kwalifikasies van die leerlinge.

In die Suid-Afrikaanse Verbeteringskole was die verspreiding teen die einde 1951 as volg:

1. Constantia-verbeteringskool vir blankes.

| | | |
|---|---|---|
| Std. V | - | 31 |
| Std. VI | - | 30 |
| Std. VII | - | 130 |
| Std. VIII | - | 35 |
| Std. X * | - | 13 |
| Totaal | | 239 |

* Hier word nie voorsiening gemaak vir Std. IX nie. Die werk van Std. IX en X word in twee jaar gesamentlik afgehandel.

2. Durbanville-instituut vir Blanke Meisies.

| | | |
|---|---|---|
| Std. VI(C) (Spesiale Klas) | - | 4 |
| Std. VI(B) | - | 3 |
| Std. VII | - | 10 |
| Std. VIII(A) | - | 4 |
| Std. VIII(B) | - | 6 |
| Seniors | - | 14 |
| Totaal | - | 41 |

3. Simonstad-verbeteringskool vir Kleurlingdogters:

| | | |
|---|---|---|
| Sub. A | - | 9 |
| Std. I | - | 10 |
| Std. II | - | 2 |
| Std. III | - | 1 |
| Std. V | - | 6 |
| Std. VI | - | 3 |
| Totaal | - | 31 |

4. <u>Porter-verbeteringskool vir Kleurlingseuns.</u>

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sub. A | - | 16 | |
| Sub. B | - | 20 | |
| Std. I | - | 43 | |
| Std. II | - | 47 | |
| Std. III | - | 27 | |
| Std. IV | - | 43 | |
| Std. VI* | - | 33 | |
| Std. VII | - | 10 | |
| | Sub-totaal | - | 239 |
| Ongeletterdes of bykans ongeletterd | | - | 114 |
| | Totaal | - | 353 |
| Volwasse Klasse | | - | 52 |
| Detensie-Hostel | | - | 42 |
| Nie-Skoolgaande leerlinge | | - | 150 |
| | Groot-totaal | | 597 |

* Dit sal opgemerk word dat hier nie vir Std. V voorsiening gemaak word nie. Dit maak die indeling baie makliker.

Ongelukkig is die verspreiding nie volledig in die prinsipaal se jaarrapport uiteengesit nie.

Die volwasse klasse bestaan, (a) uit leerlinge wat std.VII geslaag het,(b) stds. III- & IV- sertifikaat verwerf het dog as gevolg van hulle hoë ouderdom nie kwalifiseer vir gewone onderrig nie en (c) leerlinge wat na 'n lang periode buite die inrigting hertoegelaat is.

Leerlinge in die detensie-hostel gaan vir die tydperk wat hulle daar is nie skool nie.

Dit is dadelik duidelik dat uiters swak skolastiese opleiding hier ook kenmerkend is, want as ons die skolastiese kwalifikasies van die toelatings gedurende die jaar nagaan, vind ons die volgende:

Std. VI - 6, Std.V - 10, Std. IV - 27, Std. III - 17, Std. II - 20, Std. I - 38, Sub.Stds. - 39, Geen skoolonderrig - 34. Totaal - 191.

As die Std. I en Sub. stds. ingereken word waarvan die grootste persentasie aan analfabetisme grens, is daar 111 uit die 191 wat bykans geen skoolkennis het nie.

5. <u>Diepkloof-verbeteringskool vir Naturelle-seuns</u>.

Waar ons met naturelle te doen kry, is die toestand nog swakker as in die geval van kleurlinge. Die skolastiese verspreiding van die toelatings vir die jaar 1951 was as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Geen skool | - | 150 |
| Grd. I | - | 29 |
| Grd. II | - | 32 |
| Std. I | - | 44 |
| Std. II | - | 27 |
| Std. III | - | 23 |
| Std. IV | - | 23 |
| Std. V | - | 8 |
| Std. VI | - | 2 |
| Std. VII | - | 1 |
| Totaal | - | 400 |

As ons dit op dieselfde grondslag as in die geval van Porter bereken, meen dit dat 255 uit die 400 bykans geen skoolkennis het nie. Met my ondervinding van naturelle-jeugmisdadigers kan Std. II ook hier bygereken word, d.w.s. 282 uit die 400, dit meen 70½ %.

6. Eshowe-verbeteringskool vir Naturelle-dogters.

Die skolastiese verspreiding van toelatings

| | | |
|---|---|---|
| Sub. A | - | 10 |
| Sub. B | - | 6 |
| Std. I | - | 4 |
| Std. II | - | 9 |
| Std. III | - | 7 |
| Std. IV | - | 5 |
| Std. V | - | 4 |
| Totaal | - | 45 |

As ons dieselfde maatstaf as vir Diepkloof gebruik, meen dit 29 uit die 45 of 63.4% 'n niksbeduidende opleiding gehad het.

As ons bogenoemde gegewens van die ses Suid-Afrikaanse verbeteringskole in aanmerking neem, sal ons verstaan watter moeilikhede daar met die skool-organisasie, en nog erger met die koördinasie daarvan met die ander departemente moet wees. Veral het Porter met 'n leerlingtal van 597 (op 31.12.51) en Diepkloof met 'n huidige leerlingtal van 807, ernstige probleme in hierdie opsig.

Diepkloof se probleme word nog vererger deurdat hier met 'n primitiewer ras gewerk word; die fasiliteite is verreweg swakker; i.p.v. twee moet hier ses tale onderrig word.

Daar is dus faktore, soos in paragraaf 1 van hierdie hoofstuk melding van gemaak is, wat die organisasie van die een verbeteringskool wesentlik van die van 'n ander laat verskil, en om duidelik te bepaal hoe die leerling se weg verder deur die organisasie van ons skole gebaan word, is dit nodig dat ons wat die skoolonderrig betref, elke inrigting afsonderlik behandel.

(1) <u>Constantia</u>:

Hierdie verbeteringskool het wat sy skolastiese onderrig betref ook probleme soos die volgende: skolastiese vertraging van leerlinge, afkeer in skoolwerk, onderbroke skoolloopbane, die kort aanhoudingstermyn, groot indiwiduele leerlingverskille, ongekontroleerde toelating van leerlinge, en die beperking van die leerling se vryheid.

Nietemin het hierdie skool 'n onderwys- en opvoedingsprogram uitgewerk wat 'n middelweg volg tussen die moderne skool en die ou-skool en wat baie deeglik aanpas by die behoefte van die leerling.

(a) <u>Hoe die leerplan saamgestel is</u>.

Daar word voorsiening gemaak vir 'n reeks gedifferensieerde kursusse wat akademiese sowel as tegniese vakke insluit. Onder leiding en raad van die onderwyser-sielkundige word die leerling toegelaat om self sy kursus te kies volgens belangstelling en aanleg.

Die leergang, d.w.s. die geordende stof in elke vak, is in 40 take of eenhede ingedeel. Die gemiddelde leerling kan 'n taak per week in elke vak voltooi en dan soedoende sy kursus in een jaar voltooi.

Die leerlinge werk elk selfstandig, maar kan hulp van die ander leerlinge ontvang en natuurlik leiding van die onderwyser. Om te verhoed dat die een leerling net op die ander teer, word 'n metode van ondervraging gebruik om te bepaal in hoeverre elkeen selfstandig gewerk het.

Die klasindeling is dus nie horisontaal nie maar grootliks vertikaal.

Hierdie metode van indeling los die probleem

wat die ongekontroleerde toelating van leerlinge skep, nl. dwarsdeur die jaar, op. As die leerling inkom begin hy met sy kursus. Dit bring natuurlik mee dat daar in elke kursus 'n verspreiding van leerlinge is, van beginners tot die wat met die voltooiing van die kursus besig is.

In die primêre afdeling is daar wel nog die klasindeling in standerds maar in die sekondêre afdeling is daar vaklokale. In laasgenoemde afdeling volg elke leerling die kursus van 'n bepaalde standerd, maar hy werk op sy eie en kan hom besig hou met watter vak hy verkies.

Daar is 7½ uur skool per dag, maar die leerling hou hom solank as wat hy dit nodig ag met enige van sy vakke besig. Om egter rondlopery te kontroleer, sodat die leerling nie bv. elke 5 of 10 minute met 'n ander vak besig is nie, is die leerling nie toegelaat om van die een lokaal na 'n ander te gaan binne 'n uur nie.

Alle take word deur die onderwyser en vakonderwyser gekorrigeer en 'n leerling is nie toegelaat om met die volgende taak voort te gaan, alvorens die onderwyser nie tevrede is met die taak wat hy ingehandig het nie.

Waar dit soms nodig is, vind daar groeponderrig plaas. Die onderwyser sal bv. leerlinge wat met dieselfde taak besig is bymekaar roep en hulle dan gesamentlik leiding en onderrig gee.

Hierdie metode stel ook die weg vir die hardwerkende en intelligente leerlinge oop, want hulle word nie teruggehou deur die luier en minderbegaafdes nie.

Wat egter die hele program baie interessant maak is die rol wat die aansporingsfaktor speel. Behalwe sy skoolprestasie word daar ook gelet op sy vordering in persoonlikheidseienskappe en gedrag. Laasgenoemde word ook kwartaalliks op 'n tien-punt basis toegeken. Hierdie wyse van toekenning het ongelukkig groot swakhede, want daar is nie die vasgestelde norme om dit objektief deur punte te kan bepaal nie. Persoonlik reken ek dat dit beter sou wees as elke onderwyser of vakonderwyser liewer 'n kort gevalle-verslag hou en die afwykings na die negatiewe sowel as die positiewe kant aandui. Met so 'n verslag tot sy beskikking kan die onderwyser baie maklik aan die einde van die kwartaal bepaal of die seun se gedrag swak, gemiddeld of goed was.

Nietemin is die puntemetode ook 'n aanduiding, en as die onderwyser baie betroubaar is, sal hy nie somar net die punte in 'n kits neerplak nie, maar elke saak baie goed oorweeg.

Die aansporing lê hierin dat die leerling volgens skoolprestasie en vordering in gedrag sekere vasgestelde voorregte, insluitende sy ontslag met vergunning verdien.

Om almal 'n gelyke kans te gee, word die skoolwerk volgens prestasie-kwosiënt beoordeel. Die werklike aantal punte word vermenigvuldig met $\frac{100}{I.K}$, d.w.s. die verhouding tussen die opvoedkundige-kwosiënt en die intelligensie-kwosiënt dien hier as basis van beoordeling.

Hierdie metode is bepaald die beste om die kind se vordering te bepaal. Nie slegs die personeel kan baie duidelik bepaal wat die vordering was nie, maar die kind self weet presies waar hy staan en

waartoe hy in staat is.

Dit staan egter vas dat dit baie hoë vereistes aan die onderwyser stel, en die gevaar bestaan dat waar die groepe te groot is, die leerling nie die nodige aandag kan geniet nie. So kan sy vordering bv. gestrem word as hy die hulp van die onderwyser i.v.m. 'n taak nodig het en hy dit nie onmiddellik kan kry nie.

Om die organisasie te vergemaklik en 'n beter kontinuiteit in die werk te verkry is die leerlinge in twee groepe verdeel wat weekliks afwissel in skool- en ambagsonderrig.

Dan is daar 'n groep wat glad nie skool ontvang nie hulle is, (a) diegene wat reeds hulle std. VII geslaag het en besonders goed presteer in hulle ambag, en (b) die wat die maksimum skoolonderrig volgens I.K. bereik het.

Laastens is daar 'n kleinere groep wat slegs skoolonderrig ontvang omdat hulle besonder goeie skoolvordering maak en meer geskik is vir akademiese opleiding.

Die ambagte waarin opleiding verskaf word is die volgende: messelaary, kabinetmakery, loodgietery, skilderwerk, stoffeerwerk en werktuigkunde.

As ons die organisasie aan skerp kritiek wil onderwerp, sal ons swakhede vind, maar omstandighede in aanmerking geneem, dra dit alle lof weg. En - watter organisasie het as gevolg van onoorkomelike probleme nie swakhede nie? (lix)

---

(lix) Prinsipaal se Jaarrapporte - 1940 tot 1951 aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

(2) <u>Durbanville:</u> Hierdie verbeteringskool is in die ware sin van die woord 'n huis met 'n groot familie. Die leerlingtal is ook baie selde meer as 42.

Die skool en die hostel is in een gebou geleë en die organisasie is so ingerig dat ons hier 'n toestand kry dat die „ouer" ook die onderwyser is. Die skoolpersoneel is almal inwonend en moet supervisie-pligte doen. Die gevolg is dat die skolastiese onderrig nie net tot die skool beperk is nie, en die huislike onderrig nie net tot die huis nie. Die onderwyseres behou kontak met die dogters na skoolure, en die huismoeders of matrone verloor nie kontak met hulle gedurende die skooldag nie.

Tien van die personeel is direk by die opvoeding van die dogters betrokke, d.w.s. 4 leerlinge per staflid. Onder sulke omstandighede is intensiewe indiwiduele aandag dan ook moontlik.

Die kursus wat in die skool aangebied word, is huishoudkundig van aard. Daar word voorsiening gemaak vir stds. VI en VII en ook vir die Nasionale Standerd VIII in Huishoudkunde. Vanaf 1951 is daar ook kursusse vir Assistentmatrones en Kleremaaksters ingestel.

Die leerplanne wat gevolg word is: (i) Primêre Klasse:- Afrikaans, Engels, Rekenkunde, Aardrykskunde, Naaldwerk, Waskunde, Kookkuns, Huisbestuur, Liggaamlike Opvoeding en Sang.

(ii) Std. VII:- Afrikaans, Engels, Fisiologie, Naaldwerk, Waskunde, Kookkuns, Huisbestuur, Liggaamlike Opvoeding en Sang.

Std. VIII:- Dieselfde vakke as vir Std. VII

word gevolg, behalwe dat Moederkunde in die plek van Huisbestuur ingesluit word.

Net soos in die geval van die seuns te Constantia het die bestuur hier ook te kampe met agterlikheid, vertraagdheid, onderbroke skoolloopbane, ongekontroleerde toelatings, ens. Omdat die dogters tussen ouderdomme 16 en 19 jaar varieer, word die wat nie geskik is om in die sekondêre afdeling geplaas te word nie, almal in die primêre afdeling in Std. VI geplaas. Dit vergemaklik nie alleen die indeling nie, maar het ook gegronde sielkundige redes. Die prinsipale maak in dié verband die volgende opmerking: „Dikwels is ons bewus daarvan dat 'n bepaalde dogter nooit die Std. VI sal behaal nie. Sy word tog in die skool gehou omdat sy alhoewel sy nie 'n sertifikaat kan behaal nie tog in velerlei ander opsig leer en ontwikkel. Omdat dit 'n beleid is van die skool dat alle dogters wat nie Std. VIII Huishoudkunde behaal het nie moet skoolgaan, sou dit ook so 'n dogter bewus maak van haar agterlikheid en minderwaardig laat voel." (1x)

Omdat baie van die dogters se skolastiese kennis uiters verroes geraak het, word almal by toelating, behalwe diegene wat reeds 'n Std. VIII - sertifikaat in Huishoudkunde verwerf het, in die skool geplaas. Dit gee hulle 'n kans om hulle kennis weer op te knap.

Die wat begerig is om verder as Std. VIII te kwalifiseer, is toegelaat om van korrespondensiekursusse gebruik te maak. Verder kan diegene wat

---

(1x) Jaarrapport van die prinsipale aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap - 1951 - p.3.

voorheen tikskrif geneem het, daagliks op 'n tikmasjien oefen.

Daar word so min as moontlik van dwang gebruik gemaak om die halsstarrige of ongebalanseerde dogter te beheer. Die hele atmosfeer is sodanig dat dit mettertyd op subtiele wyse die weerstand afbreek. Sy voel en weet dat almal haar geredelik bystand sal verleen, maar sy besef ook dat die hele inrigting, haar mede-leerlinge ingesluit, haar gedrag afkeur. Die warmte en huislike atmosfeer wat daar heers, werk onvermydelik op die onstuimige gemoedslewe in, en bewustelik of moontlik onbewustelik sien sy in dat dit nie die gemeenskap is wat teen haar gekant is nie, maar dat sy in onredelike en onfatsoenlike verset teen die gemeenskap is.

Die skool vorm hier die kardinale punt waarom die hele voedingsprogram gesentreer en gekoördineer is. Hoewel daar orde en dissipline is, wat natuurlik onontbeerlik is, is die hele beheer en funksionering van die inrigting informeel en huislik. Behalwe dat die skoolkursusse daarvan getuig, is daar nog die program van algemene kennis en praktiese huishoudelike pligte wat meehelp, om hierdie minderbevoorregte dogters, toekomstige moeders, voor te berei vir die verantwoordelikhede en liefde wat hulle eendag in 'n eie huis moet openbaar. Tereg kan hierdie verbeteringskool, of instituut vir meisies, 'n tuiste-skool genoem word.

(3) <u>Simonstad-verbeteringskool:-</u> Na daar reeds lank 'n behoefte gevoel is om die vroulike kleurling-jeugmisdadigers van die naturelle te Eshowe te skei, kon die Departement op 27 Mei 1950 die Simonstad-verbeteringskool vir hierdie doel amptelik open.

Soos met enige nuwe organisasie die geval is, het hierdie skool ook lastige groeipyne, maar na verloop sal dit vorm neem en 'n program uitwerk wat eie aan die struktuur is. Elke verbeteringskool het sy eie probleme, en om hulle op te los, is sistematiese veranderinge en verbeterings nodig wat aan elke skool eie is. Die skool het egter die geluk dat die leerlingtal slegs 31 is, en gevolglik kan meer aandag aan indiwiduele onderrig gegee word.

Die skoolrooster is in vier periodes ingedeel:

(i) 8.30 v.m. - 10.15 v.m.

(ii) 10.30 v.m. - 12 m.

(iii) 1.30 n.m. - 2.30 n.m.

(iv) 2.30 n.m. - 4 n.m.

Vir die eerste halfjaar van 1951 het die analfabete vir die eerste periode skoolonderrig ontvang en die std. VI - leerlinge onderrig in Naaldwerk en Moederkunde; vir die tweede oggendperiode is die groepe net omgeruil. Vir die tweede halfjaar is die klasse weer omgeruil.

Al die leerlinge wat in die voormiddag verantwoordelik was vir die inrigtingsdienste soos kombuiswerk, vee, skrop, ens., vorm een groep. Die leerlinge in die washuis- en inrigtingsnaaldwerkafdeling vorm 'n ander groep. Hierdie twee groepe neem al om die ander dag beurt om vir die eerste namiddagperiode skoolonderrig te ontvang en vir die tweede periode onderrig in Naaldwerk en Moederkunde.

Die analfabete en die Std. VI leerlinge wat skoolonderrig in die voormiddag ontvang, werk dan om die beurt in die washuis, en gaan ook om die beurt in die middag saam met een van die middaggroepe skool. Die indeling is dus as sulks dat alle leerlinge skool-

onderrig kry sowel as praktiese opleiding in een of ander afdeling van die Huishoudkunde-kursus aan die skool.

Weer vorm die skool die kernpunt waarom die hele organisasie draai. (lxi)

(4) <u>Eshowe</u>: Net soos in die geval van Diepkloof, is 'n groot persentasie van Eshowe se leerlinge nie net analfabete nie, maar hulle is in baie opsigte nog uiters primitief in hulle gewoontes en gedragswyser.

Wat die onderwys betref, word hier net grootliks gekonsentreer op die twee amptelike tale, Afrikaans en Engels, en Rekenkunde.

Die skoolpersoneel met die vise-prinsipale as hoof bestaan uit drie. Die ander twee lede is naturelle-onderwyseresse.

Die skool is gekoördineer met die volgende praktiese vakke: (i) Naaldwerk en Kunsnaaldwerk, (ii) Kookkuns en Stoffeerwerk, (iii) Waskunde en (iv) Tuinbou. Die skoolonderrig is 'n paar uur per dag.

Die klasse word kwartaalliks omgeruil om elke leerling 'n kans te gee om in die verskillende praktiese kursusse onderrig te ontvang.

Hierdie omruil-metode werk uitstekend, omdat die opleiding in die eerste plek nie so uitgebreid is nie, en tweedens omdat elke kursus 'n onderafdeling van die vak, huishoudkunde is.

---

(lxi) Vise-Prinsipale se Jaarrapport aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap - 1951.

Die doel van die skool is om die leerlinge as huisbediendes voor te berei, 'n doel waarin baie goed geslaag word, veral as in aanmerking geneem word dat die aanvraag van die publiek baie groter is as waarin die skool kan voorsien.

(5) <u>Porter</u>: Skoolonderrig word voorsien van sub A tot std. VII.

Die analfabete en die waarvan die skolastiese kennis so karig en verwaarloos is dat hulle nie by die eerste groep van gewone skoolonderrig kan ingedeel word nie, word in groepe A, B, C en D ingedeel volgens bekwaamheid en kronologiese ouderdom.

Leerlinge wat reeds hulle std. VII geslaag het, en die wat hulle std. III - IV sertifikaat verwerf het en weens hoë ouderdom nie veel baat by gewone onderrig sal vind nie, word in 'n klas vir volwassenes geplaas. Hulle vorm 'n groep op hulle eie.

Dan is daar nog 'n spesiale terapeutiese klas vir teringlyers, en saans word voorsiening gemaak vir onderwys vir volwassenes. Hier word van spesiale vooropgestelde programme gebruik gemaak.

Hierdie programme is baie aantreklik en voorsien in menige behoefte.

Om egter so 'n differensiasie te organiseer, vereis in die eerste plek 'n besonder groot personeel, en tweedens kos dit die grootste inspanning om die program aan die gang te hou. Dit moet onthou word dat hierdie indeling gekoördineer moet word met al die ander departemente van die inrigting. Elke departement het omtrent leerlinge van elke skoolafdeling.

Behalwe dat daar gedurig toelatings, vrylatings

en hosteluitplasings is, is daar nog gedurig 'n inter-departementele verandering en omruiling aan die gang. Dit alles bring 'n diskontinuiteit in die leerling se skoolopleiding.

Soos daarop gewys word, gaan daar plus-minus 80 minute verlore met die bewegings voor en na parade wanneer die inrigtingswerksaamhede begin. Vir klasse soos Std. VI en VII bly daar plus-minus 1¾ uur per vak per week oor. (lxii)

Daar bly eenvoudig nie tyd oor om die verskillende skoolvakke behoorlik te onderrig nie. Omdat die aandprogram gevul is met ander aktiwiteite is daar ook nie geleentheid vir studie nie. Die vraag ontstaan altyd of die tyd vir onderrig nie so ingekort word, dat die leerling nie veel baat daarby vind nie. Die bestuur staan egter altyd voor diè probleem; net 'n sekere getal van die leerlinge moet deeglik opgelei word, en die res moet die voorreg van skolastiese onderrig heeltemal ontbeer, of almal moet so 'n ietsie ontvang. Want behalwe dat die skooldag kort is, is die gemiddelde aanhouding van die leerling nie meer as twee jaar nie, en gevolglik kan die tydperk van die kursus ook nie verleng word nie.

Aan die ander kant moet die bestuur van 'n verbeteringskool ook nog die personeel in aanmerking neem. Die werk wat hülle normaalweg doen, is baie uitputtend, en om van hulle te verwag om nog ekstra tyd te bestee sal nie billik wees nie. Buitendien sal hulle ook nie daarmee kan volhou nie.

---

(lxii) Prinsipaalsrapport aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap - 1951 - p.30.

Ek wys op hierdie probleme nie om die spesifieke skool te kritiseer nie, inteendeel moet hulle alle lof vir hulle merkwaardige pogings toegeswaai word. Hierdie probleme staar die bestuur van elke verbeteringskool in die gesig en hoe groter die skolastiese differensiasie, hoe moeiliker die probleem, veral waar skole met analfabete te doen het. In hulle geval is dit nie so maklik om van take of projekte gebruik te maak nie.

Die moeilikhede word egter gedeeltelik oorkom deurdat die leerplanne so wyd as moontlik opgestel is, en die doel nie daarmee is om die kind in die eerste plek van kennis te voorsien nie, maar om 'n program op te stel en 'n prosedure te bepaal wat die beste voorsien in die leemtes van die opvoeding wat hy voor kommittering geniet het.

Om hierdie rede is dit vir die verbeteringskool nog belangriker om sy leerstof reg te kies, te beperk, te vereenvoudig en te rangskik.

Die skoolafdeling in 'n verbeteringskool sowel as die leerplanne wat gevolg word kan dus nie met die gewone skool vergelyk word nie.

Van die 597 leerlinge in die Porter-verbeteringskool was daar op 31.12.1951, 194 wat nie skoolonderrig ontvang het nie. Twee-en-veertig van hulle was in die detensie-hostel, wat nie met die ander inrigtingsdepartemente gekoördineer is nie. Die ander 150 het om die volgende redes nie skoolklasse bygewoon nie: (i) 'n Aantal nuwe toelatings was nog nie ingedeel nie; (ii) sommige wat nie meer by verdere skoolonderrig sou baat nie; en (iii) die ander was in spanne wat om dissiplinêre en organisatoriese redes nie toegelaat is om skool by te woon nie.

Die skool, soos dit dan ook behoort te wees speel hier 'n belangrike rol in die koördinasie van die verskillende departemente. „Elke onderwyser is verantwoordelik vir twee klasse wat dan gedurende die oggend- en namiddagsessies roteer tussen skool en werkswinkel." (lxiii)

(6) <u>Diepkloof</u>: Met 'n leerlingtal van 812 op die rol waarvan die grootste persentasie analfabete is, of baie na daar aan, is die probleem van skoolonderrig nog baie meer gekompliseerd as op enige van die ander skole.

Weens gebrek aan fasiliteite moes die klasse vir analfabete nou tydelik gestaak word. Die inrigting het egter 'n skoolafdeling waar akkommodasie vir 130 gebied word.

Die gewone leerplan wat van toepassing is op provinsiale primêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement vir naturelle, word gevolg. Die skool maak voorsiening vir onderwys van grd.I tot std. VI. Vir hoërskoolopleiding word die belowende leerlinge na die Orlando-hoërskool gestuur vir verdere studie.

Skoolonderrig is vanaf 8 v.m. tot 12 middag. Vir die namiddagsessie word die skoolleerlinge by die ander afdelings ingedeel, behalwe die kleintjies wat te swak en onryp is om in enige van die afdelings te werk, word in afsonderlike groepe onder toesig van onderwysers uitgestuur om algemene arbeid in 'n ligter graad te verrig.

---

(lxiii) Prinsipaalsrapport - 1951 - p.28.

In die namiddagsessie word daar egter daagliks 'n uur afgesonder vir Eerstehulp en Higiëne wat om die beurt aan alle verskillende afdelings gegee word. Jaarliks is daar tussen 150 en 200 leerlinge wat hulle Eerstehulpsertifikate verwerf.

Verder is die skool verantwoordelik vir die onderrig van algemene kennis, konserte, binnemuurse spele, en formele godsdiensonderrig. Hierdie gedeelte van die werk word egter by die aandprogram ingesluit wat later breedvoeriger bespreek word. Die aandprogram aan hierdie skool is 'n baie deeglik-georganiseerde opvoedkundige program waaraan al die leerlinge deelneem. Op hierdie wyse word in 'n hoë mate vergoed vir die gebrek aan skoolonderrig.

Daar moet egter op gewys word dat die skool in hierdie inrigting weens besondere probleme wat nie op die ander verbeteringskole voorkom nie, nie die belangrike rol speel in die organisasie en koördinasie van die verskillende afdelings of departemente wat dit behoort te doen nie.

Alhoewel die naturel op 'n laer standaard is as die blanke of die kleurling, en sy sosio-ekenomiese plek in die Suid-Afrikaanse volkstruktuur nie sulke hoë vereistes stel nie, het die tyd aangebreek dat elkeen ten minste die basiese kennis van die drie R's moet hê, en dat enige ander opleiding hoe prakties en nuttig ook al nie voldoende kan wees nie. Sodra die nodige fasiliteite beskikbaar is, sal hierdie taak sonder versuim aangepak word.

(b) Ambagte.

Soos reeds aangetoon bestaan daar op alle verbeteringskole 'n hegte koördinasie tussen die skoolafdeling en die ambagte, behalwe op Diepkloof waar die leerlinge in die ambagte nie juis verdere

skoolonderrig nodig het vir die gehalte ambagsleiding wat hulle ontvang nie. Die opleiding is elementêr en suiwer prakties. Die teoretiese deel van die kursus vorms slegs 'n baie geringe onderdeeltjie. Hoewel die artikels wat vervaardig word van 'n goeie gehalte is, en 'n goeie voorkoms toon, is die opleiding nie sodanig dat dit aan die vereistes van voorvakleerlingskap voldoen nie. Om egter op hoogsgespesialiseerde opleiding te gaan konsentreer sal onwys wees, want die arbeidsmark maak nie veel voorsiening vir hierdie klas naturel nie.

Op Diepkloof staan die ambagte as 'n aparte inrigtingsdepartement los van die skool. Die inrigting het vir elke ambag 'n geadapteerde leerplan uitgewerk wat elke vakonderwyser volg. In die volgende ambagte word onderrig verskaf: Boukunde, Kleremakery, Skrynwerk, Skoenmakery, Blikslaerwerk en Waskunde.

Hierdie departement word deur middel van die aandprogram met die ander gekoördineer.

Op Constantia en Durbanville is skool- en ambagsonderrig so nou verbonde dat hulle as 't ware nie as twee afsonderlike departemente beskou kan word nie.

Op Constantia word die volgende ambagte onderrig:

Boukunde,
Kabinetmakery,
Loodgietery,
Skilderwerk,
Stofwerk, en
Werktuigkunde.

Op Durbanville word die meisies in die volgende huishoudige kursusse opgelei: Naaldwerk, Waskunde, Kookkuns, Huisbestuur, Kleremakery, Moederkunde en Assistent-matrone.

Die opleidingsprogram op die twee blanke verbeteringskole is dan ook respektiewelik niks anders as 'n gewysigde leerplan van die Hoër-Tegniese Skool en die Hoër-Huishoudskool nie. Die metodes van onderrig verskil egter in baie opsigte wesentlik van die wat gebruik word op laasgenoemde skole. Op Constantia is daar egter 'n paar leerlinge wat 'n suiwer skoolkursus volg sonder enige ambagsopleiding, hulle is diegene wat in die toekoms meer baat by akademiese as vakopleiding sal vind.

Op Simonstad en Eshowe word van dieselfde stelsel gebruik gemaak as op Durbanville. Die opleiding is egter net baie meer elementêr en grotendeels prakties.

Die skole vir meisies, nl. Durbanville, Eshowe en Simonstad het 'n klein leerlingtal en gevolglik is hulle organisasie nie in departemente ingedeel soos by die groter skole vir seuns nie. Die program is meer 'n suiwer skool-huislike, waarin elke staflid alhoewel verantwoordelik vir sy spesifieke deel van die program, tog in 'n hoë mate gesamentlik elke afdeling behartig. Elke leerling is by elke staflid bekend, met die gevolg dat die inrigtingskennis baie intensiewer is.

Op Porter word vakonderrig in die volgende ambagte gegee: Skrynwerk, kleremakery, skoenmakery, messelary, kuipery, loodgietery en tuinbou. Die leerlinge in die ambagte woon ook skool by.

Die ambagte is ook gekoördineer met die skool,

alhoewel hier nie dieselfde mate van onderrig as bv. op Consta ntia gegee word nie. Dit is ook te verstane, want hierdie skool het met die groot probleem van alfabetisme en uiterste vertraging te kampe.

Van die 597 leerlinge is 261 in bogenoemde ambagte.

(c) <u>Algemene Departemente</u>.

Die twee verbeteringskole, Diepkloof en Porter het sulke departemente waaronder gewone werksaamhede soos die volgende ressorteer: handlangers, plaaswerkers, tuinbouers, huisjongens, koks, kantoorjongens en ander inrigtingsdienste.

Constantia wat uitsluitlik op vakonderwys konsentreer, het een afdeling vir handlangers. Hulle is die leerlinge wat nie baat by skoolonderrig of vakopleiding sal vind nie.

Die leerlinge van Diepkloof en Constantia wat op hierdie afdelings werksaam is, ontvang onderrig in hulle werk en is nie net gewone arbeiders nie. Op albei skole is daar egter heelwat algemene arbeid wat verrig moet word.

Diepkloof gebruik sy heeltemal agterlike leerlinge vir hierdie soort werk. Hulle is diegene wat slegs in staat is om eenvoudige roetine-werk te kan doen.

Constatia gebruik die tuinspanne wat in seniors en juniors ingedeel is vir hierdie soort werk. Die seniors is die leerlinge wat van een of ander voorreg misbruik gemaak het en dit dan moet ontbeer. Die juniors is die analfabete wat fisies te swak is om ambagswerk te verrig.

Daar word egter in 'n mate vergoed deurdat baie van die leerlinge skoolonderrig ontvang, en soos op Diepkloof neem almal aan die aandprogram deel.

Indeling van leerlinge!

Die leerlingindeling by die verskillende verbeteringskole op 31.12.1951 was as volg:-

Durbanville:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Std. VI (C) | - Spesiale Klas | - | 4 |
| Std. VI (B) | - | - | 3 |
| Std. VII | - | - | 10 |
| Std. VIII (A) | - | - | 4 |
| Std. VIII (B) | - | - | 6 |
| Matrone groep | | - | 3 |
| Kleremaakster | | - | 1 |
| Seniors | | - | 10 |
| | Totaal | | 41 |

Simonstad:

| | | |
|---|---|---|
| Proefwerk | - | 5 |
| Kooksters | - | 2 |
| Stafmenasie-werk | - | 2 |
| Stafkamers | - | 2 |
| Inrigtingsnaaldwerk | - | 1 |
| Washuis | - | 6 |
| Analfabete | - | 8 |
| Std. VI | - | 5 |
| Totaal | | 31 |

Eshowe:

| | | |
|---|---|---|
| Naaldwerk en Kunsnaaldwerk | - | 12 |
| Kookkuns en Stoffeerwerk | - | 10 |
| Waskunde | - | 16 |
| Tuinbou | - | 20 |
| Algemene dienste | - | 26 |
| Totaal | | 84 |

**Constantia:**

| | | |
|---|---|---|
| Messelaars | - | 38 |
| Kabinetmakers | - | 57 |
| Loodgieters | - | 34 |
| Skilders | - | 45 |
| Stoffeerders | - | 22 |
| Werktuigkundiges | - | 20 |
| Handlangers | - | 11 |
| Skool alleen | - | 12 |
| | Totaal | 239 |

**Porter:**

| | | |
|---|---|---|
| Skrynwerkers | - | 38 |
| Kleremakers | - | 70 |
| Skoenmakers | - | 49 |
| Messelaars | - | 30 |
| Kuipers | - | 16 |
| Skilders | - | 41 |
| Loodgieters | - | 17 |
| Tuinbouers | - | 12 |
| Tuinspanne:- | | |
| (a) Juniors | - | 41 |
| (b) Seniors | - | 139 |
| Koks | - | 26 |
| Washuis | - | 14 |
| Huisjongens | - | 35 |
| Stalle | - | 18 |
| Diverse - vragmotors, kantore, ens. | | 9 |
| Westlake detensie-hostel | | 42 |
| | Totaal | 597 |

Diepkloof:

| | | |
|---|---|---|
| Kleremakery | - | 42 |
| Skoenmakery | - | 40 |
| Houtwerk | - | 12 |
| Blikslaer | - | 8 |
| Bouafdeling | - | 78 |
| Plaas | - | 110 |
| Skool | - | 115 |
| Blomtuine | - | 120 |
| Huisjongens | - | 70 |
| Wassery | - | 34 |
| Houtspan | - | 15 |
| Proefwerkers | - | 60 |
| Inrigtingsdienste (Koks, ens.) | | 20 |
| | Totaal | 724 |

(d) Liggaamlike Opvoeding.

Die waarde van liggaamlike opvoeding is mettertyd besef en gevolglik is dit een van die belangrikste departemente in byna elke verbeteringskool. Alle leerlinge wat medies geskik is, moet deelneem. Gevolglik is dit een van die departemente wat met alle ander inrigtingswerksaamhede gekoördineer is.

Die rooster sluit atletiek, gimnastiek en spele in, wat volgens behoefte afgewissel word. Die periode word gedurende die werksure afgesonder, m.a.w. dit neem 'n bepaalde plek op die rooster in. Die tyd wat hieraan bestee is as volg:-

Durbanville: Twee periodes elk van 'n uur per week.

Simonstad : Hierdie is 'n nuwe skool en het nog nie 'n vasgestelde rooster nie.

Diepkloof: Drie periodes elk van 40 minute, per week.

Eshowe: Die leerlinge ontvang onderrig maar dit word nie as 'n vak beskou nie.

Constantia: Twee uur per week.

Porter: Skoolgaande leerlinge ontvang 2 periodes van 40 - 50 minute per week.
Nie-skoolgaande leerlinge twee periodes van 50 minute per week.
Tuinspanne ontvang een periode per week.

Hierdie program is 'n organisasie op sigself, want die probleme van die soort werk wat die leerling doen, sy fisiese gesteldheid, rypheid, ens. moet weer alles in aanmerking geneem word.

Sport.

Sport en liggaamlike opvoeding staan so na aanmekaar dat op die meeste skole die onderwyser van liggaamlike opvoeding ook vir die organisasie daarvan verantwoordelik gehou word. Hulle word dan bygestaan deur die dagskoolonderwysers.

Die algemene sportsoorte op die seunskole is, krieket, rugby, sokker, handbal, hokkie en sagtebal. Die skole verskil in die opsig dat een miskien een of twee van die sportsoorte uitskakel. Op Constantia is daar selfs twee tennisbane, drie jukskeibane, twee ringtennisbane en 'n swembad tot die leerlinge se beskikking.

Behalwe dat die skole hulle inter-hostel of groep kompetisies het, beskik hulle oor verskillende klubs wat meeding met buiteklubs.

Die sportprogram begin net na die dag se werksaamhede en sluit voor die aandete af.

Op Eshowe is netbal die enigste soort sport wat beoefen word. Die leerlinge hou meer van hulle eie danse en sang.

Op Simonstad is nog nie georganiseerde sport gereël nie.

Op Durbanville het die dogters twee tennisbane, 'n netbalveld, 'n ringtennisbaan en 'n swemplek. Behalwe ringtennis, is die ander sportsoorte verpligtend. Twee keer per week vanaf 3.45 tot 5.15 n.m. word die leerlinge wat in twee groepe gedeel is, beginners en gevorderdes afgerig.

(e) Aandprogram.

Die aandprogramme aan al die skole is ryklik geïllustreer met allerlei kulturele bedrywighede. Hierdie program dien om die leerling gewoon te maak om sy aande nuttig te gebruik. Dit is juis gedurende hierdie deel van die dag dat meeste jongmense ledig, of verkeerdelik besig is. Dit is dan ook die tyd dat die jeugmisdadiger met sy jag begin. Hy soek swak maats of ongeoorloofde vermaak op, wat baie gou so 'n houvas op hom kry dat dit nie net 'n manier van vryetydbesteding is nie, maar die kern van sy hele dag se bedrywighede vorm. Die verkeerdelike besteding van vrye tyd vorm die basis van gedragsafwyking vir sover sosiale omstandighede daarvoor verantwoordelik is.

Die gewone persoon, veral die werkende groep, wil na die dag se werksaamhede hom losmaak van die dag se verpligtinge en meer in die breë sfeer van die samelewing ontspan.

Die mens het ook sy kulturele behoeftes waarin hy moet voorsien, en as 'n sosiale wese is daar gemeenskaplike drange wat bevredig moet word in

kringe wat verder as sy arbeidsmilieu reik. Om hierdie redes het die verbeteringskole 'n aandprogram met 'n groot verskeidenheid georganiseer.

Die aandprogram sluit oor die algemeen die volgende in: debatte, voordragte, gesamentlike sang, afsonderlike kore, binnemuurse spele, opvoedkundige- en vermaaklikheidsfilm-vertonings, ens.

Op Diepkloof waar die grootste persentasie leerlinge nie formele skoolonderrig ontvang nie, word 'n program van algemene kennis ook hierby ingesluit. Onderwerpe soos padveiligheid, plekbespreking op treine, gebruikmaking van hospitaal-klinieke, registrasie van pakkette by poskantore, hoflikheid in die publiek, ens. word deur middel van illustrasies behandel.

(f) <u>Godsdiensonderrig</u>.

Deur sy ken- en strewensvermoë, verstand, rede, en wil reik die mens na hoër dinge as die sinlike, hy het ook 'n besef van die onsienlike, geestelike en ewige dinge wat hom inwendig aan sy hoëre bestemming verbind en die religieuse aanleg in hom bewaar. En hierdie aanleg is daaraan te danke dat God Hom nie onbetuig laat nie, maar Hy openbaar Hom gedurig in en aan die mens. Deur die Woord verlig Hy iedere mens wat gebore word.

Nieteenstaande hy in die sonde verval het, bly die mens 'n godsdienstig-sedelike wese. Hieromtrent se H. Bavinck byvoorbeeld die volgende: „Dat de mensch ook in zyn gevallen, zondigen toestand een redelyk, godsdienstig en zedelyk wezen blyft, word bewezen door heel de geschiedenis van het menschelyk geslacht. Het voortbestaan der menschheid als menschheid legt er voortdurend, van geslacht tot

geslacht, getuiernis van af, want zonder deze wezenlyke trekken der menschelyke natuur zou de menschheid ophouden te zyn, wat ze in onderscheid van het dierenryk is." (lxiv)

Volgens die kind se natuur is dit 'n erflike opvoedingsreg wat hom nie ontneem mag word nie.

Vir die Christen neem die godsdiens die sentrale plek in die onderwys in en moet nie alleen die gees en die rigting van alle vakke bepaal nie maar ook die van die ganse skool.

Waar die jeugmisdadiger op die verbeteringskool oor die algemeen wat godsdiens betref 'n minderbevoorregte is, ag die bestuur dit sy plig om hier besondere aandag aan te wy.

In hierdie taak word die skole getrou bygestaan deur sommige kerkgenootskappe. Die genootskappe doen ook hulle bes om van die leerlinge aangeneem te kry. Sodra 'n persoon darem 'n lid van een of ander kerk is, is daar altyd hoop dat die kerkverband vaster sal word.

Behalwe dat leerlinge die openbare eredienste van hulle respektiewelike kerke bywoon, word daar gereeld aand- en oggendgodsdiens gehou, daar word gebid en gedank by etes, en baie van die personeel beywer hulle vir formele onderrig.

<u>Diepkloof</u>:

(i) Elke aand voor ete 'n gesamentlike diens vir die hele skool.

(ii) Daar word gebid en gedank by etes.

---

(lxiv) H. Bavinck - Bybelsche en Religieuze Psychologie - J.H.Kok - 1920 - Kampen - p.195.

(iii) Die skool word elke oggend met godsdiens geopen. Elke onderwyser kry 'n beurt.

(iv) Godsdiens word as vak op skool onderrig.

(v) Saans om 8.45 lui die stilte klok. Een van die leerlinge lees 'n paar versies uit die Bybel en dan word gesing en gebid. By die vry hostels neem die huisvader of sy assistent die verrigtinge waar.

(vi) Elke Sondagoggend word daar deur die inrigting self of deur een van die belangstellende leiers op geestelike gebied 'n diens vir die hele skool gehou.

(vii) Elke Sondag word vir alle leerlinge in die namiddag sondagskool gehou.

(viii) Elke week is daar 'n uur formele Bybel-onderrig vir die hele inrigting. Die inrigting is in groepe volgens moedertaal ingedeel. Elke groep het sy permanente onderwyser. Op die wyse vind daar indiwiduele onderrig plaas. Die leerlinge het dan kans om hulle probleme i.v.m. die godsdiens te bespreek. Hierdie onderrig is van groter waarde as enige gesamentlike diens. Daar is 'n definitiewe leerplan opgestel, en die lesse word deeglik voorberei.

Ek mag net meld dat die naturelle-jeugmisdadiger se kerkverband so los is dat die grootste persentasie 'n baie vae besef het aan watter kerk hulle behoort.

Constantia.

Oggend- en aandgodsdiens word gereeld deur die huisvaders gehou. Elke Maandagoggend vergader die hele inrigting in die saal waar die godsdiens deur

die prinsipaal of vise-prinsipaal waargeneem word.

Sondagmiddag word 'n gesamentlike diens vir al die leerlinge deur 'n groepie belangstellendes gehou.

Op Vrydagmiddag na skool word vir 'n uur formele Bybelonderrig deur 'n Priester van die Roomse Kerk en 'n Predikant van die Engelse Kerk, aan leerlinge van die twee onderskeie kerke gegee, om hulle sodoende voor te berei vir lidmaatskap.

Vir die leerlinge van die drie Afrikaanse kerke is die prinsipaal persoonlik verantwoordelik vir die aanneming.

Porter.

Alle kerkdienste word op die inrigting self gehou deur personeellede.

Oggend- en aandgodsdienste word deur die huisvaders waargeneem.

Vrydagaand word evangelisasiewerk by alle afdelings van die inrigting deur die Doksendinggroep gedoen.

Elke Sondag word in die namiddag sondagskool deur kleurling-onderwysers gehou.

Katkisasie-klasse word deur verskeie kerkgenootskappe geneem. Die Ned. Geref. kerk se leerlinge word deur lede van die personeel self voorberei.

Simonstad.

Elke aand word aandgodsdiens deur die personeellid op diens waargeneem. Die diens bestaan uit Skriflesing, gebed en die sing van 'n lied.

Vrydagaand word evangelisasiewerk deur die Doksendinggroep gedoen.

Sondagoggend om 10.30 v.m. word 'n diens in die inrigting deur die vise-prinsipale of haar plaasvervangster waargeneem.

Sondagaand word daar ook 'n diens deur 'n groepie belangstellendes van buite gehou.

Formele Bybelonderrig word elke oggend na ete deur die vise-prinsipale of haar plaasvervangster verskaf.

Eshowe.

Dienste word gereeld gehou deur die Anglikaanse Kerk. Ook hou die Sending van die N.G. Kerk, en die Rooms-Katolieke Kerk dienste by die inrigting.

Sondagskool word gereeld deur een van die senior staflede gehou. Die vise-prinsipale neem elke oggend die godsdiensoefening waar.

Durbanville.

Die oggend- en aanddienste in die kerke word bygewoon.

Drie periodes per week, elk van 'n halfuur word vir godsdiensoefening afgesonder. Die prinsipale neem dit waar.

Formele Bybelonderrig een keer per week word gedurende skoolure deur 'n leraar gegee.

Die predikant van die Anglikaanse kerk gee 'n halfuur per week na skool formele bybelonderrig aan lede van die kerk.

Vir die aanneming sluit die dogters by die dorpsgroepe van die verskillende kerke aan.

Al die skole is van opinie dat godsdiens 'n heilsame invloed op die leerlinge uitoefen en as 'n praktiese rehabilitasie-middel van groot waarde is.

Daar word altyd versigtig gelet om nie aanstoot aan enige genootskap te gee nie. Hulp van buite word deur al die skole baie hoog op prys gestel.

(g) Kadette.

Constantia beskik oor 'n groot afdeling kadette. Hierdie afdeling gaan ook in vir kompetisies. Op Diepkloof bestaan die kadetdril net uit voetdril en marsjeer.

Dril is van groot waarde vir enige jeugdige. Dit dra nie slegs daartoe by dat sy fisiese houding 'n gunstige indruk skep nie, maar dit help baie om die dissipline te versterk. As die leerlinge in groepe van die een plek na die ander beweeg, kan dit op orderlike wyse geskied.

(h) Biblioteke.

Elke skool is besig om 'n goeie versameling van boeke bymekaar te kry vir die staf sowel as die leerlinge.

Veral moedig die Departement die personeel van sy skole baie aan om so veel moontlik van die Nasionale Studiebiblioteek gebruik te maak. Die diens is besonder goed en alle boeke word gratis versend.

C. Voorbereidingsfase vir Vrylating met Vergunning.

Net soos die toelating-aapassingsfase die leerling voorberei vir die inrigtingslewe, dien die voorbereidingsfase vir vrylating as 'n voorbereiding van die leerling vir die buitelewe.

In die verbeteringskool word die leerling geleer om onder toesig 'n bepaalde program te volg. Hy het dus in 'n hoë mate inrigting-gefikseerd geraak. In die buitelewe waar hy self sy toesig is, en self sy program moet reël, sal hy op 'n verskillende patroon moet organiseer, en dit is juis hier waar die inrigtingsleerling se moeilikheid lê.

Hy moet sy fiksasie van die inrigting as objek verskuif na die samelewing as objek, en as die verandering te skielik plaasvind, verloor hy sy balans en die maklikste aanpassing vir hom is volgens die ou bekende metode voor hy tot die inrigting toegelaat is, d.w.s. wanaanpassing.

Die enigste oplossing vir hierdie probleem is 'n metode van geleidelike aanpassing. Die direkte toesig van die inrigting moet stadig teruggetrek word en in plek daarvan moet selftoesig en „samelewingstoesig" intree.

Elke inrigting het sy program ook dan sodanig ingedeel dat daar op verskillende maniere in hierdie behoefte voorsien word.

(i) Projek- en Taakstelsel.

Deur die toepassing van die projek- of taakstelsel kry die leerling die kans om meer vry en selfstandig binne die inrigting te beweeg. Daar word hom sekere voorregte voorgehou waaraan bepaalde voorwaardes verbonde is.

Hierdie voorwaardes is altyd binne enige leerling se bereik aangesien elke geval indiwidueel beoordeel word.

Die toesig oor die leerling is nie sodanig dat hy gedryf word om die voorwaardes na te kom nie. Hy word wel gelei, ondersteun en waar nodig getug, maar sonder selfopoffering en -dissipline sal hy nie die standaard bereik nie. Solank hy nie aan die vereiste standaard voldoen nie, kan hy nie gebruik maak van die voorregte nie.

(ii) Uitstappies.

Die leerling word nie net tot die inrigtingsgronde beperk nie. Vir die verdienstelike

leerlinge word uitstappies in die vorm van pieknieke, feeste en uitkamp gereël.

(iii) Konserte en ander bedrywighede in die Publieke lewe.

Gereeld word konserte en ander opvoerings in een of ander saal in die naaste dorp of stad in die openbaar gehou.

Op sportgebied word daar op verskillende terreine met ander klubs of verenigings meegeding.

Openbare eredienste sowel as vermaaklikheidsplekke word bygewoon.

(iv) Besoekers.

Ouers en familiebetrekkinge is vry om die leerlinge te besoek. Die skool tref reëlings dat die leerlinge heeltemal vry en gesellig met hulle besoekers verkeer. Op party skole is die besoeke weekliks en op ander maandeliks. Gedurende hierdie besoeke word die leerlinge ook met die ouers bespreek, en daar word gepoog om 'n aangename atmosfeer en verhouding te skep.

(v) Klassifikasie in Verbeteringskool.

Klassifikasie van jeugmisdadigers is 'n probleem waarmee strafhervorming al van die vroegste tye worstel. Die gesamentlike opsluiting van alle misdadigers is nog altyd beskou as die nadeligste van alle tronk- of verbeteringskoolinvloede. Dit is dan ook die kernprobleem van die verbeteringskool as 'n opvoedkundige inrigting, veral waar daar nie die nodige fasiliteite of akkommodasie is nie.

In Suid-Afrika is daar egter heelwat vordering gemaak in hierdie rigting. Op aldrie die verbeteringskole vir seuns, waar die leerlingtalle groot is, is

daar in 'n groot mate voorsiening gemaak vir 'n breë klassifikasie vir almal, en 'n besonder goeie klassifikasie vir 'n gedeelte. Op Porter waar die nodige akkommodasie is, is die klassifikasie-proses op 'n besonder hoë standaard. In sy 1951 jaarrapport skryf die prinsipaal die volgende: „Op hierdie skool het ons nou 'n klassifikasie-metode wat enig van sy soort hier is, en ek verstout my om te sê, enig van sy soort in die wêreld, sover ek weet.

Ons maak voorsiening in een inrigting maar met aparte behuising vir jeugdiges en jeugdige volwassenes. Daar is ook aparte koshuise vir (a) moeilikes, (b) minder moeilikes, (c) gewone normale tipes saam met nuwelinge, (d) die gevorderde groep, (e) die stadsuitplasingshostelle, (f) die plattelandse uitplasingshostelle, (g) die uitgeplaastes met vergunning onder ons sorg." (lxv)

Namate die leerling vorder en sy aanpassing sodanig is dat hy geskik is vir voorbereiding om uitgeplaas te word, word hy van die minderbevoorregte hostel na 'n meer bevoorregte hostel oorgeplaas. Die meer bevoorregte hostel staan baie nader aan die buitelewe as eersgenoemde. Die leerling in die meer bevoorregte hostel geniet meer vryheid en sosiale omgang. Hy word geleidelik vertroud gemaak met omstandighede, verpligtinge en gedraginge in die samelewing.

(vi) <u>Die Vrystelsel op Diepkloof.</u>

In hierdie opsig het Diepkloof 'n stelsel waarop hy met reg trots kan wees, en wat sover ek weet ook enig van sy soort is. Dit is 'n goedgeorganiseerde stap-vir-stap inlywing van die naturelle-jeugmisdadiger in die samelewing.

---

(lxv) Jaarrapport van die prinsipaal aan die Departement - 1951 - p.2

Die stelsel werk soos volg: Sodra die leerling goed aangepas is in die inrigting se hoofhostel, wat as die veilige bewaringshostel dien, word hy 9 maande tot 'n jaar na toelating sy eerste vryheidsvoorreg toegestaan. Hierdie voorreg word op aanbeveling van sy offisier en op goedkeuring van die sielkunde-departement gedoen.

Na die leerling sy vrywapen ontvang het, is hy geregtig om boodskappe te doen en Sondagmiddag op die inrigtingsterrein wat byna 500 morg groot is, rond te wandel. Hierdie rondwandeling in die veld is 'n tradisionele gewoonte by die naturel. As hy moeg word, gaan hy sit, en kan dan ewe rustig en kalm die natuur instaar. Dit sou lyk of hy nie eintlik die natuur bewonder nie, maar gedagteloos en droomverlore toelaat dat die krag wat daar uitvloei sy gemoed kalmeer. Hulle self noem hierdie uitstappies, „vagasha", wat beteken kuier.

Omdat hierdie eerste voorreg vir hom die belangrikste is, is daar 'n seremonie verbonde aan die toekenning daarvan.

Die seremonie vind net voor aandgodsdiens plaas. Voor die hele skool se leerlinge lê hy 'n belofte af dat hy sy vryheid nie sal misbruik deur weg te loop, andere se eiendom te vat, die skool se regulasies te verbreek, of hom in die buitelewe wan te dra nie.

Na hy sy belofte afgelê het, ontvang hy 'n hemp met die vryheidsteken op die linkersak. Die teken word op die linkersak gesit omdat dit op sy hart is, waaruit die belofte kom. Die teken is daar nie net om aan die ander leerlinge te toon dat daar vertroue in hom gestel word nie, maar ook om hom wanneer hy in versoeking kom, te herinner aan sy belofte.

As die leerling se gedrag goed is, word hierdie eerste vryheidsvoorreg verder uitgebrei. Die eerste teken word nou deur 'n tweede vervang, en waar hy tot dusver nog altyd in die hoofhostel of veilige bewaringshostel was, word hy na een van die bevoorregte hostels oorgeplaas, waar hy dieselfde vryheid geniet as 'n leerling op 'n koshuis verbonde aan ons provinsiale skole.

Hierdie bevoorregte hostels of villas (cottages) bied elk akkommodasie vir slegs 25 leerlinge. Onder die sorg van 'n huisvader en huismoeder geniet hulle hier warm huislikheid. Elke hostel is ook so ingerig dat dit sy eie kook- en eetgeriewe het.

Twee maande vanaf sy oorplasing na die bevoorregte hostel, ontvang hy sy derde vryheidsvoorreg as sy aanpassing nog normaal blyk te wees. Hy word verlof toegestaan om sy ouers, familiebetrekkinge of goedgekeurde vriende een keer per maand vir 'n naweek te besoek. Ongelukkig is dit net die Rand se leerlinge wat in hierdie voorreg kan deel. Van hierdie leerlinge neem partykeer hulle vriende saam, maar dit word slegs toegelaat as die betrokke leerlinge se ouers of familiebetrekkinge persoonlik die inrigting nader.

Die volgende stadium is die plasing van die leerling in werk. Hy word na die uitplasingshostel gestuur of, as sy gedrag baie goed is, direk by 'n werkgewer geplaas wat hom dan ook met huisvesting voorsien.

Tot op hierdie stadium is hy nog onder toesig van die verbeteringskool. Hy word dan ook dikwels deur die onderwyser-nasorgbeampte sowel as die sielkundige en die bestuur van die inrigting besoek.

Alhoewel die leerling nou te midde van die samelewing staan, geniet hy nog altyd meer die beskermende sorg van die verbeteringskool as die leerling wat met vergunning vrygelaat is en ook onder die skool se sorg val.

Sodra die leerling sy eerste vryheidsvoorreg ontvang het, besef hy self dat die voorbereiding vir sy vrylating met vergunning 'n aanvang geneem het. Die staflid in wie se afdeling hy werksaam is, die onderwyser-sielkundige, die huisvader en -moeder, en al die ander personeel wat met sy onderwys en opvoeding gemoeid is, begin nou die probleme in die verband met hom te bespreek. Die betekenis van vrylating, die verhouding met sy werkgewer en voogde, die verskillende probleme waarmee hy in die buitelewe te kampe sal hê en hoe hy dit moet oplos - om kort te wees, hoe hy van die inrigtingsbehandeling gebruik moet maak om 'n nuttige lid van die samelewing te wees.

Hierdie metode van geleidelike aanpassing deur die geleidelike toekenning van groter vryheid aan die leerling is vir Diepkloof van groot waarde. In die eerste plek bied dit die leerling die geleentheid om op sy gemak met die minste spanning die inrigtingslewe te ontgroei en in die samelewing in te groei.

Wat die verbeteringskool self betref, is dit 'n praktiese metode om vas te stel watter vordering die leerling gemaak het. Namate die leerling se vryheid uitgegroei word, vermeerder sy verantwoordelikheid, want met meer vryheid is hy ook onderworpe aan meer en groter versoekings. Oor die jare was dit dan ook vir ons duidelik dat die swakstes in die eerste stadium uitsak en dat diegene wat die hele prosedure sonder vervalling deurmaak, ook meer kans

vir aanpassing in die buitelewe het.

Die grootste waarde in die hele stelsel lê hierin dat die swakkelinge reeds ontdek word voor hulle in werk geplaas is. Hulle is juis die persone wat die gesonde verhouding met werkgewers so vertroebel.

Die hele stelsel van leerling-promosie resorteer direk onder die sielkunde-departement wat sy betroubaarste en juiste gegewens omtrent die leerlinge deur middel daarvan bekom. Die geleentheid is daar om die leerling onder minder kunsmatige omstandighede en toestande te bestudeer.

D. Nasorg.

Die onderwyser-nasorgbeamptes is gemoeid met die nasorg van die verbeteringskoolleerling.

Hierdie departement is verantwoordelik vir die afrondingswerk van die inrigting.

Om hierdie werk te kan doen is in die eerste plek 'n deeglike kennis van die leerling wat onder sy sorg gaan, onontbeerlik. Om hierdie rede moet dit in die nouste samewerking met die sielkunde-departement wees, asook met die ander departemente. Die nasorgonderwyser moet nie slegs kennis dra van die leerling nie, maar hy behoort die leerling persoonlik te ken.

In die tweede plek moet hy die weg vir die leerling in die buitelewe voorberei. Sy eerste taak in die opsig is om 'n gesonde verhouding tussen die voog of ouers en die leerling, sowel as die inrigting te skep. Om hierdie rede word hierdie departement van die inrigting dan ook verantwoordelik gehou vir alle korrespondensie tussen leerlinge en familiebetrekkinge of toekomstige voogde. Waar

leerlinge na vrylating met vergunning nog onder die skool se direkte sorg val, moet hierdie persone die ouerhuise besoek en die leerling met die ouers bespreek asook met raad bedien. As die ouers se huislike omstandighede stremmend of belemmerend vir die leerling se aanpassing sal wees, moet pogings aangewend word om hulle tot daadwerklike verbetering aan te spoor, of planne moet beraam word om meer geskikte voogde te vind. In hierdie opsig speel die uitplasingshostel 'n belangrike rol om as tuiste te dien vir die kinders wie se huislike omstandighede nie geskik vir hulle plasing is nie.

In die derde plek moet daar 'n geskikte werk vir die leerling gevind word. Om gelukkig en aangepas te wees in sy werk, moet daar ook die regte verhouding tussen die werkgewer en die inrigting wees.

Verder moet daar hulp verleen word, wat sy sosiale en kulturele belange betref. Hy moet lid van een of ander klub of vereniging word, en gevolglik is dit nodig om kontak selfs in die rigting op te bou.

Dit moet egter nooit uit die oog verloor word nie, dat die leerling van 'n verbeteringskool nie altyd 'n baie simpatieke behandeling in die buitelewe ontvang nie.

Dieselfde gemeenskap wat baie daartoe bygedra het dat hy hom nie normaal kon aanpas nie, ontvang hom baie keer met die grootste argwaan en agterdog. Dit het al dikwels gebeur dat die verbeteringskole ongunstige rapporte oor leerlinge se huislike omstandighede ontvang het, net omdat die gemeenskap nie weer las van hulle wou hê nie. Hoe dikwels het 'n werkgewer, veral in die geval van naturelle, nie

al gedreig om die ouers weg te ja, indien hulle kind weer na hulle terugkeer nie. Tereg merk Costello dan ook op „Too often boys return to a frigid community. Their past sins are not forgotten, and they are looked upon with skepticism." (lxvi)

Hierdie departement het dus as funksie om die leerling met sy aanpassing in die buitewêreld by te staan. Dit is dus nie net gekoördineer met al die inrigtingsdepartemente nie, maar vorm ook die skakel tussen die inrigting en die buitewêreld.

Siende dat 'n verbeteringskool se leerlinge van oor die hele land gekommitteer word, is dit onmoontlik om alle leerlinge onder die inrigting se nasorg te plaas. Leerlinge wat nie in die area van die verbeteringskool uitgeplaas word nie, word onder sorg van die Departement Volkswelsyn geplaas, wat halfjaarliks die inrigting van rapporte (K.W.50) omtrent die leerling se vordering voorsien.

E. Inrigtingskomitees, Afdelingsvergaderings en Stafvergaderings. Om die hele organisasie glad te laat verloop en alle departemente as 'n integrale deel van die hele skool te laat funksioneer, het party van die skole inrigtingskomitees saamgestel om verskillende aspekte van die werksaamhede by tye te bespreek. Op Diepkloof is daar bv. die volgende komitees: (i) Die Bestuurskomitee. Hierdie komitee bestaan uit die prinsipaal en die vise-prinsipale wat van tyd tot tyd beleid- en reorganisasie-sake bespreek.

---

(lxvi) The Annals of The American Academy of Political and Social Science - Philadelphia - 1949 - p. 177.

(ii) Komitee vir moeilike Gevalle.

Hierdie komitee bestaan uit die prinsipaal, vise-prinsipale, onderwyser-sielkundige en die onderwyser-nasorgbeampte. Alle sake rakende moeilike leerlinge, weglopers en heropnames word deur hulle bespreek en besluite word geneem.

(iii) Afdelingsveranderings.

Van tyd tot tyd hou elke vise-prinsipaal 'n vergadering met die verskillende departemente wat onder sy bestuur resorteer. As dit nodig gevind word, word die prinsipaal ook gevra om van die vergaderings by te woon. Indien daar enige probleme omtrent die beleid of organisasie opduik, word die saak na die bestuurskomitee verwys wat op hulle beurt die nodige besluite neem.

(iv) Stafvergaderings.

Een keer per maande of wanneer nodig, word daar 'n stafvergadering gehou. Die prinsipaal of sy plaasvervanger tree as voorsitter op. Alle sake van algemene belang word bespreek, en verskillende van die seniorstaflede lewer om die beurt 'n lesing oor een of ander onderwerp wat in verband staan met die werk van die inrigting. Hierdie vergaderings is baie interessant en van groot waarde vir die staf as geheel.

F. Nuusbriewe. Op Diepkloof word daar weekliks 'n nuusbrief uitgereik om die hele staf op hoogte te hou van alle veranderinge en verwikkelinge wat van tyd tot tyd voorkom. So 'n nuusbrief sluit bv. die volgende in:

(i) Uittreksels van regulasies en omsendbriewe van die Departement wat van algemene belang vir die personeel is.

(ii) Bykomstige inrigtingsregulasies en reëls asook wysigings van sekere bestaande regulasies.

(iii) Bevorderings, verplasings en nuwe aanstellings van personeellede.

(iv) Personeellede wat met verlof of weens siekte afwesig is.

(v) Bekendmaking van bykomende kwalifikasies wat deur personeellede verwerf is.

(vi) Alle sake rakende leerlinge:

(a) Bewegings.

(b) Bevorderings.

(c) Straf.

(d) Vrylatings en Ontslagte.

(e) Vervallings en heropnames.

(f) Sport, Konserte, ens.

Ons het gevind dat hierdie 'n baie uitstekende metode is om die staf se belangstelling in die skool aan te wakker.

-

# HOOFSTUK VII.

## DIE PROBLEEM VAN VRYHEID, WEGLOPERY, EN LEERLINGBESTUUR OP DIE VERBETERINGSKOOL.

Die drie terme, „vryheid," „tug," en „weglopery," is so nou verbonde aanmekaar dat die een nie bespreek kan word sonder dat die ander bygebring word nie.

1. VRYHEID.

(a) Algemeen: Vryheid kan nooit losstaande op sigself wees nie, want dan is dit nie vryheid nie, maar losbandigheid. Ware vryheid gaan gepaard met gesag. Sonder gesag kan daar nie orde en reëlmaat wees nie, en gevolglik ook nie vryheid nie, want vryheid word bepaal deur die regte verhoudinge en gesindhede van die verskillende indiwidue in die gemeenskap teenoor mekaar, van die een gemeenskap teenoor 'n ander, van een volk teenoor 'n ander, en ten slotte die hele kosmos teenoor God wat absolute gesag voer.

Om te verhoed dat 'n indiwidu, gemeenskap of volk nie sy vryheid beoefen tot nadeel van 'n ander nie, is daar geskrewe en ongeskrewe wette wat hierdie vryheid kontroleer.

Die grootste vryheid wat die mens kan geniet is onder die gesag van God, soos neergelê in sy Wet. As 'n staat dus wette neerlê wat in stryd is met Gods Wette, maak dit inbreuk op die vryheid van die indiwidu.

God het aan die mens gesag verleen, en ook volgens 'n sekere rangorde, wat beteken dat die een oor die ander sal heers. Hierdie heerskappy is egter onderworpe aan verbandsbelange sowel as maat-

skaplike belange wat 'n soewereiniteit in eie kring het, en as die een belang die ander oorwoeker, bestaan daar onreg en 'n aantasting van vryheid. In sulke gevalle het die staatsowerheid as die hoogste menslike gesag, die mag om reg te beoefen, en daarom sal dit die oortreder dan volgens 'n bepaalde wet straf.

Alhoewel die staat die mag en gesag het om te straf, het dit egter ook die verantwoordelikheid om sy burgers te beskerm. Veral is dit 'n verantwoordelikheid wat terdeë geld in geval van die onrype en onverantwoordelike kind. Die grootste straf wat iemand kan opgelê word, is om hom sy vryheid te ontneem. Gevolglik sal die staat as beskermer van die kind, hom slegs sy vryheid ontneem indien daardie kind sy vryheid so misbruik dat dit skadelik of gevaarlik vir die samelewing is, of daartoe sal bydra dat hy in 'n slegte staatsburger ontwikkel.

Die leerlinge wat na 'n verbeteringskool verwys word, is dan ook diegene wat in so 'n mate afgewyk het, dat hulle nie beheer kan word, en na die regte pad teruggebring kan word, tensy hulle vryheid ingekort en hulle onder direkte beheer geplaas word nie.

(b) Die vryheid van die leerling en die Verbeteringskool.

Die inkorting van die leerling se vryheid bring egter die volgende probleme vir die verbeteringskool mee: (i) Die taak van die skool is om die leerling te rehabiliteer of her op te voed. Ware opvoeding is self-opvoeding deur middel van selftug. Selftug beteken self-verantwoordelikheid, en self-verantwoordelikheid kan slegs opgeëis word onder vryheid. (ii) Die verbeteringskool is slegs 'n

tydelike tuiste vir die leerling. Hy moet een of ander tyd weer teruggaan na die samelewing waar elke lid op indiwiduele vryheid geregtig is - die vryheid wat hy misbruik het. Dit volg dus vanself dat dit een van die skool se take is om hom te leer hoe om sy vryheid reg te gebruik. Hoe kan die skool hom dit leer as hy geen vryheid gegee word nie? Watter bewys het die skool dat hy nie weer sy vryheid in die buitelewe gaan misbruik nie? Na hy twee jaar of langer onder streng beheer was, hoe sal hy in staat wees om die vereistes na te kom en die versoekings af te weer wat aan vryheid verbonde is?

(iii) Word hy vryheid toegestaan, is die moontlikheid altyd daar dat hy kan wegloop en weer gevaarlik of skadelik vir die gemeenskap kan wees. Die gemeenskap natuurlik, hou oor die algemeen 'n baie veranderlike opinie op verbeteringskole na. As dit goed gaan, word daar nie veel gesê nie, maar sodra daar een geval van ongerymdheid voorkom, kan dit maklik voorbladnuus word. J.B. Costello, superintendent van die „Boys Vocational School, Lansing, Michigan", merk bv. die volgende op: „The public attitude toward training schools is quite fickle. On one hand the schools are criticized for harshness and suppression and on the other hand because discipline is not sufficiently exacting. It takes only an incident where a delinquent „escapes" from an open training school and steals a car in the local community for the public to become aroused and shift its thinking from treatment to punishment." (lxvii)

---

(lxvii) The Annals of the American Academy of Political and Social Science - Jan. 1949 - Ed. T. Sellin - Philadelphia - 1949 - p.166.

In sy pamflet, „Freedom as a Reformatory Instrument," wys A.S.Paton dan ook daarop dat dit uiters moeilik is om die beskerming van die samelewing en die heropvoeding van die misdadiger te versoen. „One of the means of protection is safe custody, and one of the means of re-education is physical freedom." (lxviii)

Daar is twee moontlik oplossings vir hierdie probleem. (i) Gevaarlike misdadigers, wie se ontsnapping van die verbeteringskool vir die samelewing 'n gevaar kan wees, behoort nie na die verbeteringskool verwys te word nie. (ii) Die verbeteringskool behoort heeltemal aparte akkommodasie, weg van die hoofgebou, vir gevaarlike misdadigers sowel as vir diegene wat nie vatbaar vir verbeteringskoolbehandeling is nie, te hê. Die enigste vryheid wat hulle moet geniet, is vryheid binne veilige bewaring. Dit is ongelukkig, veral in die geval van laasgenoemde groep, dat die Kinderwet nie voorsiening maak dat sulke gevalle na 'n tronk oorgeplaas kan word nie.

Baie probleme i.v.m. die toelating van ongewenste misdadigers tot verbeteringskole kan uitgeskakel word, indien die oortreder na skuldigbevinding eers na 'n obserwasie-sentrum gestuur word, om te bepaal watter behandeling in sy geval die beste sal wees. Reeds het die Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming, 1947, op die noodsaaklikheid van waarnemingsentra gewys. „Waarnemingsentra behoort minstens in die groter stede gestig te word waar die kind wat aandag nodig het aan 'n behoorlike

---

(lxviii) A.S.Paton - Freedom as a Reformatory Instrument - Penal Reform Pamphlets No. 2 - Penal Reform League of South Africa - 1948 - p. 5-6.

studie onderwerp kan word ten einde te kan vasstel watter behandeling die beste vir hom is." (lxix)

Vryheid word op verskillende maniere op verbeteringskole toegepas. Dit is 'n bewys van die waarde wat daaraan geheg word as 'n middel tot selfopvoeding.

Baie inrigtings spog met die vryheid wat hulle binne die mure van die inrigting toelaat. Hierdie vryheid is gekunsteld, want die werklike vryheid van beweging en verantwoordelikheid is in die gemeenskap. Te groot vryheid binne die inrigting gee die nuweling te veel onverdiende voorregte en die ou leerling te min.

Party oorsese verbeteringskole gee die leerling met toelating al die vryhede en sou hy dit misbruik, word dit ingekort of weggeneem. Hierdie metode is volgens my mening nie opvoedkundig nie, en nog minder logies, want om hom onmiddellik vryheid te gee na hy dit juis verbeur het, is teenstrydig met die hele menslike natuur. Veral nog, as in aanmerking geneem word dat die nuweling senuagtig, vreemd en agterdogtig teenoor die nuwe omgewing en hele situasie staan.

Vryheid moet geleidelik toegestaan word en dan moet dit uitsluitlik op verdienste berus. Dit sal onwys of selfs dwaas wees om leerlinge wat nog nie ryp daarvoor is nie, of wat nie bewys gelewer het dat hulle die vryheid sal waardeer nie, hierdie voorreg toe te staan. Dit sal eenvoudig weglopery in die

---

(lxix) Verslag van die Kommissie van Straf- en Gevangenishervorming, 1947 - Uitgegee op Gesag. U.G. No. 47 - 1947 p.31 (Opsomming van aanbevelings No. 13 - Paragraaf 167).

hand werk, en 'n stelsel wat 'n waardevolle opvoedkundige bydrae tot die hele program lewer, ondermyn.

2. WEGLOPERY.

(a) Implikasies:

Weglopery is een van die grootste probleme wat gepaard gaan met die toepassing van 'n vryheidstelsel aan 'n verbeteringskool. Om hierdie rede is baie skole nie gewillig om te veel in die rigting van vryheid buite die inrigting se mure te eksperimenteer nie. A.S.Paton wat 13 jaar prinsipaal van Diepkloof-verbeteringskool was, som die wegloperprobleem baie juis in die volgende woorde op: „It is easy to say, as many of us do, that absconding is unimportant, but of course this is untrue. Absconding is very important, not only because public opinion disapproves of absconding, not only because heavy absconding destroys staff-confidence and results in cynicism, anxiety, and needless severity, not only because the patient must stay for treatment, but because it so often sends the child at still greater speed along his delinquent path." (lxx)

Weglopery kan so abnormaal wees dat dit die verbeteringskool se organisasie ontwrig. Dit is uiters aansteeklik en as dit nie baie gou gesmoor kan word nie, vererger die probleem baie gou.

Redes vir weglopery:

Daar kan verskillende redes vir weglopery wees. Die leerling self kan gewoonlik nie 'n grondige rede gee nie.

Die volgende blyk die algemene oorsake te wees:-

---

(lxx) A.S.Paton - Report to the Secretary for Education, Union of South Africa - dated 3.4.1947 - p.25.

(i) Werklike heimwee. Die leerling is nie goed aangepas nie, en verlang so baie na sy huis of omgewing dat die spanning eenvoudig vir hom te veel word. Hy kyk uit vir enige moontlike kans of breek eenvoudig weg.

(ii) As gevolg van een of ander grief wat hom so verbitterd gemaak het dat hy besluit het om weerwraak te neem deur alle beperkings en gebondenheid af te skud en eenvoudig weg te vlug van sy moeilikhede af. Hulle is gewoonlik die moreel-swakkere tipe wat ongebalanseerd en temperamenteel van geaardheid is. Meeste van hulle griewe bestaan in werklikheid nie. Dit bestaan slegs in die sin dat hulle dit denkbeeldig opbou en dan begin vertroetel.

(iii) Sommige sal eenvoudig wegloop om meer aandag op hulle te trek.

(iv) Die slenteraar kan hom eenvoudig nie by 'n gebonde lewe aanpas nie. Die roetine en dissipline is te veel vir sy ongeordende en onrustige gemoedslewe.

(v) Die vals en onvertroubare leerling wat nie enige lewenswaardes of norme het nie, besef nooit werklik wat hy opgebou het nie, en gevolglik kan hy enige oomblik terugval en alles vernietig. Hulle is natuurlik ook die moeilike leerlinge aan wie die verbeteringskool baie min kan doen. Na hulle die verbeteringskool verlaat het, gaan hulle dan gewoonlik verder op die pad wat na die tronk lei.

(vi) Weglopery is strawwer in die somer as in die winter. In die winter gaan dit moeiliker om kos in die hande te kry en die kou nagte maak dit noodsaaklik om 'n herberg te hê.

Gedurende die lente as die natuur begin om die

ontwaking van nuwe lewe te openbaar, is dit of die mens se ondernemingsgees ook wakker geskud word, en dan is baie geneig om groter dinge aan te durf as wat hulle onder gewone omstandighede sou doen.

(vii) Die groter en geharder leerling loop makliker weg as die kleinere wat meer geseglik is.

(viii) Leerlinge wat van ander skole of hostels weggeloop het en later na die verbeteringskool oorgeplaas is, loop ook baie maklik weg as die toesig nie streng is nie.

(b) <u>Hoe om weglopery te beheer</u>: Omdat weglopery so 'n uiters lastige en ernstige probleem kan word, moet 'n verbeteringskool se interne organisasie so saamgestel wees dat wanneer daar weglopery begin voorkom, onmiddellik doeltreffend opgetree kan word. Die volgende feite is van uiterste belang:-

(i) Die gees en atmosfeer van die inrigting moet so min as moontlik gespannenheid of onsekerheid openbaar. Die bestuur sowel as die personeel moet objektief en kalm staan teenoor die inrigting se probleme. Hulle moet nooit die indruk by die leerlinge verwek dat hulle bekommerd voel of ten einde raad is nie.

(ii) Die sielkunde-departement sowel as die ander personeellede onder wie se direkte sorg die leerling is, moet hom fyn dophou vir enige temperamentele of emosionele versteurings. As die leerling betyds oor hierdie moeilikhede gehelp kan word, gaan hy rustig voort.

(iii) Onbetroubare en swak leerlinge moet ongemerk gedurig onder nougesette toesig gehou word.

(iv) Leerlinge behoort gedurig in gesonde

kontak met hulle huise of familiebetrekkinge te wees. As hulle goeie nuus van hulle tuiste af kry, is hulle gelukkig en tevrede.

(v) Nuwe leerlinge en leerlinge wat nog nie die vryheidsvoorreg verdien het nie, moet onder geen omstandighede toegelaat word om van daardie voorreg gebruik te maak nie.

(vi) Vry leerlinge moet ook kort-kort op die verantwoordelikheid en die versoekings wat so 'n voorreg meebring, gewys word. Hulle moet met raad bedien word om voorbereid te wees in geval hulle voor versoekings te staan kom.

(vii) Die toekenning van vryheid in die gemeenskap moet versigtig oorweeg word.

(viii) As 'n leerling herhaalde kere poog om weg te loop, behoort sy vryheid vir 'n ruk so beperk te word dat hy nie kan wegloop nie. Dit is soms nodig om hom te wys dat die verbeteringskool wel in staat is om hom in bewaring te hou as dit wil.

(ix) Weglopers moet so gou moontlik opgespoor word. Dit laat hulle sowel as die ander leerlinge besef dat weglopery nie baat nie.

(x) Die leerlinge moet besef dat weglopery 'n ernstige oortreding is, en nie maklik deur die vingers gesien kan word nie. Volgens die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937, is weglopery dan ook 'n ernstige oortreding. 'n Leerling oor 19 jaar begaan 'n kriminele oortreding indien hy wegloop. In Art.52(1) van bogenoemde wet word die volgende omtrent weglopery uit 'n inrigting gemeld: „'n Leerling wat uit 'n gestig weggeloop het, ......kan sonder 'n lasbrief deur 'n polisiedienaar of proefbeampte in hegtenis geneem word, en moet so spoedig doenlik gebring word

voor 'n kommissaris van kindersorg van die distrik waarin hy in hegtenis geneem is." (lxxi)

Volgens Art. 54 van dieselfde wet kan 'n wegloper wat ouer as 19 jaar is, selfs ses maande tronkstraf ontvang vir so 'n oortreding.

Weglopers behoort dan ook sonder uitsondering langer aangehou te word, omdat soos W.A.Willemse dan ook tereg opmerk: „Even such an apparently innocent offence as absconding from institutions must be viewed as a serious incident educationally; like truancy, it is an escape from a failure situation-appeal to the infringement upon regular performance with results in the absconders drifting away from school and work." (lxxii)

Dit is duidelik dat weglopery 'n baie nadelige uitwerking op die verbeteringskool se organisasie, dissipline asook die opvoedingsprogram het. Om hierdie rede word spesiale aandag aan hierdie probleem gegee. Verskillende metodes word toegepas om weglopery te verhoed, en alle pogings word aangewend om weglopers weer gevange te neem.

3. LEERLINGBESTUUR.

Leerlingbestuur as 'n uitvloeisel van die moderne opvoedingsbeweging is baie nou verbonde aan die probleme van vryheid en weglopery op die verbeteringskool.

Leerlingbestuur meen in die eerste plek groter of algehele vryheid aan die leerlinge en daarby ook

---

(lxxi) Kinderwet, Wet No. 31 van 1937 - Art.52(1)

(lxxii) Prof. W.A.Willemse - The Road to the Reformatory (South African Council for Educational and Social Research - Pretoria - p.7.

mede-seggenskap in die bestuur van die inrigting. In die tweede plek kan dit verantwoordelik wees vir 'n groot persentasie van weglopers uit die inrigting.

Die doel van leerlingbestuur is dan ook soos J.Chris Coetzee in sy bespreking oor, „Die grondbeginsels van die ‚Nuwe' Opvoeding", opmerk: „Dit het op die oog die versterking van die verantwoordelikheidsgevoel by kinders deur hulle van jeugsaf aan te gewen aan die dra van verantwoordelikheid vir die goeie gang van sake in 'n bepaalde gemeenskap-in-die-klein. Dit gee aan die kinders medeseggenskap, so nie alleenseggenskap of oorwegende-seggenskap in die alledaagse bestuur van die skoollewe." (lxxiii)

Dat hierdie doel nog nooit bereik is, en ook nie bereik sal word nie, is vanselfsprekend. Om die onrype, onvolwasse, onervare en onselfstandige kind hierdie taak op te dra wat die volwassene uiters moeilik vind, is eenvoudige dwaasheid en pligsversuim.

Die insig en selfbeheer ontbreek nog by die kind en gevolglik kan hy hom nie self beveel of gehoorsaam nie.

As dit vir die normale kind geld, hoeveel te meer nie vir die misdadige kind wat wanaangepas en ongebalanseerd is nie?

Die uiterste poging in hierdie rigting was natuurlik die van Homer Lane met sy „Little Commonwealth," op die plaas Dorsetshire in Engeland. Hy het die leerlinge toegelaat om te doen wat hulle wil, totdat hulle self moes besef dat daar selfdissipline moet wees en hulle nie meer tevrede met

---

(lxxiii) J.Chris Coetzee - Die Moderne Opvoeding - ('n Histories-kritiese Studie) - J.L. van Schaik, Bpk. Pretoria, 1939 - p. 28.

die losbandigheid was nie. Dat hy nie veel sukses gehad het nie, is dus ook vanselfsprekend. Tereg merk Hall dan ook op: „To refrain from even the suggestion of what is right until the right is voluntary demanded, to withhold knowledge until the knowledge is deliberately sought after and to minds in which evil influences have hitherto enormously predominated to work out their own salvation seems to me rather the abandonment of all that has been gained by the struggle towards light of countless generations, than the right employment of such wisdom and experience as civilisation has attained." (lxxiv)

Teoreties kan die belangrikheid van selfregering of leerlingbestuur nie genoeg beklemtoon word nie. Die Calverts meen selfs dat dit in gevangenisse ook toegepas moet word, en hulle beweer dat geen opleidingskema volledig sal slaag indien die beginsel van selfregering vermy word nie. In hulle boek, „The Lawbreaker," skryf hulle: „A man who commits a crime usually does so because he lacks a sufficient sense of social responsibility. To confine him for months and years under conditions where he has no opportunity of exercising any responsibility is not to equip him, but to unfit him still further, for citizenship." (lxxv)

In die praktyk werk hierdie stelsel om verskillende opvoedkundige en sielkundige redes nie. Waar dit in werking gestel is, moet dit onder

---

(lxxiv) W.C. Hall - The State and the Child - Headley Bros. Publishers Ltd., London - 1917 - p.168.

(lxxv) E.R. & T. Calvert - The Lawbreaker - George Rutledge & Sons, Ltd., Broadway House, London - 1933 - p.156-157.

direkte toesig en leiding van een van die hoofde wees, en daar moet definitiewe beperkings op die mag en gesag van die leerlingbestuur wees. Hulle moet geen seggenskap oor strafuitoefening of die organisasie van die skool hê nie. Daar moet definitiewe pligte aan hulle opgedra word wat hulle voorbeeldig en stiptelik moet uitvoer. Sodra hulle te veel seggenskap het, gebeur dit dat die swakkere leerlinge uitgebuit word en 'n onrustige atmosfeer in die inrigting geskep word, wat aanleiding gee tot weglopery.

In Suid-Afrika is die ou tradisionele prefekstelsel, die komitee-stelsel waar elke afdeling in die verskillende departemente hulle sportklubs en ander klubs het van toepassing. Dan is daar ook die huiskomitee-stelsel. Elke huis of hostel het sy komitee.

Ek verkies die prefekstelsel. Die prefeks moet deur een van die inrigtingkomitees aangestel word. Die leerlinge is nie bevoeg om die regte persone te kies nie. Hulle kies gewoonlik die grootste bullebakke en belhamels.

Die prefeks moet dan verder baie deeglik opgelei word vir hulle taak. Hulle moet help toesig hou in die slaapkamers sowel as gedurende werksure, by etes, op die sportveld, ens. As leerlinge oortree of klagtes het, moet hulle dit onder die aandag van die spanoffisiere of die bestuur bring.

'n Groot Inrigting se organisasie is ingewikkeld genoeg dat dit nie nodig is om nog 'n ingewikkelde leerling-organisasie ook daaraan te koppel nie. Waar daar van leerlinge gebruik gemaak word, moet dit sodanig gedoen word dat dit die organisasie vergemaklik en nie bemoeilik of uitbrei nie.

Waar 'n selfregeringstelsel aan 'n groot verbeteringskool toegepas word, kan dit nie normalweg by die inrigtingsorganisasie ingepas word nie, daar moet spesiale aandag en tyd aan bestee word.

A.S.Paton wat met sy besoeke oorsee die selfregeringstelsel baie deeglik ondersoek het, skryf as volg daaroor: „Only two institutions I visited had a thorough-going system of self-government, and they are both private institutions. Needless to say, such a system requires even more supervision and care than a prefect-system and I was filled with admiration for the authorities that were willing to spend this time and energy on a project in which they so fully believed. It must be understood that such an experiment cannot be undertaken in the institutional stride, and that one or more staff-members, one at least very senior, must be set aside to conduct and supervise it." (lxxvi) Hy gaan verder deur te beweer: „It is interesting to read of experiments where the Principal of an institution has entrusted to him children who have broken the law of the State and it is his prime duty to teach them to obey the law of the State, and not any law of their own. Highly civilized beings may gradually come to obey the moral law, and incidentally the law of the land." (lxxv

My persoonlike mening is dat enige stelsel van leerlingbestuur slegs 'n sukses en aanwins vir 'n verbeteringskool kan wees, as die leerlinge op die bestuur baie sorgvuldig gekies word, as dit beperkte

---

(lxxvi) A.S.Paton - Sy rapport omtrent sy besoeke aan verskillende oorseese inrigtings aan die Departement van Unie-onderwys - dd. 3.4.1947 - p.29.

(lxxvii) Ibid. - p.29-30.

mag en gesag het, as dit onder direkte toesig van die bestuur staan, as daar nie 'n te groot verskil tussen die leerlinge op die bestuur en ander leerlinge gemaak word nie, as dit 'n koöperatiewe stelsel van medewerking en samewerking met die inrigtingsbeleid is, en as hulle hoegenaamd geen seggenskap in ernstige tugsake het nie.

'n Bestuur van enige groot verbeteringskool moet altyd daarteen waak om nie terwille van demokratiese beginsels die organisasie te desentraliseer en te lomp te maak nie.

-

# HOOFSTUK VIII.

## DIE PROBLEEM VAN TUG OP DIE VERBETERINGSKOOL.

Die tugmiddele ter beskikking van die bestuur hang af van die inrigting se organisasie en die beskikbare akkommodasie. Van die organisasie in die opsigte, nl., watter mate van vryheid en selftug daar toegelaat word, en van die akkommodasie - watter mate van klassifikasie daar kan toegepas word.

### 1. WAT IS TUG?

Dit is nodig om hierdie term kortliks te omskryf voordat ons tot die probleem op die verbeteringskool oorgaan. Die meeste mense dink dat tug op die verbeteringskool gewoonlik 'n goeie pak slae is; omdat die begrip afhang van ons lewens- en wêreldbeskouing en dan ook ooreenkomstig ons verskillende opvoedingsmetodes beoefen word.

Volgens die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing is tug, soos tereg deur J. Chris. Coetzee omskrywe word, „die aanbringing, die byvoeging en die uitoefening van sedelike gedragswyses." (lxxviii) Die doel met tug van enige aard moet wees om die kind te lei tot die doen van die goeie en die nalaat van die slegte, kwade en sondige. Tug is dus die middel wat moet dien om goeie orde te handhaaf, nie net sover dit die indiwidu raak nie, maar ook wat die gemeenskap betref. Hieromtrent skryf Bagley bv. die volgende: „There is but one way to avoid troubles of discipline, and that one way is to avoid all measures that make

---

(lxxviii) J.Chris Coetzee - Algemene Inleiding tot die Teoretiese Opvoedkunde - Pro Ecclesia-Drukkery, (Edms.) Bpk., Stellenbosch - 1944 - p.341.

for good order, and resort to the laissez-faire doctrine that practically commits one to anarchy." (lxxix)

## 2. ONDERSKEIDING TUSSEN UITWENDIGE EN INWENDIGE TUG.

Eersgenoemde soort tug is die tug wat die opvoeder op die kind uitoefen, en laasgenoemde dit wat die kind op homself uitoefen. Die eerste is in die ware sin van die woord slegs 'n middel tot die tweede. Die tweede soort tug, nl. selftug of inwendige tug is die allerbelangrikste hoedanigheid in die indiwidu se persoonlikheid. 'n Persoon wat nie selftug kan toepas nie is 'n onnuttige mens en burger. Hy sal gedurig 'n steen des aanstoots wees, en sal alle wette en kodes verbreek. Daar sal nie sprake van selfbeheer en innerlike ordening wees nie.

Net soos die doel van die gewone skool met tug uiteindelike selftug is, so is dit ook die doel van die verbeteringskool. Om hierdie rede moet die leerling 'n vryheid geniet wat strek tot in die gemeenskap. Dit is die enigste plek waar hy ware selftug kan beoefen. Want selftug is tog die sleutel tot sosiale vryheid en versekering.

Deur tug wil ons die kind op die regte pad hou, en as hy afgedwaal het, hom terugbring. Dit is dus voorkomend en instrumenteel.

## 3. SOORTE VAN TUGMIDDELE.

Ons kan van verskillende soorte tugmiddele gebruik maak. Daar is bv. hardes en sagtes,

---

(lxxix) W.C. Bagley - Classmanagement its Principles and Technique - The MacMillan Comp. Ltd., New York and London - 1927 -p.92.

aangenames en onaangenames, opsetlikes en onopsetlikes, direkte en indirekte, woordelikse en dadelike. Die algemene onderskeiding is egter tussen direkte en indirekte tugmiddele.

Onder direkte tugmiddele reken ons die middele wat gebruik word om die kind terug te bring na die regte pad. Onder hulle reken ons die volgende: Straf met die oog, die woord, die daad, liggaamstraf, beloning, natuurlike strawwe en alle ander strawwe wat op oortreders toegepas word.

Direkte tugmiddele is nodig, veral op 'n verbeteringskool waar die leerling nie met soveel voorsorgmaatreëls en voorbehoedmiddels omring kan word dat hy nie die regte weg kan verlaat nie. Om sy sedelike krag te toets, moet alle geleenthede van toetreding tot die kwaad nie afgesny word nie, daarom word hy as sy gedrag dit regverdig sekere vryhede veroorloof. Gunning beweer dan ook, „waar geen kwade kans is, daar is geen oefening in zedelyke kracht, en daarom wie niet durfte wagen kan geen zedelyke opvoeden zyn." (lxxx)

Die indirekte tugmiddele is voorkomend, voorbehoedend en ondervangend, m.a.w. die kind word gekeer om nie die regte pad te verlaat nie. Hier speel veral die persoonlikheid van die personeel, die roetine, organisasie, metodes en tegniek van die skool die belangrike rol. Op die verbeteringskool is die organisasie veral van groot belang.

---

(lxxx) Gunning, J.H. - Verzamelde Paedagogische Opstellen. Amsterdam - S.L. van Looy - 1908 - p.192.

4. TUGMIDDELE IN GEBRUIK OP DIE VERBETERINGSKOOL.

Op die verbeteringskool word ook van al bogenoemde tugmiddele gebruik gemaak in 'n mindere of meerdere mate.

Oortredings op alle inrigtings volg min of meer dieselfde patroon. 'n Mens kan die oortredings in twee groepe verdeel: oortredings teen die landswette en oortredings teen die reëls en regulasies van die inrigting. Onder die eerste groep kan 'n mens oortredings soos aanranding, diefstal, daggarook, seksuele oortredings en beskadiging van staatseiendom klassifiseer. Onder die tweede groep, oortredings soos, ongehoorsaamheid, onbeskoftheid, weier om te werk, afknouery en bakleiery, traagheid, onstiptelikheid, dobbelary, rokery, ens.

Die eerste groep oortredings word in 'n baie ernstige lig beskou, omdat die leerling juis daarvoor na die skool verwys is, en moet leer om dit nie te doen nie. Veral word seksuele afwykings in 'n baie ernstige lig beskou, want as dit nie goed gehanteer word nie, kan dit 'n groot griewel op 'n skool word.

Wat die inrigtingsoortredings betref, word veral weglopery en ongehoorsaamheid as baie ernstig beskou, want dit ondermyn sowel die dissipline as die organisasie.

Direkte tug van 'n drastiese aard word deur die prinsipaal of een van die vise-prinsipale uitgeoefen. Dit moet baie deeglik oorweeg word, nie omdat dit slegs die skool se orde raak nie, maar omdat dit vir die leerling wat oortree het so effektief moontlik moet wees. Om hierdie rede word daar ook 'n rekord gehou van alle sake wat voor die prinsipaal of sy verteenwoordiger verskyn. Elke saak word nie slegs

baie deeglik ondersoek nie, maar ook word die leerling se verslagkaart eers bestudeer.

Die volgende is 'n lys van die direkte middele wat min of meer van 'n harde, onaangename en opsetlike aard is:

(i) 'n Baie ernstige waarskuwing. Ek wil net daarop wys dat 'n verbeteringskool 'n definitiewe onderskeid tussen 'n ernstige waarskuwing en 'n teregwysing maak. 'n Ernstige waarskuwing gaan gepaard met 'n dreigement, terwyl 'n teregwysing meer 'n aanwysing terug na die regte pad is.

(ii) Degradasie van posisie. Dit geld gewoonlik in die geval van prefekte of komiteelede. Hulle word afgebring in rang of heeltemal gedemoveer.

(iii) Intrekking van sekere voorregte. Sekere voorregte soos verlof en ander vryheidsvoorregte word teruggetrek vir 'n bepaalde tydperk. Ek moet meld dat verbeteringskole nooit gebruik maak van skraal rantsoen en dergelike metodes nie.

Intrekking van sekere voorregte is 'n baie effektiewe middel. Alle leerlinge streef daarna om van die maksimum voorregte te geniet.

(iv) Oorplasing na 'n detensie-hostel of strafspan. Gewoonlik verbeur hulle al hulle vryheidsvoorregte, asook ander voorregte soos bioskoop, uitstappies, besoeke, ens. Met besoeke word bedoel die verlof wat hulle het om besoeke af te lê. Op Diepkloof sal besoeke van ouers nooit opgehef word nie. Dit beteken dat nie net die leerling nie, maar onskuldige persone ook gestraf word. By die toepassing van tug moet 'n mens altyd versigtig wees om persone wat daarby betrokke is, in te sleep nie. So 'n tugmaatreël

verloor gewoonlik sy waarde en lok net weerstand uit.

(v) Vergoeding deur Oortreders. Hierdie maatreël geld veral by die beskadiging van eiendom. Die leerling moet in sy vry tyd arbeid verrig tot die onkoste verbonde aan die herstel van die beskadiging vergoed is.

(vi) Verlenging van Aanhouding. Elke verbeteringskool het 'n minimum tydperk van aanhouding vasgestel, wat aan sekere voorwaardes onderhewig is. As die leerling nie die voorwaardes nakom nie, word die aanhoudingstydperk verleng. Dit geld veral waar landswette oortree word.

(vii) Liggaamstraf. Liggaamstraf of lyfstraf as tugmiddel word oor die algemeen deur die moderne pedagogie en sielkunde ten sterkste veroordeel. In sommige lande en state word dit deur die wet verbied.

Die vernaamste argumente teen liggaamstraf is dat dit glad nie baie effektief is nie, dat dit nie versoenbaar is met enige ware opvoedkundige metode nie, en dien as 'n prikkeling vir seksuele drange.

In verband met die ondoeltreffendheid daarvan skryf die Calverts die volgende: „We have seen that far from flogging acting as a deterrent upon a man once flogged there are many cases of such men subsequently committing similar crimes. Flogging therefore is not the effective deterrent it is claimed to be." (lxxxi)

Dat dit nie met enige opvoedkundige metodes versoen kan word nie, is veral die argument van

---

(lxxxi) E.K. & T. Calvert - The Lawbreaker. G.Routledge & Sons, Ltd., - Broadway House, London - 1933 - p.255.

Bernard Shaw. Hy kan nie insien hoe 'n mens gehelp kan word deur hom te pynig nie. Dan word argumente soos die volgende deur verskillende teenstanders van lyfstraf opgehaal: dit verneder die kind wat die straf moet ondergaan en dit verdierlik die persoon wat dit moet toepas; dit is eiemagtig en onnatuurlik; daar is nie 'n vaste norm van toediening nie; dit maak 'n beroep op die primitiewe instinkte van die mens; dit plaas die kind in opstand teen gesag; dit veroorsaak 'n slegte verhouding tussen kind en opvoeder; dit is lafhartig, ens.

Omtrent die verwantskap wat dit met seks het skryf die Calverts soos volg: „Not only does support for flogging have a conscious or subconscious or subconscious sadistic basis, but it is a fact that persons who have carried out sentences of corporal punishment are known to have experienced sexual exitement in doing so, and even some of the onlookers are known to have had the same sensations." (lxxxii)

Hoeveel waarheid in al hierdie bewerings sit, is moeilik om vas te stel, maar 'n mens wonder of persone wat deur lyfstraf seksueel geprikkel raak moontlik nie abnormaliteite in daardie rigting openbaar nie. Dat dit nie met opvoeding te versoen is nie, is volgens my opinie te vergesog, en dat dit nie altyd effektief is nie, is nie te sê dat dit glad nie effektief is nie.

As tugmiddel in die hande van die verkeerde persoon, is lyfstraf ongewens en selfs gevaarlik,

---

(lxxxii) E.K. & T. Calvert - The Lawbreaker. G. Routledge & Sons, Ltd., - Broadway House, London - 1933 - p.258.

want dit kan oorgaan tot aanranding. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat lyfstraf, veral op verbeteringskole onder baie goeie beheer moet wees.

Dit moet deur een van die bestuurslede toegepas word, of dan altans in hulle teenwoordigheid.

Verder moet dit slegs gebruik word as dit noodsaaklik is, m.a.w. as dit die gewenste middel is om te gebruik. Tereg merk Bray dan ook op: „Corporal punishment, next to expulsion, should be the dernier ressort." (lxxxiii)

Om 'n voorskrif te wil maak wanneer lyfstraf toegepas moet word, sal sielkundig sowel as opvoedkundig verkeerd wees. Dit moet nie 'n kwessie wees waarvoor lyfstraf toegepas moet word nie, maar wie dit moet ontvang, m.a.w. die persoon wat getug moet word, behoort in aanmerking geneem te word. Die volgende is hier van belang: die geestelike en fisiese samestelling van die persoon, sy rypheid en sy kulturele ontwikkeling. Vir 'n persoon wat aan een of ander neurose ly en 'n swak gestel het, is lyfstraf ongetwyfeld baie nadelig. Lyfstraf is meer effektief vir kinders as volwassenes en doeltreffender vir primitiewe as hoogbeskaafde persone.

Die rede waarom lyfstraf volgens statistieke nie so doeltreffend is nie, is omdat die toepassing verkeerd is. As die beste middel verkeerdelik toegepas word, sal die vooropgestelde doel daarmee nie bereik word nie.

---

(lxxxiii) S.E.Bray - School Organisation - W.B.Clive - University Press, Ltd., London - 1911 - p.275.

Die metode wat die howe volg om lyfstraf toe te dien is volgens my mening verkeerd. Hier bedoel ek veral in die geval van kinders. Die Kommissaris bepaal die aantal houe en 'n ruk later dien die verantwoordelike polisie-sersant dit toe. Die hele saak is te onpersoonlik. Die Magistraat behoort by te wees of nog beter self die straf toe te dien, en onderwyl dit toegedien word of na dit toegedien is, die kind laat verstaan dat hierdie onaangename plig of soos Bray dit noem, „regrettable necessity," nodig is om hom tot insig te bring, en hom sowel as die gemeenskap te beskerm. Lyfstraf sal dan nie net liggaamlike pyn wees nie, maar dit sal wees 'n kastyding uit liefde.

Dit is verder noodsaaklik dat lyfstraf opgevolg moet word. Na 'n dag of wat verstreke is, moet daar weer in aanraking met die kind gekom en op 'n innemende en vriendelike wyse met hom gesels word. Dit hoef nie noodsaaklik oor die straf te wees nie. Na so 'n kort gesprekkie sal hy baie duidelik besef dat hy nie gestraf is omdat die prinsipaal daarin behae het nie, maar omdat dit tot sy eie beswil bedoel was. Vir so 'n opvoeder sal die kind nie haat ontwikkel nie, maar liefde en respek. Hy sal nie die lyfstraf probeer vermy omdat hy daarvoor bang is nie, maar omdat hy sy opvoeder en voog nie weer in daardie onaangename posisie sal wil plaas nie.

Onder sulke omstandighede sal lyfstraf nie slegs dien om die disspline te versterk nie, maar ook om die organisasie te verstewig.

Dit is altyd belangrik om te weet wanneer, waar, hoe en op wie dit toegepas moet word.

Bogenoemde is min of meer die algemene tugmaatreëls wat geneem word. 'n Praktiese opvoedkundige met kennis van die menslike natuur, pas altyd na gelang van omstandighede ook ongeskrewe tugmaatreëls toe. Dit is juis hierdie ongeskrewe reëls wat soms die beste uitwerking het.

# HOOFSTUK IX.

## SLOT OPMERKINGS.

(1) Strafhervorming het 'n diepgaande invloed op die wese van die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool uitgeoefen. Die strafprogram het 'n opvoedingsprogram geword, wat in wese en aard verbreed en verdiep het. Die massa behandeling is vervang deur indiwiduele behandeling, wat meegebring het 'n verskeidenheid van behandeling en opleiding. Die onopgeleide persone moes plek maak vir opgeleide persone wat onderleg is in opvoedkunde en sielkunde. Die personeel wat die groot verskeidenheid in die opvoedingsprogram moet behartig, het so uitgebrei dat dit op sigself noukeurige beplanning en aandag verg.

Die leerling-staf-verhouding op die verskillende skole op 31.12.51 was as volg:

| Verbeteringskool | Staf. | Leerlinge op rol. |
|---|---|---|
| Porter | 127 | 597 |
| Constantia | 47 | 239 |
| Diepkloof | 79 | 724 |
| Durbanville | 13 | 41 |
| Eshowe | 13 | 84 |
| Simonstad | 9 | 31 |

Die vraag ontstaan, waarom die groot verskil in staf op die verskillende verbeteringskole? Die kleinere verbeteringskole se leerlingtal kan nog heelwat vermeerder voor addisionele staf nodig sal wees. Dit gebeur altyd dat op 'n kleinere skool die verhouding gewoonlik hoër is as wat dit kan wees, want alhoewel die leerlingtal nie so groot is nie het

die program byna dieselfde verskeidenheid as die aan 'n groot skool.

Die groot skole het behalwe die leerlinge op die rol ook nog diegene wat nie op die rol is nie, maar onder toesig van die nasorgafdeling is.

(ii) Dit sal van pas wees om die volgende belangrike beginsels wat by die interne organisasie altyd in aanmerking geneem moet word, hier te meld: Die hele opvoedingsprogram moet, noukeurig gekies, beperk, vereenvoudig, georden, gerangskik, gekeur en gesuiwer word. 'n Mens kan maklik geneig wees om aan minder belangrike dinge te veel aandag en tyd te gee, en die essensiële dinge te laat gebrek ly.

Die administratiewe deel kan lomp en swaar word, deur die gebruik van te veel vorms, en duplisering van werk. Laasgenoemde gebeur veral wanneer die koördinasie van die verskillende afdelings nie goed is nie.

Die program en organisasie moet sodanig wees dat die leerlinge nie met 'n te groot verskeidenheid oorlaai word nie. Dit maak die organisasie lomp, en die afwisseling is so groot dat daar geen insinking by die leerlinge plaasvind nie. Verder gaan daar ook baie tyd vermors met 'n te groot beweeglikheid.

Elke staflid moet volgens bekwaamheid sy regmatige deel kan lewer. Die werkindeling, diensure en diensreëling moet op 'n regverdige en eweredige basis geskied. Elkeen moet sy eie verantwoordelikheid dra en die diensure moet aaneenlopend wees. Ons moet onthou dat behalwe sy werkverpligtinge, het elke staflid nog ook huislike en sosiale verpligtinge. As sy diensure onderbroke is, kan hy nie die

nodige aandag aan laasgenoemde pligte gee nie. Die mens is, soos J.Chris Coetzee dan ook daarop wys, nie net mens alleen deur sy daad en werk nie, maar ook deur sy rus en stilte. (lxxxiv) Hierdie rus en stilte kry hy na sy dagtaak afgehandel is.

(iii) <u>Waarnemingsentra</u>.

Om nie alleen die organisasie van die verbeteringskole te vergemaklik nie, maar om geld te spaar, en die jeugmisdadiger by toewysing na die regte inrigting te stuur, is dit noodsaaklik dat meer aandag aan obserwasiesentra gegee sal moet word. Verkeerde toewysing van leerlinge gee nog baie moeilikhede in inrigtings. Dit gebeur dikwels dat al heel vroeg na 'n leerling se toelating, ontdek word dat hy nie enige baat by die behandeling sal vind nie. Die gevolg is dat die inrigting opgeskeep sit met die leerling, en daar word onnodiglik tyd en geld op hom gemors.

Daar is wel voorsiening gemaak vir sy oorplasing na 'n ander inrigting, maar alle oorplasings, veral die wat onbeheerbaar geword het, gee veel moeilikheid. Hulle kan hulle gewoonlik nie aanpas by die nuwe of strenger dissipline nie, en raak later net so onbeheerbaar of erger as in die vorige inrigting. I.p.v. dat hy moet leer om hom aan te pas, raak hy al hoe meer wanaangepas. Die kwessie van toewysing sonder deeglike obserwasie, word baie pittig en juis deur die Calverts in die volgende woorde uitgedruk: „As well might a man reduce his doctor's bill by producing

---

(lxxxiv) Prof. dr. J.Chris Coetzee - Moderne Opvoeding - p.38.

direct treatment without a preliminary diagnosis." (lxxxv)

(iv) Nasorg.

Die nasorgwerk van elke inrigting sal nog verder uitgebrei moet word om die werk van die inrigting behoorlik te voltooi. Daar sal moet meer gekonsentreer word op die uitplasingshostels wat tot dusver 'n bewys gelewer het van hulle onskatbare waarde as hulpmiddels by aanpassing van die leerling in die buitelewe. Die afronding van die verbeteringskool se opvoedingsprogram moet eindig met „opvoeding in die gemeenskap". 'n Deskundige op die gebied van jeugmisdaad, soos Cyril Burt, maak die volgende opmerking omtrent nasorg: „Aftercare, in particular, calls for further extension - to lavish a hundred pounds upon the extensive training of a youth in an institution, and then suddenly to fling him loose into the old environment, sparing neither time nor trouble for further aid and following-up, is not economy but waste." (lxxxvi)

In Suid-Afrika is daar baie gedoen in die rigting, maar daar word by verre nie in die behoeftes voorsien nie.

(v) Algemeen.

Elke verbeteringskool in Suid-Afrika het 'n interne organisasie eie aan sy probleme en gevolglik verskil die een skool dan ook in baie opsigte van die ander. Elke inrigting het met probleme te doen wat

---

(lxxxv) E.K. & T. Calvert - The Lawbreaker - p.207

(lxxxvi) Cyril Burt - The Young Delinquent - University of London Press, Ltd., Malham House, Bickley, Kent - 1945 - p.612.

die organisasie soms baie bemoeilik, maar nogtans staan ons wat organisasie, opvoeding en onderwys betref geensins agter by moderne inrigtings oorsee nie. In baie opsigte is ons organisasie nie so gekompliseerd nie, maar net so doeltreffend en meer ekonomies.

-oOo-

# DIEPKLOOF VERBETERINGSKOOL

No. ............ NAAM: ............................................ Geboortedatum: ............ Ras: ............

Opname: ............ Aanhouding: ............ Toesig: ............ Raad: ............

Kerkgenootskap: ............................ Spanoffisier: ............................

Saak Nr. ............ V/A Nr. ............ S.A.K.B. Nr. ............ V/A Klas ............

Foto

## 4. K. W. 48

| Datum | Persoon | Aard |
|---|---|---|
| | | |

Vryheid: ............

Bank boek: ............

Toesig Verstryk: ............

Aanhouding Verstryk: ............

Ontslaan: ............

Vrygelaat: ............

Saak vir Raad: ............

Potensiële Host-geval ............

Hospitaal: ............

Wegloper: ............

Heropname: ............

K. W. 50: ............

## 5. BEVORDERINGS IN VERBETERINGSKOOL

heid Ontvang: ............ Hoofleerling: ............ Kaptein: ............

aptein: ............ Hostel: ............ Huisjong: ............ Waar: ............

## 6. MISDADE

| tum | Hof | Misdaad | Vonnis |
|---|---|---|---|
| | | | |

## 7. MEDIESE VERSLAG

ssermann: ............ Ander Toetse: ............ Fisiese Gebreke: ............

niese Siektes: ............................................

| Hospitaal | Datum Opgeneem | Siekte | Behandeling | Resultaat |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

## 8. SKOLASTIESE TOETSE

| tum | Naam van Toets | Resultaat | Opmerkings | Toetsafnemer |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

## 9. SIELKUNDIGE TOETSE

| Nr. Toets | Datum | Naam van Toets | Resultaat | Opmerkings | Toetsafnemer |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | | | | | |
| 2. | | | | | |
| 3. | | | | | |
| 4. | | | | | |
| 5. | | | | | |
| 6. | | | | | |
| 7. | | | | | |
| 8. | | | | | |
| 9. | | | | | |
| 10. | | | | | |
| 11. | | | | | |
| 12. | | | | | |
| 13. | | | | | |

## 10. PERSOONLIKHEIDEIENSKAPPE

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Godsdienstigheid | | | | | Onderdanigheid | | | | | Dronkenskap | | | | |
| Vriendelikheid | | | | | Netheid | | | | | Dobbelary | | | | |
| Hulpvaardigheid | | | | | Selfrespek | | | | | Daggarokery | | | | |
| Hardwerkendheid | | | | | Moed | | | | | Sodomie | | | | |
| Volharding | | | | | Leuenagtigheid | | | | | Kleindiewery | | | | |
| Pligsbesef | | | | | Gehoorsaamheid | | | | | Bedrieëry | | | | |

## 11. LEIERSKAPTOETS

| Oorheersing | Aktiwiteit | Samewerking | Organisasie-vermoë | Deursettings-vermoë | Inisiatief | Verantwoorde-likheid | Selfvertroue | Beplannings-vermoë | Praktiesevermoë | Aanvaarbaar-heid deur groep | Intelligensie-orde | Intelligensie-waarde | Leierskaporde | Leierskap-waarde | [illegible] |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | |

## 12. INRIGTINGSPLASINGS EN -VORDERINGS

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) Skool | Datum | | | | | | | | | | | |
| | Std. | | | | | | | | | | | |
| | Gemid. | | | | | | | | | | | |
| (b) Ambag | Datum | | | | | | | | | | | |
| | Produksie | | | | | | | | | | | |
| | Punte | | | | | | | | | | | |
| (c) Hostel | Datum | | | | | | | | | | | |
| | Gedrag | | | | | | | | | | | |
| (d) Spanne | Datum | | | | | | | | | | | |
| | Gedrag | | | | | | | | | | | |

Opmerkings ........................................................................

........................................................................

## 13. UITPLASINGSHOSTELS EN PROEFWERK

| m | H. of P. | Aard van Werk | Werkgewer | Loon | Vordering |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

## 14. BESOEKERS

| m | Wie | Datum | Wie | Datum | Wie | Datum | Wie | Datum | Wie | Datum | Wie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

erkings: ..............................................................................................................................

## 15. BRIEWE

| m | Van Wie | Datum | Van Wie | Datum | Van Wie | Datum | Van Wie | Datum | Van Wie | Datum | Van Wie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

## 16. AFWYKENDE GEDRAG IN INRIGTING

| im | Afwyking | Rede | Behandeling | Reaksie |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

## 17. WEGLOPERY

| im | Afdeling | Maters | Terug | Deur Wie | Misdaad | Opmerkings |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

## 18. VRYLATING MET VERGUNNING

| um | Aan Wie | Adres | K.W. 50 |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

## 19. ONTSLAG VAN BEPALINGS VAN DIE KINDERWET

| um | Besonderhede |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

## 20. VERSLAG LIGGAAMLIKE OPVOEDING

Datum
Gewig
Lengte
Borsmaat Normaal
Borsmaat Uitgesit
Vryst. Oef.
Tuimel Oef.
Springkas
Brug
Verspring
Gewigst.
Krieket. B
220

Sport:

Eerstehulp Sertifikaat—Datum: Nr. Punte behaal:

## 21. KLINIESE VERSLAG

(a) Stam (Vader) (b) Stam (Moeder) (c) Plek van Herkoms

(d) Huisadres:

(e) Huislike omstandighede:

(f) Gegewens uit Lêer:

(g) Afwykings opgemerk by toelating:

(h) Onderhoude:

# - Bibliografie -


Aichhorn, A. - Wayward Youth - The Viking Press, New Youth.

Albertyn, C.F. - Jeugmisdaad : 'n Sosiologiese Studie met Spesiale Ondersoek na die Verskynsel in die Skiereiland - Proefskrif vir die graad Ph.D. toegeken Junie 1935 deur die Universiteit van Stellenbosch - Nasionale Pers, Bepk., Kaapstad 1938.

Bagley, W.C. - (a) Educational Values - New York The MacMillan Company, 1926.

(b) Classroom Management its Principles and Technique - New York - The MacMillan Company - 1927.

Banay, R.S. - Youth in Despair - Coward-McCann, Ing. New York.

Bavinck, H. - Bybelsche en Religieuze Psychologie - J.H.Kok - Kampen - 1920.

Boëseken, A.J. - Drie Eeue - Deel I : Die Verhaal van ons Vaderland saamgestel deur drr. A.J.Boëseken, D.W. Kruger, & A. Kieser - Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1952.

Bowler, A.C. and Bloodgood, R.S. - Institutional Treatment of Delinquent Boys - Bureau Public No. 228 - United States Government Printing Office - Washington, 1935.

Bray, S.E. - School Organisation - London - W.B. Clive - University Tutorial Press, Ltd., Drury Lane, W.C.- 1911.

Brockway, L.A.F. - A New Way with Crime - Whitefriars Press, Ltd., London & Tonbridge - 1928.

Burt, Cyril - The Young Delinquent - University of London Press, Ltd., Malham House, Bickley, Kent - 1945.

Coetzee, J.Chris & Bingle, H.J.J. (a) Red. - Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys - J.L. v.Schaik, Pretoria - 1947.

(b) Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys - J.L.v.Schaik, Pretoria - 1947.

Coetzee, J. Chris (a) Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde - Stellenbosch - Pro Ecclesia-Drukkery (Edms). Bepk. - 1944.

(b) Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde - Stellenbosch Pro Ecclesia-Drukkery, (Edms). Bpk., - 1948.

(c) Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde - Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars (Edm). Bpk., Stellenbosch - 1948.

(d) Die Moderne Opvoeding - 'n Historiese-Kritiese Studie - J.L.v.Schaik, Bepk., Pretoria - 1939.

Calvert, E.K. & T. The Lawbreaker - A Critical Study of the Modern Treatment of Crime - London : G.Routledge & Sons, Ltd., Broadway House, 68-74 Carter Lane, E.C. - 1933.

Combrink, J.H. - Delikwente Gedrag by Meisies met Spesiale verwysing na 'n Studie van Gekommiteerde Gevalle- Voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die Graad van Magister in Sosiologie - 1946.

Cooley, E.J. - Probation and Delinquency. The Study and Treatment of the Individual Delinquent - Thomas Nelson & Sons - New York - 1927.

Cubberley, E.P. - Public School Administration - A Statement of the Fundamental Principles underlying the Organisation and Administration of Public Education - Houghton Mifflin Comp - Boston, New York, Chicago, San Francisco, The Riverside Press, Cambridge - 1916.

Doughton, I. - Modern Public Education. Its Philosophy and Background. D.Appleton - Century Comp.Inc. New York & London - 1935.

Ellingston, J.K. - Protecting our Children from Criminal Careers. New York - Prentice-Hall, Inc. 1948.

Fox, L.W. - The Modern English Prison. London - George Routledge & Sons, Ltd., - 1934.

Gutsche, C.E.W. - Opvoedkundige Straf. Volgens ons eie en oorsese opvoedkundiges. Afrikaanse Pers, Bpk., Johannesburg. 1941.

Glover, E. - Probation and Re-education - London: Routledge & Kegor Paul, Ltd., Broadway House 68-74, Carter Lane, E.C.4.

Grobler, J.A. - Juvenile Delinquency in South Africa. (A Thesis for the Degree of Ph.D. - submitted to the University of Cape Town 23.10.1941).

Gunning, J.H. - Verzamelde Paedagogische Opstellen - Amsterdam - S.L. van Looy - 1908.

Hall, W.C. - The State and the Child - C. Headley Bros. Publ. Ltd., London - 1917.

Harris, P.E. - Changing Conceptions of School Discipline - New York. MacMillan Comp. 1928.

Hurn, H.J. - Misdaad : 'n Sosiologiese Studie met Spesiale verwysing na Suid-Afrikaanse Toestande. (Verhandeling vir die graad M.A. - Sos. Universiteit Potchefstroom).

Kvaraceous, W.C. - Juvenile Delinquency and the School. World Book Comp. New York - 1945.

Kohnstamm, Ph. - De Nuwe School - P.Noordhoff - 1925 - Groningen.

Le Mesurier, L. - Boys in Trouble. (A Study of Adolescent Crime and its Treatment.) London - J.Murray, Albermarle Str. W. - 1939.

Mannheim, H. - The Dilemma of Penal Reform - G.Allen & Unwin, Ltd., 40 Museum Str., London - 1939.

Paton, A.S. - (a) Freedom as a Reformatory Instrument. (Penal Reform Pamphlets No. 2) Pub. The Penal Reform League of South Africa, 25 Victoria Street, Waterkloof, Pretoria - 1948.

(b) Report to the Secretary for Education, Union of South Africa, on the Practice in England, Sweden, Ontario, and some of the States of the U.S.A., of Penal and Correctional Institutions dealing entirely, or in Part with Offenders convicted on or before the last day of their twentieth year - 3.4.1947.

Reader, W.G. - A First Course in Education - New York : The MacMillan Comp., 1947.

Sears, J. - Classroom Organisation and Control - Houghton Mifflin Comp., Boston, New York, Chicago - 1928.

Taute, B. - Skoolhoof, Assistent en Professie. Unie-Volkspers, Bpk., Kaapstad - 1943.

Theron, E. - (Red.) Inrigtingsversorging (Sosiologiese en Maatskaplike Werk-reeks van die Universiteit Stellenbosh) Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, Edms., Bpk., Stellenbosch - 1948.

Thorsten, S. - Juvenile Delinquency - (The Annals of the American Academy of Political and Social Science) - American Academy of Political & Social Science, Philadelphia - 1949.

<u>Tydskrifte:</u>

„Werk" 'n Kwartaalblad van die S.A. Vakskoolvereniging.

| | | |
|---|---|---|
| Des. 1938 | - | No.26 |
| Junie 1939 | - | No. 28 |
| Sept. 1939 | - | No. 29 |
| Des. 1940 | - | No. 34 |
| Sept. 1941 | - | No. 37 |
| Junie 1942 | - | No. 16 |
| Sept. 1942 | - | No. 41 |
| Des. 1942 | - | No. 42 |
| Des. 1943 | - | No. 46 |
| Junie 1944 | - | No. 48 |
| Sept. 1944 | - | No. 49 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Des. | 1944 | - | No. 50. |
| Des. | 1945 | - | No. 54. |
| Junie | 1946 | - | No. 56. |
| Maart | 1947 | - | No. 59. |
| Junie | 1947 | - | No. 60. |
| Junie | 1948 | - | No. 64. |
| Sept. | 1951 | - | No. 77. |
| Maart | 1952 | - | No. 79. |

__Verslae en Rapporte:__

Verslag van die Kommissie op Straf en Gevangenishervorming 1947 - Uitgegee op Gesag - U.G. No. 47 - 1947.

Jaarverslae van die Direkteur van Gevangenis . Vanaf 1918 tot 1934.

Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap van 1933 tot 1951.

Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika 1925 tot 1948.

Rapporte van die prinsipale van al die verskillende verbeteringskole in Suid-Afrika vanaf 1940 tot 1951.

Report of the Departmental Committee of the Treatment of Young Offenders - Great Britain - Printed and Published by H.M. Stationary Office - 1927.

Warner, F.M. - Juvenile Detention in the United States - University of Chicago Press - 1933.

__Wette:__

1. Wet Gevangenisse en Verbeteringskole - Wet. No.13 van 1911.
2. Kinderbeskermingwet - Wet No. 25 van 1913.
3. Die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937.

Willemse, W.A. The Road to the Reformatory - (South African Council for Education & Social Research).